

# DIE WEGRAPING

PASTOOR FRANCOIS JOUBERT

# INHOUD

INLEIDING. BL. 4
1.TERMINOLOGIE VAN DIE BYBEL. BL. 14
2.DIE GESKIEDENIS VAN DIE WEGRAPING. BL. 47
3.DIE AARDE NET VOOR DIE WEGRAPING. BL. 62
4.DANIEL SE 70 WEKE. BL. 70
5.BEWYSE DAT DIE WEGRAPING
IN OPENBARING 4:1 PLAASVIND. BL. 77
6.MET WIE DEEL MATTHEUS 24-25?
DIE KERK OF ISRAEL? BL. 97
7.VERSE IN DIE NUWE TESTAMENT WAT
NA DIE WEGRAPING VERWYS. BL.113
8.TIEN VERSKILLENDE WEGRAPINGS IN
DIE BYBEL. BL.119
9.ANTWOORDE OP VERSKEIE
VRAE EN VERONDERSTELLINGS. BL.129
10.DIE WAARHEID OOR DIE TYD VAN
DIE HEIDENE. BL.165
11.DIE HEILIGE GEES EN DIE WEGRAPING. BL.169
12.WIE IS "HY" WAT NOU TERUGHOU? BL.175
13.DIE KERK EN DIE BOEK OPENBARING. BL.179
14.WAT IS DIE KWALIFIKASIES VIR DIE
WEGRAPING? BL.181

15. JOHN NELSON DARBY EN DIE WEGRAPING. BL.183

16. DIE WEGRAPING TEENOOR DIE HEERSKAPPY LERING. BL.224

17. DIE DIEF IN DIE NAG. BL.272

18. DIE SOGENAAMDE "VOOR-WRAAK WEGRAPING" BL.278

19. DIE WEGRAPING IN DIE OU TESTAMENT. BL.286

20. AGTERGELAAT: DIE WÊRELD SE REAKSIE OP DIE WEGRAPING. BL.299

# INLEIDING

*Met die woord **"wegraping"** word bedoel:*

***"Die wegneem van die kerk van Christus uit hierdie aarde uit, om die Here in die lug te ontmoet."***

*Die gebeurtenis word duidelik in die Bybel geleer en is nie 'n uitvindsel van een of ander slim Professor nie. Die leer van die Wegraping is verkondig vanaf die tyd van die Apostels en het nie later eers op die toneel verskyn nie. Die on-Bybelse leerstellings wat vandag heerskappy voer dat daar nie 'n wegraping is nie het ontstaan ongeveer 300 jaar na Christus. Die rede hoekom daar nou al meer geglo word dat daar nie 'n wegraping is nie, is omrede die verkondigers van die Wegraping deur die jare die fout gemaak het om die dag en datum te voorspel waarop die Wegraping sou plaasvind. Dit het egter nie so uitgewerk nie, omrede ons nie die dag en die datum kan bepaal nie. Die foute wat hierdie leraars gemaak het, maak die lering van die Wegraping egter nie on-Bybels nie. Die woord van die Here staan vas, ongeag die sienings en verdraaiings van die mens. Ek glo dat die volgende gebeurtenis op die kalender van die kerk is die Wegraping. Ons as gelowiges moet ons nou reeds deeglik daarvoor voorberei en sorg dat ons kanne vol van olie is. Die rede van die skryf van hierdie boekie is om die kerk van die Here gereed te maak vir die koms van die Here.*

*Ons lees van hierdie heuglike gebeurtenis in die volgende verse;*

***1 THESSALONICENSE 4:13-17.***

***"Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde."***

***PREACHER'S HOMILETICAL***

*1Th_4: 17. Sal vasgevang word. -Die idee wat deur die woord oorgedra word, is die skielike of gewelddadige wegruk, soos toe die vurige boodskappers die profeet Elia weg geneem het, of soos toe Paulus tot by die derde hemel weggeruk was.* (vry vertaal)

*Ons verwys na hierdie* ***"caught up"*** *as die wegraping.*

*1 KORINTHIËRS 15:51-58.*

***"Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word. En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning. Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning? Die angel van die dood is die sonde, en die krag van die sonde is die wet. Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus. Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie."***

***FILIPPENSE 3:20-21.***

***"Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp."***

***LUKAS 21:34-36.***

***"Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon. Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan."***

*Wanneer ons eerlik na hierdie Skrifte en vele ander kyk, dan moet ons erken dat daar definitief 'n gebeurtenis soos die Wegraping moet wees. Daar gaan beslis 'n oomblik in tyd wees waar die Here gaan neerdaal om die dode en lewende wat in Hom glo bymekaar te maak en te neem waar Hy is. Iemand wat nie in die wegraping glo nie se wederkoms siening is ook nie volgens die Bybel nie. Dit beïnvloed ook sy siening oor die res van die Bybel. Die persone wat nie glo in die wegraping nie, het 'n geestelike siening van die Bybel.*

*Met ander woorde hulle glo dat 'n mens die Bybel geestelik moet vertolk en nie letterlik moet op neem nie. So 'n siening lei gewoonlik na dwaallere en snaakse sienings. 'n Mens kan deur die geestelike siening enige iets in die Bybel in lees wat na jou smaak is. Wanneer 'n mens egter die Bybel opneem as letterlik –* ***met ander woorde, wat daar staan is wat daar bedoel word*** *– kan 'n mens nie 'n fout maak nie. Dit is die enigste metode om die Bybel te verklaar. 'n Mens neem die Bybel letterlik waar dit moontlik is. Wanneer dit nie moontlik is om die Bybel letterlik te neem nie, dan eers word dit vergeestelik. Daar word verwys na die wegraping as die* ***"koms van die Here",*** *maar nooit as die wederkoms nie. Die wegraping is ook nie die eerste fase van die wederkoms nie. Met die wegraping kom Christus vir Sy kerk, maar net tot in die wolke, nie tot op die aarde nie. Met die wederkoms kom Christus saam met Sy heiliges tot op die aarde waar Hy Sy voet op die Olyfberg gaan neersit. 'n Mens moet die Bybel deeglik bestudeer en hom toelaat om hom self te verduidelik. Wanneer skrifte met mekaar verbind word wat glad nie met mekaar te doen het nie, dan word alles deurmekaar gegooi en sodoende kom daar verkeerde en soms belaglike sienings. Die wegraping is uitsluitlik 'n Nuwe Testamentiese leerstelling en kom nie in die Ou Testament voor nie.*

Daarteenoor is die wederkoms 'n duidelike leerstelling van die beide die Ou en die Nuwe Testament. Dit is een van die hooftemas van die Ou Testament. Die profete van die Ou Testament het nie die tydperk van die Kerk gesien nie. Hulle het net gesien dit wat te doen gehad het met die Joodse volk tot by die wederkoms. As ons die duidelike onderskeid sien tussen die wederkoms en die wegraping in die Bybel en nie die twee gebeure se skrifte met mekaar verwar nie, sal elkeen duidelik word en verstaanbaar wees vir almal. Vêrder moet ons verstaan dat die heiliges met die wegraping wat die Here tegemoetgaan in die lug, nie in die lug gaan bly nie. Dit is duidelik uit verskillende skrifte dat die heiliges van die wegraping vir 'n periode van 7 jaar in die hemel saam met Christus sal wees. Baie predikers spot wanneer 1 Tessalonisense 4 gebruik word om die wegraping te bewys. Hulle sê dat dit nie na die wegraping kan verwys nie, omrede ons net gaan tot in die lug. Dit openbaar net 'n oppervlakkige Skrif kennis. 'n Mens kan nie 'n leerstelling bou op net een Skrif nie, dit moet bewys en onderhou word deur ander skrifte in die Bybel. Kom ons kyk na ander skrifte wat daar op dui dat die weggerapenes van 1 Thessalonicense 4 wel in die hemel is.

***2 KORINTHIËRS 5:9-10.***

***"Daarom lê ons ons ook ywerig daarop toe, of ons inwoon of uitwoon, om Hom welbehaaglik te wees. Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad."***

***OPENBARING 19:1-10.***

***"En ná hierdie dinge het ek iets soos 'n groot stem van 'n groot menigte in die hemel gehoor wat sê: Halleluja, die heil en die heerlikheid en die eer en die krag aan die Here onse God! Want sy oordele is waaragtig en regverdig; want Hy het die groot hoer geoordeel wat die aarde met haar hoerery verderf het, en Hy het die bloed van sy diensknegte op haar gewreek. En vir die tweede maal het hulle gesê: Halleluja! En haar rook gaan op tot in alle ewigheid. En die vier en twintig ouderlinge en die vier lewende wesens het neergeval en God aanbid wat op die troon sit, en gesê: Amen, Halleluja! En 'n stem het uit die troon uitgegaan en gesê: Prys onse God, al sy diensknegte, en julle wat Hom vrees, klein en groot! En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar.***

***Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges. Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God. En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie."***

*Gedurende die tydperk, na die wegraping, vind die Regterstoel oordeel plaas in die hemel. Dit is 'n duidelik bewys dat ons nie iewers soos spoke in die lug hang nie, maar wel hemel toe geneem is. Vêrder kom die Here terug na die aarde vanuit die hemel en nie vanuit die lug nie.*

*OPENBARING 19:11-21.*

***"Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self.***

***En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here. En ek het een engel sien staan in die son; en hy het met 'n groot stem uitgeroep en vir al die voëls gesê wat in die middel van die lug vlieg: Kom hierheen en versamel julle tot die maaltyd van die grote God, dat julle kan eet die vlees van konings en die vlees van owerstes oor duisend en die vlees van sterkes en die vlees van perde en van die wat daarop sit, en die vlees van almal, vrymense sowel as slawe, klein sowel as groot. En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër. En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het.***

***Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees."***

*Dit is dis duidelik uit die skrifte dat die wegraping voor die groot verdrukking plaasvind en die wederkoms na die groot verdrukking. Eers kom Christus vir Sy heiliges en dan kom Christus met Sy heiliges. Om hierdie leerstelling en sy plek in die eind gebeure te verstaan is dit noodsaaklik dat ons die terminologie van die Bybel rondom hierdie gebeurtenis verstaan. Wanneer ons weet wat die Bybel bedoel met die terme wat gebruik word, dan kan ons nie die gebeurtenisse verkeerd verstaan nie. Dis wanneer ons, ons eie uitleg aan hierdie woorde gee en die uitspraak van die woord veronagsaam dat ons begin dwaal en met allerhande snaakse teorieë vorendag kom. Sodra ons hierdie terme vergeestelik beweeg ons weg van die waarheid van die woord van die Here af.*

# 1.TERMINOLOGIE VAN DIE BYBEL.

## 1.DIE WEGRAPING.

*Die woord "**wegraping**" beteken doodeenvoudig die verplasing van iets of iemand van een plek na die ander. Die woord kom nie in die Bybel voor nie, maar daar is verskeie woorde wat gebruik word wat die selfde betekenis het as die woord wegraping. In die volgende skrif word die woord "**weggevoer**" gebruik.*

***1 THESSALONICENSE 4:17.***

***"Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees."***

***KING JAMES MET STRONGS.***

***17 Then G1899 we G2249 which G3588 are alive G2198 and remain G4035 shall be caught up G726 together G260 with G4862 them G846 in G1722 the clouds G3507 , to G1519 meet G529 the Lord G2962 in G1519 the air G109 : and G2532 so G3779 shall we G2071 ever G3842 be G2071 with G4862 the Lord G2962***

**STRONGS HEBREW AND CREEK DICTIONARIES.**

*G1519 εἰςeis (eis) prep.to of in (aanduiding van die punt bereik of ingevoer), van plek, tyd (figuurlik) na of in 'n doel (resultaat, ens.) {Ook in bywoordse frases;*

*Dikwels gebruik in samestelling met dieselfde algemene invoer, maar slegs met werkwoorde (ens.) Wat beweging uitdruk (letterlik of figuurlik)} ['n primêre voorsetsel] KJV: (oorvloedige) ly teen, soos, ) wyk voor, deur, met betrekking tot + voortdurende, + veel meer oorskry, vir (bedoeling, doel), voor, + verder, in (onder, tot, tot, soveel dit, tot), met die bedoeling dat , + van een gedagte, + nooit, van (op-) op, + vergaan, + weer ingestel op (so) dit, dus (tot), dwarsdeur tot, om die einde te wees ), (hier-) tot (- tot), ... wyk, (waar-) voor, met (vry vertaal).*

*Die **"Lexham English Bible"** gebruik die woorde **"snatched away".***

***17"Then we who are alive, who remain, will be snatched away at the same time together with them in the clouds for a meeting with the Lord in the air, and thus we will be together with the Lord always."***

*Die woord **"weggeruk"** word gebruik in 2 Korinthiërs 12:4.*

***2 KORINTHIËRS 12:4.***

***"dat hy weggeruk is in die Paradys en onuitspreeklike woorde gehoor het wat 'n mens nie mag uitspreek nie."***

Die woorde *"kom op hierheen"* word ook gebruik.

**OPENBARING 4:1 .**

***"Ná hierdie dinge het ek gesien kyk, 'n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur."***

**OPENBARING 11:12.**

***"En hulle het 'n groot stem uit die hemel vir hulle hoor sê: Kom op hierheen! En hulle het opgevaar na die hemel in die wolk, en hul vyande het hulle aanskou."***

**BARNES KOMMENTAAR.**

*Sal vasgevang word - Die woord wat hier gebruik word, impliseer dat daar die toepassing van eksterne krag of krag sal wees wat dit sal doen. Dit sal nie wees deur enige opwaartse krag wat hulle self sal hê nie; of deur enige neiging van hul opgewekte of veranderde liggame om vanself te klim of selfs deur enige poging van hul eie wil,maar deur 'n krag toegepas op hulle wat hulle sal laat opstaan. Vergelyk die gebruik van die woord ἁρπάζω harpazo in Mat_11: 12, "die gewelddadige neem dit met geweld;" Mat.13: 19, "dan kom die goddelose en snuif weg" Joh. 6:15, "dat hulle hom sou kom haal. krag; Joh. 10: 12, "die wolf vang hulle;" Hand. 8: 39, "het die Gees van die Here Philip weggevoer; 2Co 12: 2, "so 'n een het tot by die derde hemel betrap;" ook Joh. 12: 28-29;*

*Act_23: 10;Jud_1: 23; Rev_12: 5. Die werkwoord kom nie elders in die Nuwe Testament voor nie. In al hierdie gevalle is daar die idee dat óf 'n vreemde krag of geweld die gevolge sal bewerkstellig. Watter krag of krag moet toegepas word om die lewende en die dood te laat styg, word nie uitgedruk nie. Of dit deur die bediening van engele of deur die direkte krag van die Seun van God moet wees, word nie voorgestel nie, alhoewel laasgenoemde waarskynlik die mees waarskynlike is. Die woord moet egter nie uitgelê word nie. As implisiet sal daar enige onwilligheid wees vir die deel van die heiliges om voor die Verlosser te verskyn, maar bloot met verwysing na die fisiese feit dat mag nodig sal wees om hulle te verhef om hom in die lug te ontmoet. Sal hulle, liggame dan so wees dat hulle die krag van voortbeweging van die plek tot plek sal hê?* (vry vertaal).

*Wanneer ons dus die terme **"wegraping"** gebruik word daar net bedoel dat die kerk van die aarde af gaan beweeg na die lug toe om Jesus Christus tegemoet te gaan. Vandaar gaan hulle saam met Hom na die planeet Hemel toe om hulle plek in die hemel in te neem. Wanneer ons die woord wegraping gebruik word daar nie na die wederkoms van Christus verwys nie. Die wegraping is 'n onafhanklik gebeurtenis en nie die eerste fase van die wederkoms nie. Die twee gebeurtenisse is met 'n sewe jaar tydperk geskei wat die groot verdrukking genoem word.*

## 2. TWEEDE KOMS.

*Die eerste koms van Christus was toe Hy na die aarde toe gekom het vir 'n spesifieke sending. Dit was meer as twee duisend jaar gelede om aan die kruis te sterf om te betaal vir ons sondes. Die **"tweede koms"** is wanneer Hy weer gaan terug kom aarde toe – **letterlik** – om weer hier te woon om nog 'n sending te volbring. Dit is om te kom regeer as Koning van die aarde.*

***MATTHEUS 25:31-46.***

***"En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei; en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit. Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af. Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My herberg gegee; Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom.***

Dan sal die regverdiges Hom antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee? En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee? En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom? En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen. Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie. Ek was 'n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie. Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of 'n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie? Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie. En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe."

*Die tweede koms is ongeveer sewe jaar na die wegraping waar Christus letterlik Sy voete op die Olyfberg gaan neersit en die regering van hierdie aarde gaan oorneem.*

***SAGARIA 14:4-5.***

***"En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide. En julle sal vlug in die dal van my berge—want die dal van die berge sal loop tot by Asal—en julle sal vlug soos julle gevlug het vir die aardbewing in die dae van Ussía, die koning van Juda. Dan sal die HERE my God kom, al die heiliges met U!"***

***DANIEL 2:44-45.***

***"Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan— net soos u gesien het dat sonder toedoen van mensehande 'n klip van die berg af losgeraak het wat die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud verbrysel het.***

***Die grote God het aan die koning bekend gemaak wat hierna sal gebeur; en die droom is waar en sy uitlegging betroubaar."***

Christus kom nie tot op die aarde tydens die wegraping nie, Hy kom net tot in die lug. Tydens die wederkoms kom Hy tot op die aarde. Tussen die wegraping en die wederkoms word die 70ste week van Daniel vervul.

<u>DANIEL 9:24-27.</u>

***"Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf. Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee en sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. En ná die twee en sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings.***

***En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word."***

*Al die verskillende profetiese woorde in Daniel (word behandel in 'n vêrdere hoofstuk) moet eers vervul word voordat die wederkoms kan plaasvind. Die wegraping kan enige oomblik plaasvind, die wederkoms nie.*

## *3.DIE MILLENNIUM.*

*Die terme beteken 'n **"duisend jaar".** Hierdie is die eerste duisend jaar van al die jare wat nog gaan kom onder God se heerskappy. Dit is die tydperk wat Christus op aarde gaan regeer oor die nasies van die aarde.*

***OPENBARING 11:15.***

***"En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid"***

***<u>OPENBARING 20:1-10.</u>***

***"En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand. En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word. En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank. En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog,***

***om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid."***

SAGARIA 14:1-21.

***Kyk, daar kom 'n dag vir die HERE; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, o Jerusalem! Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie. En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide. En julle sal vlug in die dal van my berge—want die dal van die berge sal loop tot by Asal—en julle sal vlug soos julle gevlug het vir die aardbewing in die dae van Ussía, die koning***

***van Juda. Dan sal die HERE my God kom, al die heiliges met U! En in dié dag sal daar geen lig wees nie, die sterre sal duister wees. En dit sal 'n enige dag wees wat aan die HERE bekend is—geen dag en geen nag nie; maar teen die aand sal dit lig word. En in dié dag sal daar lewende waters uit Jerusalem uitvloei, die een helfte daarvan na die Oostelike en die ander helfte daarvan na die Westelike See; somer en winter sal dit so wees. En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die HERE een wees, en sy Naam een. Die hele land sal soos die Vlakte word, van Geba tot by Rimmon, suid van Jerusalem; maar Jerusalem self sal hoog wees en woon op sy plek, van die poort van Benjamin af tot by die plek van die vorige poort, tot by die Hoekpoort, en van die toring Hanáneël tot by die parskuipe van die koning. En hulle sal daarin woon, en daar sal geen banvloek meer wees nie, en Jerusalem sal in veiligheid woon. En dit sal die plaag wees waarmee die HERE al die volke sal tref wat opgetrek het om teen Jerusalem te veg: Hy sal hulle vlees laat wegteer, terwyl hulle nog op hul voete staan; en hulle oë sal wegteer in hulle holtes, en hulle tong wegteer in hulle mond. En in dié dag sal 'n groot verwarring van die HERE onder hulle kom, sodat die een die hand van die ander sal gryp, en die hand van die een hom sal verhef teen die hand van die ander.***

***En Juda sal ook in Jerusalem veg, en die rykdom van al die nasies rondom sal ingesamel word: goud en silwer en klere—'n groot hoeveelheid. En soos hierdie plaag is, sal die plaag wees van die perde, die muile, die kamele en die esels en van al die diere wat in daardie laers is. En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier. En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërskare, te aanbid nie—hulle sal geen reën kry nie. En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie. Dit sal die straf van Egipte wees en die straf van al die nasies wat nie optrek om die huttefees te vier nie. In dié dag sal op die klokke van die perde staan: Heilig aan die HERE! En die potte in die huis van die HERE sal wees soos die komme voor die altaar."***

## 5.DIE UITVERKORENES.

*Die woord beteken doodeenvoudig net dat iemand of iets uitverkies is. Enige iemand of groep wat deur God geroep word is **"uitverkies".***

*Ons kry verskillende uitsprake in die Bybel wat verwys na iemand of 'n groep wat uitverkies is. Die woord* ***"uitverkies of uitverkorene"*** *sê nie vir ons spesifiek van wie gepraat word nie. Ons moet dit uit die konteks waar die woord gebruik word aflei.*

## 6.NUWE TESTAMENT KERK.

*Wanneer daar gepraat word van die* ***"Nuwe Testamentiese Kerk"*** *word daar gepraat van alle wedergebore persone vanaf die oomblik die kerk begin tot en met die wegraping.*

***MATTHEUS 16:18.***

***"En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie."***

***EFESIËRS 2:19-21.***

***"So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees."***

## 7.OU-TESTAMENTIESE HEILIGES.

*Met hierdie term word bedoel al die gereddes van alle tye vanaf Abel tot met die stigting van die Nuwe Testament Kerk aan die begin van die eerste koms van Jesus Christus.*

***PSALM 16:3.***

***"Maar aangaande die heiliges wat op die aarde is, sê ek: Hulle is die heerlikes in wie al my behae is."***

***DANIEL 4:7.***

***"Op 'n besluit van die bodes berus die bevel, en 'n woord van die heiliges is die saak, met die bedoeling dat die lewendes kan erken dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil, en die nederige onder die mense daaroor aanstel."***

(SIEN OOK HEBREËRS 11:1-40.)

## 8.DIE TOEKOMSTIGE VERDRUKKING.

*Hierdie term verwys na n toekomstige tydperk van 7 jaar op aarde waar die antichris sal regeer en God die wêreld met Sy oordele sal besoek. 'n Tydperk waar die hoër van Openbaring 17 die kinders van die Here wat gered is na die wegraping gaan vermoor. Dit gaan gebeur gedurende die eerste drie en 'n half jaar van die 7 jaar.*

*In die tweede helfte van die 7 jaar gaan die antichris die heiliges vervolg en vermoor. Hierdie tydperk word ook Daniel se 70ste week genoem.*

***DANIEL 9:27.***

***"En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word."***

*Gedurende die eerste helfte van die 7 jaar gaan die anti-chris opgang maak in mag oor die tien koninkryke binne die ou Romeinse koninkryk. Gedurende die laaste helfte van die 7 jaar sal hy regeer oor hierdie tien koninkryke. Ons noem hierdie tydperk die Groot Verdrukking omrede dit die donkerste deel van die wêreld se geskiedenis sal wees.*

## *9. DIE HEILIGES VAN DIE GROOT VERDRUKKING.*

*Hierdie "heiliges" is die groep wat die wegraping gemis het en tydens die verdrukking die Here aangeneem het. Hulle is diegene wat gaan sterf, sonder uitsondering, gedurende die tydperk tussen die wegraping en die wederkoms.*

***OPENBARING 6:9-11.***

***"En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie? En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees. En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?"***

***OPENBARING 7:9-17.***

***"Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande; en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam! En al die engele het rondom die troon en die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan, en hulle het voor die troon op hulle aangesig neergeval en God aanbid en gesê: Amen! Die lof en die heerlikheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen. Toe het een van die ouderlinge gespreek en vir my gesê: Hulle wat bekleed is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom? En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam. Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan. Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie; want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee."***

# 10.DIE 144 000 JODE.

*Die 144 000 Jode is n groep gelowiges uit die nasie Israel wat die wegraping gemis het en in die verdrukking gered is. Hulle word verseël vir beskerming van die 7 trompet oordele. Hulle sal weggeraap word na God se troon as die kind van Openbaring 12:5. Hulle is in die hemel gedurende die laaste helfte van die 7 jaar.*

***OPENBARING 7:1-8.***

***"En ná hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie. En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie. En ek het die getal van die verseëldes gehoor: honderd vier en veertig duisend verseëldes uit al die stamme van die kinders van Israel uit die stam van Juda twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Ruben twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Gad twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Aser twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Náftali twaalf***

***duisend verseëldes; uit die stam van Manasse twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Símeon twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Levi twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Issaskar twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Sébulon twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Josef twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Benjamin twaalf duisend verseëldes."***

***<u>OPENBARING 9:4.</u>***

***"En aan hulle is gesê dat hulle nie die gras van die aarde of enige groenigheid of enige boom moet beskadig nie, maar net alleen die mense wat die seël van God nie op hulle voorhoofde het nie."***

***<u>"OPENBARING 12:5</u>.***

***En sy het 'n manlike kind gebaar, wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon."***

***<u>OPENBARING 14:1-5.</u>***

***"En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd vier en veertig duisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe. En ek het 'n geluid uit die hemel gehoor soos die geluid van baie waters en soos die geluid van 'n harde donderslag, en ek het die geluid gehoor van siterspelers wat speel op hulle siters.***

***En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd vier en veertig duisend wat van die aarde vrygekoop is. Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein; dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge vir God en die Lam. En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek voor die troon van God."***

## *11.EINDE VAN DIE WÊRELD.*

*Hierdie verwys na die einde van die eeu waarin ons nou leef. Hierdie eeu eindig met die wederkoms van Christus.*

*MATTHEUS 13:39-50.*

***"en die vyand wat dit gesaai het, is die duiwel. Die oes is die voleinding van die wêreld, en die maaiers is die engele. Net soos die onkruid dan bymekaargemaak en met vuur verbrand word, so sal dit wees in die voleinding van hierdie wêreld: die Seun van die mens sal sy engele uitstuur, en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen, en sal hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande. Dan sal die regverdiges skyn soos die son in die koninkryk van hulle Vader.***

***Wie ore het om te hoor, laat hom hoor. Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n skat wat verborge is in die saailand, wat 'n man kry en wegsteek; en uit blydskap daaroor gaan hy en verkoop alles wat hy het, en koop daardie saailand. Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n koopman wat mooi pêrels soek; en toe hy een baie kosbare pêrel kry, gaan hy weg en verkoop alles wat hy het, en koop dit. Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n net wat in die see gegooi word en van elke soort bymekaarbring; en as dit vol geword het, trek hulle dit op die strand uit en gaan sit en maak die goeies in bakke bymekaar, maar gooi die slegtes weg. So sal dit wees in die voleinding van die wêreld: die engele sal uitgaan en die slegte mense onder die regverdiges uit afskei en hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande."***

## 12.DIE GRUWEL VAN DIE VERWOESTING.

*Hierdie terme staan beter bekend as* ***"Abomination of Desolation".*** *Dit sal gebeur wanneer die antichris sy 7 jaar verbond met Israel verbreek en wegdoen met die offers van Israel en dan in die tempel ingaan en verklaar dat hy God is.*

***<u>MATTHEUS 24:15-22.</u>***

***"Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom —laat hy wat lees, oplet— dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug; wie op die dak is, moet nie afkom om iets uit sy huis weg te neem nie; en wie op die land is, moet nie omdraai om sy klere weg te neem nie. Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog, in daardie dae. En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie. Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word."***

***<u>OPENBARING 11:1-2.</u>***

***"En 'n riet soos 'n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid. Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee en veertig maande lank vertrap."***

***2 THESSALONICENSE 2:1-4.***

***"Maar ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms van onse Here Jesus Christus en ons vereniging met Hom, om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie—deur gees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees—asof die dag van Christus al daar is. Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is."***

## 13.OORDEEL VAN DIE NASIES.

*Hierdie is die versameling van die natuurlike nasies by die tweede koms van Christus om te oordeel wie is waardig om in te gaan na die koninkryk van Christus op aarde. Die nasies wat teen Israel opgetree het sal nie die koninkryk op aarde binne gaan nie. Die wat saam met Israel gestaan het sal wel binne gaan.*

***MATTHEUS 25:31-46.***

***"En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke***

***afskei; en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit. Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af. Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My herberg gegee; Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom. Dan sal die regverdiges Hom antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee? En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee? En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom? En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen. Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie. Ek was 'n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie.***

***Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of 'n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie? Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie. En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe."***

<u>DANIEL 7:9-14.</u>

***"Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur; 'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend maal duisende het Hom gedien, en tien duisend maal tien duisende het voor Hom gestaan; die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen. Ek het toe bly kyk vanweë die stem van die groot woorde wat die horing gespreek het; ek het bly kyk totdat die dier gedood en sy liggaam vernietig en aan die verbranding deur vuur oorgegee is. Ook aan die ander diere is hulle heerskappy ontneem, en verlenging van die lewe is aan hulle gegee tot op tyd en uur. Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom.***

*En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie."*

*SAGARIA 14:16-21.*

*"En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier. En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërskare, te aanbid nie—hulle sal geen reën kry nie. En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie. Dit sal die straf van Egipte wees en die straf van al die nasies wat nie optrek om die huttefees te vier nie. In dié dag sal op die klokke van die perde staan: Heilig aan die HERE! En die potte in die huis van die HERE sal wees soos die komme voor die altaar. Ja, al die potte in Jerusalem en Juda sal aan die HERE van die leërskare heilig wees; en almal wat wil offer, sal kom en daarvan neem en daarin kook; en in dié dag sal daar geen Kanaäniet in die huis van die HERE van die leërskare meer wees nie."*

***<u>OPENBARING 11:15.</u>***

***"En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid."***

## 14. DANIEL SE SEWENTIGSTE WEEK.

*Hierdie verwys na die laaste 7 jaar op aarde waartydens die antichris op aarde sal wees en die groot verdrukking sal plaasvind.*

***<u>DANIEL 9:24-27.</u>***

***"Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf. Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee en sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. En ná die twee en sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom;***

***en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings. En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word."***

## 15.DIE ANTICHRIS.

*Hierdie term verwys na die man wat binnekort sal verrys na mag en oor die tien koninkryke binne die ou Romeinse grense sal regeer tydens die laaste 7 jaar op aarde. Hy sal genoem word die antichris omrede hy openlik die teenstander van Christus sal wees. Hy sal teenwoordig wees gedurende al die gebeure wat die koms van Christus sal vooraf gaan.*

2 THESSALONICENSE 2:3-4.

***"Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is."***

## 16.DIE KONINKRYK VAN GOD OP AARDE.

Hierby word bedoel die letterlike koninkryk van Christus vir n 1000 jaar op aarde na die wederkoms.

## 17.ISRAEL EN JODE.

Die terme Israel en Jode verwys na die letterlike afstammelinge van Abraham, Isak en Jacob. Hulle vorm nou die nuwe nasie in Israel. Hulle is daar bymekaar gebring en het verskeie voorspellings in die Bybel vervul. Daar is honderde skrifte wat bewys dat Israel en die Jode dieselfde volk vandag is. Die term Israel en Jood word beide vir die selfde mense gebruik.

## 18.DIE WRAAK VAN GOD.

Wanneer ons praat van die wraak van God dan word daar bedoel die wraak wat op die mensdom uitgestort gaan word met die begin van die sesde seël van Openbaring 6:12-17. Hierdie wraak loop dwarsdeur die groot verdrukking tot en met die laaste sewe weë.

## 19.DIE DAG VAN DIE HERE.

Hiermee word bedoel die letterlike dag wat Jesus Christus gaan kom om saam met Sy heiliges op aarde te regeer. Dit sal Sy dag van regering wees en nie meer die mens se regering nie.

***SAGARIA 14:1-9.***

***"Kyk, daar kom 'n dag vir die HERE; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, o Jerusalem! Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie. En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide. En julle sal vlug in die dal van my berge—want die dal van die berge sal loop tot by Asal—en julle sal vlug soos julle gevlug het vir die aardbewing in die dae van Ussía, die koning van Juda. Dan sal die HERE my God kom, al die heiliges met U! En in dié dag sal daar geen lig wees nie, die sterre sal duister wees. En dit sal 'n enige dag wees wat aan die HERE bekend is—geen dag en geen nag nie; maar teen die aand sal dit lig word.***

***En in dié dag sal daar lewende waters uit Jerusalem uitvloei, die een helfte daarvan na die Oostelike en die ander helfte daarvan na die Westelike See; somer en winter sal dit so wees. En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die HERE een wees, en sy Naam een."***

*Die dag van die Here is 'n dag van wraak vir die lewendige sondaars.*

***<u>JESAJA 1:24-31</u>.***

***"Daarom spreek die Here HERE van die leërskare, die Magtige van Israel: o Wee, Ek sal vir My voldoening verskaf van my teëstanders en My wreek op my vyande! En Ek sal my hand teen jou uitstrek en jou skuim soos met loog uitsuiwer en al jou looddele wegneem. En Ek sal jou weer regters gee soos vroeër en raadsmanne soos in die begin; daarna sal jy 'n stad van geregtigheid, 'n getroue vesting genoem word. Sion sal deur strafgerig verlos word en die van hom wat terugkeer, deur geregtigheid. Maar daar sal verbreking wees van die oortreders en die sondaars almal saam; en die wat die HERE verlaat, sal omkom. Want hulle sal in die skande kom weens die terpentynbome waar julle behae in het, en julle sal rooi van skaamte word oor die tuine wat julle verkies het.***

***Want julle sal wees soos 'n terpentynboom waarvan die blare verdor, en soos 'n tuin wat geen water het nie. En die sterke word tot vlas en sy werk tot 'n vonk, en hulle sal altwee tesame brand sonder dat iemand uitblus."***

*Die dag van die Here begin met die wederkoms van Christus en hou aan tot met die end van die 1000 jaar waar die nuwe hemel en aarde die oues gaan vervang.*

*2 PETRUS 3:10-13.*

***"Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand. Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? — julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt. Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon."***

# 2.DIE GESKIEDENIS VAN DIE WEGRAPING.

*Die teenstanders van die wegraping leerstelling van die Bybel kom met die volgende argument na vore. Daar word gesê dat die teorie van die wegraping deur John Darby geskep en ontwikkel is in die middel van die 1800 en dat ons glad nie daarvan lees voor hierdie tyd nie. Dus beteken dit dat hierdie lering of teorie nie eers 200 jaar oud is nie, en dus nie Bybels nie. As dit Bybels was sou Christene voor hierdie datum daarvan geweet het. Die teenstanders van die wegraping gee voor dat daar geen bewyse van die lering is voor die tyd van Darby nie. Bogenoemde redenasie getuig daarvan dat die teenstanders van die wegraping onkundig is oor wat die kerk geskiedenis werklik oor hierdie onderwerp te sê het. Die waarheid is dat daar genoeg bewyse voor Darby se tyd bestaan om sonder enige twyfel die egtheid van die lering van die wegraping te bewys.*

## 1.WAT SÊ DIE KERKVADERS?

*Die vroegste dokumente van die vroeër kerk, insluitende die Nuwe Testament, weerspieël 'n duidelike pre-millennialism. Dit beteken dat daar 'n verwagting van 'n 1000 jaar vrederyk was.*

***'n Vrederyk wat nog in die toekoms lê.***

*Alhoewel bogenoemde duidelik is, is die plek van die wegraping in verhouding met die verdrukking nie baie duidelik nie. Wat ons moet onthou is dat met die begin van die kerk van Jesus Christus, die teologie nog nie behoorlik ontwikkel was nie. Die volgelinge van Jesus het net die wet en die profete gehad en dit wat Jesus vir hulle nagelaat het. Kort daarna het die evangelies ontstaan, en later het die ander briewe van die ander skrywers by gekom en met die tyd het die teologiese leerstellings begin ontwikkel. Dit was veral waar van die profetiese dele van dit wat nog nuut vir die groeiende kerk was. Dit is nie maklik om duidelike uitsprake oor hierdie onderwerp (voor-verdrukking wegraping) by die kerkvaders te vind nie, hoewel daar tekens van hierdie leerstelling by hulle aanwesig is. Wanneer ons die werke van die volgende kerkvaders deeglik ondersoek dan sien ons dat hulle oorwegend chiliaste (premillennialism) is.*

**Duidelik voorbeelde vind ons in:**

**1.Barnabas** = *ca.100-105.* **2.Papias** = *ca.60 – 130.*
**3.Justin Martyr** = *110-165.* **4.Irenaeus** = *120-202*
**5.Tertullian** = *145-220.* **6.Hippolytus** = *185-236.*
**7.Cyprian** = *200-250.* **8.Lactantius** = *260-330.*

*Die vroeëre kerkvaders het almal geglo in die spoedige wederkoms van Christus en dat die verdrukking van die christene die wederkoms sal vooraf gaan.*

*Die geloof in die spoedige wederkoms van Christus is 'n sentrale deel van die leerstelling van die **"voor-verdrukking wegraping."** Die vroeëre Apostoliese Vaders het ook geglo in die spoedige wederkoms van Jesus Christus.*

1. ***Clement of Rome*** *= 90-100.*
2. ***Ignatius of Antioch*** *= 98-117.*
3. ***Die Didache*** *= 100-160.*
4. ***Die Evangelie van Barnabas*** *= 117-138.*
5. ***Die Herder van Hermas*** *= 96-150.*

Die **Herder van Hermas** skryf die volgende.

"U het ontsnap uit groot verdrukking vanweë u geloof en omdat u nie in die teenwoordigheid van so 'n dier twyfel nie. Gaan dan aan die uitverkorenes van die Here sy magtige dade en sê vir hulle dat hierdie dier 'n soort groot verdrukking is wat kom. As julle dan julself voorberei en berou het met julle hele hart en tot die Here bekeer, sal dit moontlik wees dat julle dit kan ontvlug as julle hart rein en vlekkeloos is en julle die res van die dae van julle lewe deurbring die Here onberispelik." (1.4.2).(vry vertaal).

*Daar kan egter nie duidelike bewyse gevind word uit die werke van die kerkvaders aangaande die wegraping nie, maar ons kan die volgende afleidings uit hierdie werke doen.*

1.Hulle het 'n letterlike wederkoms verwag met die 1000 jarige vrederyk wat direk daarop sal volg.
2.Hulle glo in die spoedige wederkoms van Christus met hier en daar verwysings na voor-verdrukking teologie.
3.Hulle was verdruk deur die Roomse regering, maar het nooit daarna verwys as die Groot Verdrukking nie.

**Larry Crutchfield** sê die volgende;
*"Hierdie siening van die vaders in die nabye toekoms, en in sommige verwysings om die tyd van die Verdrukking te ontsnap, vorm wat genoem kan word, om Erickson aan te haal," sade waaruit die leer van die pretribulasionele wegraping ontwikkel kan word ..."het dit gehad Nie vir die droogte in die klank-eksegese, wat deur die Alexandriese allegorisme en later deur Augustinus gebring is nie, wonder ons watter soort oes daardie sade sou kon lewer - lank voor JNDarby en die negentiende eeu."* (p.77)(vry vertaal)

## 2.DIE DONKER EEUSE KERK.

Die periode tussen Augustine en die Hervorming was hoofsaaklik gedomineer deur die teologie en siening van Augustine. Sy siening oor die kerk en sy vergeesteling van die toekomstige gebeure soos die vrederyk het veroorsaak dat daar weinig gelees kan word oor die letterlike vertolking van die gebeure, behalwe sporadiese oplewings.

**Ephraem of Nisibis.**

Ephraem was 'n geweldige belangrike skrywer van daardie tyd. Hy was ook bekend as Pseudo Ephraem. Hy was een van die groot teoloë van sy tyd in die vroeëre Oosterse (Byzantine) kerk. Sy belangrike boodskap **"On the Last Times, the Antichrist and the End of the World"** (ca.373) verklaar die volgende; "Al die heiliges en uitverkorenes van God is versamel voor die verdrukking wat kom, en word na die Here geneem sodat hulle nie die verwarring kan sien wat die wêreld oorweldig vanweë ons sondes nie." (vry vertaal)

In hierdie boodskap ontwikkel hy 'n duidelike Bybelse eskatologie, insluitend 'n duidelike verskil tussen die wegraping en die wederkoms van Christus. Dit beskryf die spoedige wegraping gevolg deur die verdrukking en die regering van die antichris, gevolg deur die koms van Christus en die vernietiging van die antichris. Sy siening sluit in 'n verhandeling van Daniel se 70ste week.

**Codex Amiatinus. (ca.690-716).**

Hierdie belangrike Latynse manuskrip van Engeland was aanbeveel deur Abbot Ceolfrid aan die kloosters van Jarrow en Wearmouth in Northumberland. In die titel van Psalm 22 (23 in die Vulgaat) verskyn die volgende.

***"Psalm of David, the voice of the Church after being raptured."***

*Die Latynse frase **"post ratismum"** bevat 'n woord van die basis **"rapio"** wat die betekenis dra van **"to snatch, or hurry away."** Die titel is nie oorgedra vanaf Jerome's Vulgaat nie en is dus moontlik die produk van die Jarrow klooster. Dit lyk dus asof hierdie middeleeuse manuskrip tekens dra van die voor verdrukking teologie gedagte.*

***Brother Dolcino. (d.1307).***

*n Onlangse studie van hierdie 14 eeuse teks **"The History of Brother Dolcino",** saamgestel deur 'n onbekende bron in 1316 onthul nog 'n belangrike voor-verdrukking gedeelte. As 'n leier van die Apostolic Brethren in noord Italië, het Broer Dolcino sy volgelinge deur baie moeilike tye tydens die Roomse vervolging gelei. Een van die groep het die volgende interessante gedeelte geskryf.*

*"Die Antichris het binne die grense van die genoemde drie en 'n half jaar in hierdie wêreld gekom; En nadat hy gekom het, sou hy (Dolcino) en sy volgelinge verander word in die Paradys, waarin Henog en Elia is. En op hierdie manier sal hulle ongedeerd bly van die vervolging van die Antichris. "* ***(vry vertaal).***

*Dit is duidelik dat die skrywer van hierdie gedeelte geglo het dat Broer Dolcino en sy volgelinge verplaas sou word vanaf hierdie aarde na die paradys. Hy druk sy geloof uit met die woorde* ***"transferrentur"*** *(translation).*
*'n Sinoniem vir die woord* ***"rapture".***
*Dolcino en sy volgelinge het in die berge gaan wag vir hulle verwydering uit hierdie wêreld uit met die koms van die Antichris. Daar word geglo dat die groepe soos die* ***"Albigenses"*** *en die* ***"Lombards"*** *en die* ***"Waldenses"*** *'n voor millennium verwagting gehad het. Daar is egter baie min oor hulle bekend want al hulle werke is deur die Katolieke Kerk vernietig.*

***Francis Gumerlock*** *skryf die volgende oor* ***Broer Dolcino.*** *"Die Dolicinites het aan 'n pre-verdrukking-wegrapingsteorie geglo wat soortgelyk is aan die moderne dispensationalisme."*

*Die waarde van hierdie voorafgaande aanhalings is dat hulle bewys dat die wat reken dat die teorie van die wegraping nie bestaan het voor 1830 nie, verkeerd is. Lank voor Darby en 1830 was daar al reeds sterk getuienis van die lering van die wegraping.*

***Gumerlock (p.361)*** *gaan voort om te sê;*
*"Hierdie paragraaf uit die geskiedenis van broer Dolcino dui daarop dat in die noorde van die vroeë veertiende eeu in Noord-Italië 'n leer wat baie soortgelyk aan die moderne pretribulasionalisme gepreek is.*

*Hy reageer op ontstellende politieke en kerklike toestande. Dolcino was besig met gedetailleerde bespiegelings oor eskatologie en het geglo dat die koms van die Antichris nader gekom het. Hy het ook geglo dat die wyse waarop die Here die heiliges sal bewaar teen die vervolging van die Antichris is deur 'n verskuiwing van die heiliges van die aarde na die paradys.*

## 3. DIE HERVORMING.

Na meer as 'n 1000 jaar van onderdrukking het premillennialisme weer na die oppervlakte gekom as gevolg van verkillende faktore. Eerstens het die wegbreek van die hervormers van die Roomse Kerk hulle genoodsaak om terug te beweeg na die Bybel en die geskrifte van die kerkvaders. Dit het hulle blootgestel aan 'n ortodokse premillennialisme siening. Veral belangriker was die herverskyning van die volledige manuskrip van Irenaeus **"Against Heresies"** insluitend die laaste vyf hoofstukke, wat dui op 'n konstante **"futurisme"** siening en wat die 70ste week van Daniel in die toekoms plaas. Vêrder het hulle die meeste van die allegoriese sienings weerlê en 'n meer letterlike deling met die Bybel aanvaar, spesiaal wat aanbetref die grammatikale en historiese verklarings. Met hierdie uitbeweeg weg van die Roomse Kerk af het baie van hierdie Protestante te doen gekry met Jode en geleerde Hebreërs.

*Dit het mee gehelp dat hulle verstaan het watter skrifte in verband met Israel moet letterlik opgeneem word en watter allegories. Wat vêrder gehelp het met die verstaan van hierdie siening was die vertaling van die Bybel laat in die 15de eeu. Dit het 'n lees van die Bybel ontploffing veroorsaak. Dit het 'n algemene verstaan van die Bybel veroorsaak. Veral die verstaan van die Ou Testament vir die eerste keer in die geskiedenis van die kerk.*

***Joseph Mede (1586-1638).***

*Hy word oor die algemeen beskou as die vader van die Engelse premillennialisme. Hy was die skrywer van die werk "Clavis Apoclyptica (Key of the Revelation) in 1627". Hierin probeer hy om 'n uitleg van die Apokalips te gee, suiwer op innerlike konsiderasies. In hierdie werk bied hy premillennialisme op so 'n suiwer en korrekte manier aan dat sy werk groot teoloë deur die eeue heen geïnspireer het.*

***Increase Mather (1639-1723).***

*Hy was die president van Harvard College in 1685. Hy was ook 'n belangrike Puritan. In betrekking tot die wederkoms van Christus het hy geskryf aangaande die heiliges,* ***"be caught up in the air".***

Dis noodsaaklik dat die volgende ook aangehaal word.

**Paul Benware (pp.197-98).**

*Die Franse hervormer, Peter Jurieu, het in sy boek Approaching Deliverance of the Church (1687) geleer dat Christus in die lug sou kom om die heiliges weg te neem en terug te keer na die hemel voor die slag van Armagéddon. Hy het gepraat van 'n geheime wegraping voor sy wederkoms in tydens Armagéddon. Philip Doddridge se kommentaar op die Nuwe Testament (1738) en Jhon Gills se kommentaar op die Nuwe Testament (1748) gebruik beide die term wegraping en praat daarvan as byderhand. Dit is duidelik dat hierdie mans geglo het dat hierdie koms Christus se koms tot op die aarde en die tyd van oordeel sal voorafgaan. Die doelwit is om gelowiges van die tyd van oordeel te bewaar. James Macknight (1763) en Thomas Scott (1792) het geleer dat die regverdiges na die hemel gedra word, waar hulle veilig sal wees totdat die oordeel oor is.*

***Gill's New Testament Commentary.***

*1Th 4:17 En ons wat lewend en bly, .... Sien Gill op 1Th4: 15. sal vasgevang word; Skielik, in 'n oomblik, in 'n oogwenk en met krag en mag; deur die krag van Christus en deur die bediening en middel van die heilige engele; en watter wegraping sal bydra, om die eenheid wat die liggame beide die opgewekte en veranderende heiliges*

*sal hê: en hierdie wegraping van die lewende heiliges sal saam met hulle wees; met die dode in Christus sal dit dan opgewek word; sodat die een nie voor die ander sal wees nie, of die een sal vroeër by Christus wees as die ander; maar die een wat opgestaan het en die ander wat verander is, sal bymekaarkom in een geselskap en in die algemene vergadering, en in die wolke op geneem word; Dieselfde wolke miskien waarin Christus sal kom, sal hulle op te ; Dit sal die strydwaens wees, waarin hulle vir hom op geneem sal word;en so het ons 'n wolk ontvang soos 'n hemelwolk, en daardeur is hy uit die oë van die mense weg geneem, en in hierdie tyd sal al die heiliges in die wolke van die hemel opgeneem word;* (vry vertaal).

Die duidelikste weergawe van hierdie siening vind ons in die werke van Morgan Edwards (1722-1795). Hy het gepreek en geskryf oor 'n duidelike wegraping minstens drie en 'n half jaar voor die 1000 jaar vrede op aarde. Edwards was 'n Baptiste prediker, evangelis, historikus en dosent. Hy was ook die stigter van die Rhode Island College (Brown University). Gedurende sy studente jare aan die Bristol Baptist Seminary in England het hy 'n stuk geskryf oor Bybelse profesieë. Die gedeelte was gepubliseer in Philadelphia in 1788 as ***"Two Academecal Exercises on Subjects Bearing the Following Titles; Millennium, Last-Novelties."***

Hy skryf;

Die afstand tussen die eerste en tweede opstanding sal ietwat meer as 'n duisend jaar wees. Ek sê, ietwat meer; omdat die gestorwe heiliges opgewek sal word en die lewendes verander sal word by Christus se "verskyning in die lug" (1 Thess. iv, 17); en dit sal ongeveer drie en 'n half jaar voor die millennium wees, soos ons hierna sal sien; maar sal hy en hulle die hele tyd in die lug bly? Nee: hulle sal opvaar na die paradys, of na een van daardie baie "huise in die vaderhuis van God" (Joh. xiv: 2), en om gedurende die genoemde tydperk te verdwyn. Die ontwerp van hierdie terugtog en verdwyning sal wees om die opgestane en veranderde heiliges te oordeel; want "nou het die tyd gekom dat die oordeel moet begin," en dit sal by die huis van God wees" (1 Pet. iv. 17): hierna • verwys daardie deel van my teks, "en ek het trone gesien; en oordeel is gegee," nl. "die heiliges is geoordeel, en hulle belonings is gespesifiseer; van. -Wat, merk hierna. Met die wete dit alles, die duiwel sal volg om die broers by die regter aan te kla; en hulle sal dag en nag daarmee voortgaan in die hoop om hulle kennismaking te verhinder; hulle smekinge teen hom sal dié wees wat geleen is van die "bloed van die lam en die woord van hulle getuienis." en hulle aanklaer sal na die aarde gegooi word deur die sterk arm van Migael; en saam met hom sal daardie merkwaardige stem kom; "Wee die bewoners van die aarde, want die duiwel het onder julle neergedaal met groot toorn, omdat hy weet dat hy 'n kort tydjie het,"

naamlik drie jaar en 'n half, soos voorheen (Op. xii. 7-11). Voeg by bogenoemde, dat tussen die einde van die millennium en die tweede opstanding die duiwel losgelaat moet word, en Gog en Magog se leër vernietig sal word, wat 'n aansienlike tyd sal verg, soos Johannes dit noem. 'n klein seisoen." (Rev. xx. 3.)

**Ons sien die volgende in sy skryf werk.**

1. Hy het geglo dat meer as 'n 1000 jaar verloop tussen die twee opstandings.
2. Hy assosieer die eerste opstanding met die wegraping van 2 Thessalonicense 4:17.
3. Hy assosieer die ontmoeting met die gelowiges en Christus in die lug met Johannes 14:2.
4. Hy sien gelowiges verdwyn na die hemel gedurende die tyd van die groot verdrukking.

Ons sien dus duidelik dat Morgan Edwards 'n 100 jaar voor Darby alreeds geglo het en verkondig het dat daar 'n wegraping gaan wees.

## 4. DIE MODERN KERK.

So vroeg as 1818 het daar al belangrike voorstanders van die premillennialisme na vore getree. In 1818 het William Witherby 'n boek gepubliseer met feitlik al die bestanddele van die hedendaagse futurisme.

*John Nelson Darby (1800-1882) het hierdie leerstelling sterk na vore gebring. Hy kleim dat dit die resultaat van persoonlike Bybel studie is. Die leerstelling van die wegraping het reg oor die wêreld versprei deur die Brethren beweging met wie Darby geassosieer was. Twee ander persone wat hierdie siening sterk geproklameer het was die Presbiteriaan James H. Brookes (1830-1897) en die Baptis J.R. Graves (1820-1889). Hierdie siening is ook vêrder versprei deur die Niagara Bible konferensie era (New York 1878-1909). Dit het ook wyd publisiteit gekry in die volgende publikasies. The Truth, Our Hope, The Watchword en Maranatha.*

*Die volgende persone was sterk voorstanders van die wegraping leerstelling.*

1. **Arno C. Gaebelain** = *1861-1945.*
2. **A.J.Gordan** = *1836-1895.*
3. **James M.Gray** = *1851-1935.*
4. **R.A.Torrey** = *1856 – 1928.*
5. **Harry Ironside** = *1876-1951.*
6. **John F. Strombeck** = *1881-1959.*
7. **J. Dwight Pentecost**
8. **Charles Ryrie.**
9. **Tim LaHaye.**
10. **Hilton Sutton.**

*Ek kan vele ander ook noem, maar sal hiermee volstaan, anders is daar nie plek in die boek om nog iets anders te skryf nie.Ek glo dat die voorafgaande uit die geskiedenis duidelik genoeg is dat die leerstelling van die wegraping lank voor die tyd van Darby alreeds verkondig is. Dit is nie 'n nuwe mens uitgedinkte lering nie, maar een wat direk uit die blaaie van die Bybel kom.*

# 3.DIE AARDE NET VOOR DIE WEGRAPING.

*Een van die besondere skrifte in die Bybel is die stelling in beide Mattheus en Lukas dat die koms van die Here sal wees soos in die dae van Noag.*

***MATTHEUS 24:37-39.***

***"En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees."***

*In 'n vers in Lukas sien ons dat daar koop en verkoop en plant en oes sal wees.*

***LUKAS 17:28.***

***"Net soos dit ook gebeur het in die dae van Lot: hulle het geëet en gedrink, gekoop en verkoop, hulle het geplant en gebou."***

*Siende dat daar voedsel, klere en sosiale geleenthede en 'n ekonomie sal wees reg voor die koms van Jesus sien ons dus dat dit besigheid sal wees soos gewoonlik tot aan die einde van die eeu.*

*Dus sal die wegraping die wêreld onkant betrap op groot skaal net soos die vloed die mense van Noag se tyd totaal verras het. Die gebeure wat lei tot die wederkoms van Christus is werklik verwoestend en aardskuddend, beslis nie **"besigheid soos gewoonlik"** nie. Oorlog, hongersnood, siektes en 'n aardbewing so geweldig dat dit al die berge van die aarde geskud het. Dit is duidelik dat hierdie nie na die dae van Noag kan verwys nie. Dus beteken dit dat die **"dae van Noag"** verse beslis onmiskenbaar moet verwys na die koms van Jesus genoem die wegraping. Die tye op aarde sal basies normaal wees net voor die wegraping.*

***Die model wat Jesus hier gee is soos volg.***

**1**.*God openbaar Sy plan aan Sy uitverkorene.*
**2**.*God sluit die deur.*
**3**.*Die ark styg op en dryf bokant die vloed.*
**4**.*Die ark keer terug na die aarde.*
**5**.*'n Nuwe dispensasie begin.*

***Dus kan ons die volgende gevolgtrekking maak.***

**1**.*God openbaar Sy plan aan die kerk.*
**2**.*God sluit die deur met die wegraping.*
**3**.*Die kerk word opgeneem bokant die verdrukking.*
**4**.*Die kerk keer terug na die aarde.*
**5**.*'n Nuwe Dispensasie begin.*

*Ook sien ons dat Noag die ark binne gegaan het voor die vloed, nie in die middel of daarna nie. Voor die vloed het Noag vir meer as 'n 100 jaar gebou aan die ark. Ver van die see bou hy 'n boot. Tot op daardie stadium het daar nog nooit enige reën op die aarde geval nie, wat nog te praat van 'n water vloed?*

***GENESIS 2:5-6.***

***"was daar nog geen struike in die veld op die aarde nie, en geen plante van die veld het nog uitgespruit nie; want die HERE God het nog nie laat reën op die aarde nie, en daar was geen mens om die grond te bewerk nie. Maar 'n mis het opgetrek uit die aarde en die hele aardbodem bevogtig."***

***Dis die rede hoekom Noag in Hebreërs 11 genoem word.***

***HEBREËRS 11:7.***

***"Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is."***

*Noag het God deur geloof vertrou en geweet dat God se beloftes vir ewig is. Hy het dit nie verstaan nie, maar deur geloof gedoen wat God hom gevra het om te doen.*

<u>2 PETRUS 2:5.</u>

***“en die ou wêreld nie gespaar het nie, maar Noag, die prediker van geregtigheid, met sewe ander bewaar het toe Hy die sondvloed oor die wêreld van goddelose mense gebring het;”***

*Noag het getrou gepreek vir meer as 'n honderd jaar oor die komende vloed. Die destydse aard bewoners het gesien hoe die ark voltooi is en hoe die diere in die ark inbeweeg het soos wat God beveel het. Hulle dit alles aanskou maar nie geluister na Noag se waarskuwings nie. Hulle het blatant die idee van 'n vloed bespot. Ons word ook gewaarsku dat in die laaste dae die mense ons sal spot oor dit wat ons in glo.*

<u>2 PETRUS 3:3-6.</u>

***"Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel en sê: Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af. Want moedswillig vergeet hulle dat daar van lankal af hemele was en ‘n aarde wat uit water en deur water ontstaan het deur die woord van God, waardeur die toenmalige wêreld met water oorstroom is en vergaan het.”***

*Vandag sien ons meer aanvalle op die Bybel en die christelike geloof as ooit vantevore in die geskeidenis. Daar word gespot met enige iemand wat glo aan die Bybelse weergawe van die skepping asook met die vloed van Noag. Ons kan egter verseker wees soos wat God die deur gesluit het van die ark in Noag se tyd, so sal Hy die deur van die kerk dispensasie sluit met die wegraping.* ***Die deur van die ark is 'n tipe van Christus.***

*JOHANNES 10:7.*

***"Jesus het toe weer vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, Ek is die deur van die skape."***

*Nadat God die deur van die ark gesluit het was dit te laat vir die ongelowiges om in die ark in te gaan. Wanneer God die deur sluit deur die wegraping, is dit te laat vir die ongelowiges om die verdrukking te mis. Noag dryf met die ark bokant die vloed, beskerm deur God, keer terug na die aarde en begin 'n nuwe dispensasie. Die kerk gaan die aarde verlaat deur die wegraping en bokant die verdrukking deelneem aan die bruilof van die Lam en dan weer terug keer na die aarde en dan sal 'n nuwe dispensasie begin.Daar is egter een ander kenmerk van Noag se tyd wat min mense van praat en dit is die "Nephilim". Die "Nephilim" was half mens en half duiwel.*

*Die wêreld was so onheilig in die dae van Noag dat gevalle engele het aarde toe gekom en gemeenskap gehad met mense. Daardeur is geskep die sogenaamde* ***"super ras".*** *Net Noag en sy familie was gered deur God van die vloed.*

***GENESIS 6:4.***

***"In dié dae was die reuse op die aarde, en ook daarna, toe die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het. Dit is die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam."***

***GOD'S WORD.***

***"The Nephilim were on the earth in those days, as well as later, when the sons of God slept with the daughters of other humans and had children by them. These children were famous long ago."***

***YOUNG'S LITERAL TRANSLATION.***

***"The fallen ones were in the earth in those days, and even afterwards when sons of God come in unto daughters of men, and they have borne to them—they are the heroes, who, from of old, are the men of name."***

*Engele is interessante kreature. Die Bybel leer ons dat selfs vandag is daar mense op aarde wat eintlik engele is.*

***HEBREËRS 13:2.***

***"Vergeet die gasvryheid nie, want daardeur het sommige, sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg."***

*Een derde van die engele het saam met Satan gerebbeleer. Uit daardie gevalle engele kom die wat aarde toe gekom het en seksueel verkeer het met die mens. Hierdie was die slegstes van die slegstes. Teen die tyd van die vloed het God hulle toegesluit in die senter van die aarde of die sogenaamde* **"bodemlose put".** *Wanneer Jesus gepraat het met die demoon besete man van Gadarda, het die duiwels hom gesmeek om hulle nie na die bodemlose te stuur nie.*

***LUKAS 8:30-31 .***

***"Daarop vra Jesus hom en sê: Wat is jou naam? En hy antwoord: Legio—want baie duiwels het in hom ingevaar. En hulle het Hom gesmeek dat Hy hulle nie sou beveel om in die onderwêreld af te vaar nie."***

***Dit is hierdie duiwels wat losgelaat gaan word in die verdrukking.***

**OPENBARING 9:1-2.**

***"En toe die vyfde engel blaas, sien ek 'n ster wat uit die hemel op die aarde geval het, en aan hom is die sleutel van die put van die afgrond gegee. En hy het die put van die afgrond oopgemaak, en daar het rook opgekom uit die put soos rook van 'n groot oond, en die son en die lug is deur die rook van die put verduister."***

Die Bybel waarsku dat ons nie teen mense in hierdie lewe optree nie, maar ons geveg is teen die geestelike wêreld van duisternis.

**EFESIËRS 6:12.**

***"Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug."***

# 4.DANIEL SE 70 WEKE.

*Voordat ons in diepte na hierdie onderwerp kyk is dit noodsaaklik dat ons moet weet dat die boek Daniel as deel van die Ou Testament, vertaal was in Grieks voor 270vC. Ongeveer drie eeue voor die geboorte van Christus. Dit is 'n goed gedokumenteerde feit in die sekulêre geskiedenis. Na die verowering van die Babiloniese Ryk het Alexander die Grote die Griekse taal regdeur die bekende wêreld gepropageer, insluitende die Jode. Dis het feitlik almal toe Grieks gepraat. By die Jode het Hebreeus in ongebruik geraak en was feitlik net gebruik by seremoniële gebeurtenisse. Dus om die Joodse Skrifte, wat ons ken as die Ou Testament verstaanbaar te maak vir die algemene Joodse gebruiker het 'n projek ontstaan en was onderneem onder die borgskap van* ***"Ptolemy II Philadelphus (285–246 n.C.)"*** *om die Skrif in Grieks te vertaal. 70 Kenners was aangstel om hierdie werk te doen en dit is genoem die* ***"Septuagint (70)"*** *vertaling. Daar word soms daarna verwys as die* ***"LXX".*** *Die boek Daniel is een van die mees geverifieerde boeke van die Ou Testament, beide histories as argelogies. Dit is dus krities dat ons besef dat die boek Daniel bestaan reeds vanaf amper drie eeue voor Christus gebore was. Daniel was oorspronklik as 'n tiener, amper teen die einde van die Babiloniese gevangenisskap, besig om die boek Jeremia te lees.*

*Hy het verstaan dat die 70 jaar van gevangenisskap amper verby was en het vir sy mense begin bid. Die engel Gabriel het Daniel se gebed onderbreek en aan hom profesie gegee wat ongetwyfeld die mees besondere gedeelte in die hele Bybel is.*

*DANIEL 9:24-27.*

***"Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf. Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee en sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. En ná die twee en sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings.***

***En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word."***

*Hierdie vier verse sluit in die volgende segmente;*

***Vers 24*** *= Die omvang van die totale profesie.*

***Vers 25*** *= Die 69 weke.*

***Vers 26*** *= Die onderbreking tussen die 69ste week en die 70ste week.*

***Vers 27*** *= Die 70ste week.*

## *1.Die omvang van die totale profesie.*

***VERS 24.***

***"Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf."***

*Die idioom van 'n **"week"** van jare was algemeen in Israel as 'n **"Sabbat van die land"** waarin die land moes dormant lê vir sewe jaar. Dit was hulle nalaat om hierdie wette te gehoorsaam wat gelei het tot hulle gevangenisskap in Babilon.*

*Die klem van hierdie gedeelte is op **"jou volk en jou heilige stad"** dit is van toepassing op Israel en Jerusalem en nie die kerk nie. Die fokus van hierdie profesie is op 'n hele aantal gebeure wat nog nie vervul is nie.*

***VERS 25.***

***"Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee en sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid."***

***KJV.***

***"Know therefore and understand, that from the going forth of the commandment to restore and to build Jerusalem unto the Messiah the Prince shall be seven weeks, and threescore and two weeks: the street shall be built again, and the wall, even in troublous times."***

*'n Baie spesifieke voorspelling is in vers 25. Dit sluit in 'n wiskundige profesie. Die Joodse en Babiloniese kalenders gebruik 'n 360 jaar; 69 weke van 360 jaar is in totaal 173,880 dae. In effek, Gabriel sê vir Daniel dat die onderbreking tussen die bevel om die tempel te herbou tot en met die aanbieding van die Messias as Koning sou presies 173,880 dae wees.*

*Die* ***"Messiah the Prince"*** *in die King James vertaling is in werklikheid* ***Meshiach Nagid "The Messiah the King"*** *(Nagid was eerste gebruik vir Koning Saul.) Die opdrag om Jerusalem te herbou was gegee deur* ***Artaxerxes Longimanus*** *op 14 Maart 445vC. Die klem in die vers val op die woorde in die KJV* ***"street"*** *en* ***"wall"*** *om seker te maak dat daar nie verwarring is van waar die tempel moet wees nie. Tydens die bediening van Jesus Christus was daar verskeie geleenthede om Hom te bevorder na Koning, maar Hy het die versigtig vermy deur die woorde* ***"My uur het nog nie gekom nie".*** *Dan skielik op een dag het Hy dit noukeurig self gereël. Op hierdie spesefieke dag het Hy Jerusalem binne gery op 'n donkie en doelbewus die profesie van Sagaria vervul.*

***SAGARIA 9:9.***

***"Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel—op 'n jong esel, die vul van 'n eselin."***

*Die Farisiërs het gevoel dat die oorgretige en uitbundige skare is besig om te laster deur te verklaar dat Jesus die Messias die Koning is. Dit word egter deur Jesus self bevestig.*

***LUKAS 19:40.***

***"En Hy antwoord en sê vir hulle: Ek sê vir julle, as hulle swyg, sal die klippe uitroep."***

*Hierdie is die enigste geleentheid waar Jesus Homself aangebied het as Koning. Dit het plaas gevind op 6 April 32nC. Wanneer ons die periode tussen 14 Maart 445vC en 6 April 32nC en dit korrigeer vir skrikel jare, dan ontdek ons dat dit presies 173,880 dae is. Hoe kon Daniel dit geweet het sonder dat God dit aan hom geopenbaar het.*

***VERS 26.***

***"En ná die twee en sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings."***

*Dit wil voorkom asof daar 'n onderbreking is tussen die 69ste week en die 70ste week. Vers 26 deel met die gebeure na die 69ste week, maar voor die 70ste week. Hierdie gebeure sluit in die doodmaak van die Messias en die stad en Heiligdam vernietig. Soos wat Jesus die stad genader het op die donkie het Hy ook die vernietiging van Jerusalem voorspel.*

***LUKAS 19:43-44.***

***"Want daar sal dae oor jou kom dat jou vyande 'n skans rondom jou sal opwerp en jou omsingel en jou van alle kante insluit. En hulle sal jou en jou kinders in jou teen die grond verpletter; en hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie, omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie."***

*Die Messias was tereggestel aan die kruis* ***"maar sonder iets vir Homself".*** *Die stad en die Heiligdom was vernietig 38 jaar later toe die Roomse legioene under* ***"Titus Vespasian".*** *Hy het die stad Jerusalem tot op die grond vernietig presies soos Daniel en Jesus voorspel het. Inteendeel, wanneer ons Jesus se presiese woorde ondersoek dan lyk dit asof Hy verwag het dat hulle hierdie ongelooflike voorspelling geken het in* ***Daniel 9.***

***"omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie"***

*Na hierdie gebeure is daar nog 'n oorblywende sewe jaar wat vervul moet word. Hierdie periode is die mees gedokumenteerde periode in die hele Bybel. Die boek Openbaring vanaf hoofstuk 6 tot hoofstuk 19 is die presiese beskrywing van daardie sewende week. Die onderbreking tussen die 69ste week en die 70ste week is steeds aan die gang maar is vinnig aan die verby beweeg.*

# 5.BEWYSE DAT DIE WEGRAPING IN OPENBARING 4:1 PLAASVIND.

## BEWYS EEN.

***OPENBARING 4:1.***

***"Ná hierdie dinge het ek gesien kyk, 'n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur."***

***Greek: μετά(GSN-3326) ταυ τα GSN-5023), after these things.*** *Die Griekse frase word gebruik in die begin van die vers asook aan die einde. Dis om dit duidelik te stel dat die klem nou verskuif het vanaf die aarde na die hemel toe. Die eerste deel van hierdie visioen is nou verby. Die frase* ***"na hierdie dinge"*** *dui op iets wat nou gaan gebeur na die briewe wat aan die kerke in Asië geskryf is. Dit wil sê* ***"na die kerkbedeling".*** *Na die wegraping van die kerk van Jesus Christus breek hierdie deel van die visioen nou aan. Hierdie vers dui duidelik aan wanneer die gebeure van Openbaring 4 tot 22 gaan plaasvind. Dit moet plaasvind na die wegraping van die kerk, want na Openbaring 4 tot met Openbaring 22 lees ons nie van die kerk op die aarde nie. Slegs in die hemel. Jesus Christus sê dat die dinge van Openbaring 4-22 eers na hierdie dinge moet gebeur.*

***<u>OPENBARING 4:1.</u>***

***"Ná hierdie dinge het ek gesien kyk, 'n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur."***

*Nou is die vraag; **"Na watter dinge?"** Die antwoord is duidelik, na die dinge van die eerste drie hoofstukke, die bedeling van die kerk. As die drie vorige hoofstukke na die kerk verwys, dan moet die hoofstukke wat volg na dit verwys wat na die kerk kom. Die kerk moet hier wees tydens die vervulling van die kerk bedeling en nie hier wees nie tydens die vervulling van die dinge wat hierna gebeur. Dis word die kerk weggeraap tussen dit wat is en dit wat moet gebeur. Die woord **"kerk"** word 19 keer gebruik in Openbaring 1-3, maar nie een keer in Openbaring 4:1 tot Openbaring 22:5. Ons lees weer van die kerk in Openbaring 22:6-21. As die kerk op aarde was gedurende hoofstukke 4 en 22 sou ons tog daarvan gelees het.*

## ***BEWYS TWEE.***

*Die 70ste week van Daniel is die laaste sewe jaar van die bedeling van die aarde waar beide Openbaring 4-19 en Mattheus 24-25 vervul sal word. Hierdie week deel met Israel en nie die kerk nie. Dis moet die kerk weggeraap word voor die sewe jaar aanbreek.*

## BEWYS DRIE.

*Daar is geen plek vir die wegraping van die kerk na Openbaring 4:1 nie. Die manlike kind en die verdrukking heiliges is die enigste twee groepe wat gered en weggeraap word tydens die groot verdrukking en hulle is verskillende groepe los van die kerk. As die wegraping nie voor die 4de hoofstuk plaasvind nie, sou ons daarvan gelees het in die res van die boek, maar ons lees niks daarvan nie.*

## BEWYS VIER.

*In Lukas 21:34-36 het ons die belofte dat die wat waardig is die groot verdrukking sal ontvlug. Die nuwe Afrikaanse Bybel gebruik die woorde **"om dit wat gaan gebeur veilig sal deurkom."** Hierdie vertaling is gebaseer op die Roomse manuskrip genaamd die **"Vulgaat".** Hierdie is nie die betroubaarste manuskrip nie. Feitlik 80 present van alle Bybel vertalings is gebaseer op die manuskrip wat buite die Roomse kerk is naamlik **"Textus Receptus"** wat die woord **"ontvlug"** gebruik.*

***LUKAS 21:34-36.(Afrikaanse Ou Vertaling.***
***"Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan."***

***KJV= 1611.***

***"Watch ye therefore, and pray alwayes, that ye may be accompted worthy to escape all these things that shall come to passe, and to stand before the sonne of man."***

***YOUNG'S LITERAL TRANSLATION 1898***

***"watch ye, then, in every season, praying that ye may be accounted worthy to escape all these things that are about to come to pass, and to stand before the Son of Man."***

***GENEVA BIBLE 1587***

***"Watche therefore, and pray continually, that ye may be counted worthy to escape all these thinges that shall come to passe, and that ye may stand before the Sonne of man."***

*Ek kan ook die volgende Bybels aanhaal wat presies dieselfde sê as die bogenoemde;* ***American Standerd Version, Darby Bible 1889. Gods Word, International Standerd Version, King James Version, Revised Version*** *en die lys gaan aan. Ek wil egter net nog een aanhaling maak en dit is 'n aanhaling uit die Mickelson Enhanced Strong's Greek an Hebrew Dictionaries.*

**STRONGS HEBREW AND CREEK DICTIONARIES.**

*G1628 ἐκφεύγωekpheugo (ek-fyoo'-go) v. 1. to flee out [from G1537 and G5343] KJV: escape, flee Root(s): G1537, G5343*

*Hier sien ons duidelik dat die woorde wat gebruik word in die Textus Receptus duidelik en sterk vertaal kan word met **"ontvlug".** Hierdie is 'n duidelike verwysing na die wegraping van die kerk. Die Nuwe Afrikaanse vertaling en 'n paar ander vertalings gebruik die woorde **"om deur te kom"** wat die wegraping wegneem en die kerk deur die groot verdrukking stuur. Dis 'n Roomse invloed in die **"Vulgaat".** Dis duidelik dat die kerk sekere dinge gaan ontvlug om voor die Seun van God te staan. Die ding wat die kerk gaan ontvlug is die dinge wat beskryf woord in Mattheus 24:4-26; Lukas 21:4-19 en Openbaring 6-19. Dus is dit duidelik dat die kerk nie deur die verdrukking gaan nie.*

## BEWYS VYF.

*In **1 Thessalonicense 5:1-11** het ons nog n defnitiewe belofte dat die kerk die toorn van God op die aarde gaan ontvlug.*

***"Maar oor die tye en geleenthede, broeders, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie; want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag.***

***Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid—dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie. Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie. Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie. Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees. Want die wat slaap, slaap in die nag; en die wat dronk word, is in die nag dronk. Maar laat ons wat van die dag is, nugter wees, met die borswapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop op die saligheid. Want God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus wat vir ons gesterf het, sodat ons, of ons waak en of ons slaap, saam met Hom kan lewe. Daarom, bemoedig mekaar en bou die een die ander op, soos julle ook doen."***

Hoe kan die heiliges mekaar bemoedig as daar 'n verdrukking vir hulle wag?

## BEWYS SES.

2 THESSALONICENSE 2:6-8.

***"En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word. Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit***

***die weg geruim is; en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak,"***

*Hierdie skrif dui sterk daarop dat die wegraping gaan plaasvind voor die verdrukking en wel in Openbaring 4:1. Hierdie vers verwys na die kerk van Christus. Ons word genoem die sout van die aarde en die lig van die wêreld. Wanneer ons weg is sal die uiters smaakloos wees en baie donker. Voordat ons nie weg is nie, kan die antichris nie geopenbaar word nie.*

## BEWYS SEWE.

*Daar is 'n duidelike en waarneembare verandering in God se houding teenoor die mens – vanaf genade tot oordeel. Ons sien God se genade in hoofstukke 1-3 en ons sien God se oordeel in hoofstukke 4-19. Die kerk gaan nie deur God se toorn op die aarde nie, dus met die afsluiting van die tydperk van genade aan die einde van hoofstuk 3 net voor die begin van die 7 jaar in die begin van hoofstuk 4, word die kerk uit hierdie wêreld uitgeneem.*

# BEWYS AGT.

*'n Persoon of groep persone word geïdentifiseer deur karakter trekke en persoonlike gewoontes. As die kerk deur die verdrukking moet gaan (openbaring 4-19) dan moet ons tog die kerk se karakter en persoonlike gewoontes in hierdie hoofstukke sien. Dit is egter nie so nie. Ons sien alles van die kerk tot en met die einde van hoofstuk 3. Daarna sien ons net vir Israel vanaf hoofstuk 4 tot 19.*

## *'n AANTAL KENMERKE VAN ISRAEL NA OPENBARING 4:1.*

*1.In Mattheus, die Hebreeuse Evangelie, is daar 92 verwysings na die Ou Testament. In Hebreers is daar 102 verwysings na die Ou Testament. In die boek Openbaring is daar 285 verwysings na die Ou Testament. Dit wys sterk na die Joodse karakter van die boek.*
*2.Die woord "Lam" word 27 keer gebruik in Openbaring hoofstuk 4-22. Die woord "Lam" word nie een keer gebruik in die kerk gedeelte van die boek nie.*
*3.Die woord word ook nooit gebruik in die briewe van Paulus nie. Dit word slegs 4 keer gebruik in die Nuwe Testament en verwys elke keer na Israel. (Johannes 1:29,36; Handelinge 8:32; 1 Petrus 1:19). **3.**Die terme **"die Leeu van Juda"** en **"die Wortel van Dawid"** is Joodse uitdrukkings. Openbaring 5:5.*

4. Die 144000 van Open. 7:1-8; Open.14:1-5 is Joode. Hulle word gered gedurende die gebeure na die wegraping.

5. Al die gebeure rondom die seëls , die trompette en die weegskale is gedeeltelik n herhaling van die plae van Egipte met min of meer die selfde doel – **die oordeel oor die heidene.**

Hierdie gebeure is die vervulling van baie van die Ou Testamentiese profesiee.

**JESAJA 26:20-21.**

**"Kom, my volk, gaan in jou binnekamers en sluit jou deur agter jou toe, verberg jou vir 'n klein oomblik, totdat die grimmigheid verbygaan. Want kyk, die HERE sal uit sy plek uitgaan om die ongeregtigheid van die bewoners van die aarde oor hulle te besoek; en die aarde sal die bloed openbaar maak wat deur hom gedrink is, en die wat op hom gedood is, nie langer toedek nie."**

**JESAJA 29:6-8.**

**"Vanweë die HERE van die leërskare sal jy in genade besoek word, met donder en aardbewing en groot gedruis, wind en storm en die vlam van 'n verterende vuur. En soos 'n droom, 'n naggesig, sal die menigte van al die nasies wees wat oorlog toe trek teen Ariël, ja, almal wat teen hom oorlog toe trek en teen sy bergvesting en hom benoud maak.**

***En soos 'n hongerige droom dat hy eet, maar hy word wakker en—sy siel is leeg; en soos 'n dorstige droom dat hy drink, maar hy word wakker en —hy is moeg en sy siel versmag: só sal die menigte van al die nasies wees wat oorlog toe trek teen die berg Sion."***
*(Sien ook Jer.30:6-9; Eseg. 38-39; Daniel 12:1.)*

*Nie een van hierdie profesiee is van toepassing op die kerk nie.*

*6. Die verdrukking van Openbaring 6-19 handel oor Israel.*

*JEREMIA 30:6-9.*

***"Vra tog, en kyk of 'n manspersoon baar? Waarom sien ek elke man met sy hande op sy heupe soos een wat baar, en is alle aangesigte in bleekheid verander? Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word. En op dié dag, spreek die HERE van die leërskare, sal Ek sy juk verbreek van jou nek af en jou stroppe stukkend ruk; en vreemdes sal hom nie meer diensbaar maak nie. Maar hulle sal die HERE hulle God dien en hulle koning Dawid wat Ek vir hulle sal verwek."***

***DANIEL 12:1***

***"En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan."***

***MATTHEUS 24:15-22.***

***"Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom —laat hy wat lees, oplet— dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug; wie op die dak is, moet nie afkom om iets uit sy huis weg te neem nie; en wie op die land is, moet nie omdraai om sy klere weg te neem nie. Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog, in daardie dae. En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie. Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word."***

7. Daniel se 70ste week het net betrekking op Israel en Jerusalem.

**DANIEL 9:24-27.**

***"Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf. Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee en sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. En ná die twee en sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings. En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word."***

8.Die kerk eeu kom tussen die 69ste en die 70ste week van die profesie van Daniel. Dit alleen bewys dat die 70ste week deel net met Israel.

9.Die enigste gerrede heidene in Open.4-19 is die verdrukking heiliges en hulle is nie deel van die kerk nie.

***OPENBARING 6:9-11.***

***"En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie? En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees."***

***OPENBARING 7:9-17.***

***"Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande; en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam!***

***En al die engele het rondom die troon en die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan, en hulle het voor die troon op hulle aangesig neergeval en God aanbid en gesê: Amen! Die lof en die heerlikheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen. Toe het een van die ouderlinge gespreek en vir my gesê: Hulle wat bekleed is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom? En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam. Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan. Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie; want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee."***

*OPENBARING 15:2-4.*

***"En ek het 'n ander teken in die hemel gesien, groot en wonderlik: sewe engele met die sewe laaste plae, want daarmee is die grimmigheid van God voleindig. En ek het gesien iets soos 'n see van glas, gemeng met vuur.***

***En die oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken, oor die getal van sy naam, het ek by die see van glas sien staan, met siters van God. En hulle het die lied gesing van Moses, die dienskneg van God, en die lied van die Lam, en gesê: Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges! Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige dade openbaar geword het."***

***<u>OPENBARING 20:4-6.</u>***

***"En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank."***

10. Die bediening van engele is tipies deel van Israel.

OPENBARING 8:2-5.

***"En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en sewe basuine is aan hulle gegee. En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê; en die rook van die reukwerk het met die gebede van die heiliges uit die hand van die engel opgegaan voor God. En die engel het die wierookbak geneem en dit met vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde gegooi; en daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing."***

Die verborgenheid van God wat deur die profete voorspel is, is Joods.

OPENBARING 10:7.

***"maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete."***

12. Die tempel altaar, tempel aanbidding, binnehof van die tempel, die heilige stad, olyf bome, ark van die verbond, dit is alles Joods nie Christelik nie.

13. Die stellings dat die koninkryke van hierdie aarde die van Christus word is die vervulling van die Joodse Profete.

***OPENBARING 11:15.***

***"En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid."***

***DANIEL 7:13-14.***

***"Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom. En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie".***

***SAGARIA 14:1-21.***

***"Kyk, daar kom 'n dag vir die HERE; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, o Jerusalem! Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in***

***ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie. En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide. En julle sal vlug in die dal van my berge—want die dal van die berge sal loop tot by Asal—en julle sal vlug soos julle gevlug het vir die aardbewing in die dae van Ussía, die koning van Juda.Dan sal die HERE my God kom, al die heiliges met U! En in dié dag sal daar geen lig wees nie, die sterre sal duister wees. En dit sal 'n enige dag wees wat aan die HERE bekend is—geen dag en geen nag nie; maar teen die aand sal dit lig word. En in dié dag sal daar lewende waters uit Jerusalem uitvloei, die een helfte daarvan na die Oostelike en die ander helfte daarvan na die Westelike See; somer en winter sal dit so wees. En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die HERE een wees, en sy Naam een. Die hele land sal soos die Vlakte word, van Geba tot by Rimmon, suid van Jerusalem; maar Jerusalem self sal hoog wees en woon op sy plek, van die poort van Benjamin af tot by die plek van die vorige poort, tot by die Hoekpoort, en van die toring Hanáneël tot by die parskuipe van***

***die koning. En hulle sal daarin woon, en daar sal geen banvloek meer wees nie, en Jerusalem sal in veiligheid woon. En dit sal die plaag wees waarmee die HERE al die volke sal tref wat opgetrek het om teen Jerusalem te veg: Hy sal hulle vlees laat wegteer, terwyl hulle nog op hul voete staan; en hulle oë sal wegteer in hulle holtes, en hulle tong wegteer in hulle mond. En in dié dag sal 'n groot verwarring van die HERE onder hulle kom, sodat die een die hand van die ander sal gryp, en die hand van die een hom sal verhef teen die hand van die ander. En Juda sal ook in Jerusalem veg, en die rykdom van al die nasies rondom sal ingesamel word: goud en silwer en klere —'n groot hoeveelheid. En soos hierdie plaag is, sal die plaag wees van die perde, die muile, die kamele en die esels en van al die diere wat in daardie laers is. En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier. En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërskare, te aanbid nie—hulle sal geen reën kry nie. En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie.***

***Dit sal die straf van Egipte wees en die straf van al die nasies wat nie optrek om die huttefees te vier nie. In dié dag sal op die klokke van die perde staan: Heilig aan die HERE! En die potte in die huis van die HERE sal wees soos die komme voor die altaar. Ja, al die potte in Jerusalem en Juda sal aan die HERE van die leërskare heilig wees; en almal wat wil offer, sal kom en daarvan neem en daarin kook; en in dié dag sal daar geen Kanaäniet in die huis van die HERE van die leërskare meer wees nie."***

*Al die bogenoemde bewyse dat daar in die verdrukking met Israel gedeel gaan word en dat die kerk nie daar sal wees nie.*

---

# 6.MET WIE DEEL MATTHEUS 24-25? DIE KERK OF ISRAEL?

*Om die hele vraag rondom die wegraping te verstaan moet ons na Mattheus 24 en 25 gaan kyk. Het Jesus hier van die kerk of van Israel gepraat? Kom ons gaan kyk na die derde vraag wat die dissipels vir Jesus gevra het.*

***MATTHEUS 24:3.***

***"En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?"***

***"VOLEINDING VAN DIE WÊRELD"***

*Die "voleindig van die wêreld" in hierdie geval beteken "die einde van die eeu" en nie die "einde van die mensdom" nie. Die Griekse woord vir "wêreld" hier is "aion". Dit verwys na n periode van tyd, lank of kort.*

***STRONGS HEBREW AND CREEK DICTIONARIES.***

*G165 αἰώναion (ai-own') n. 1. (properly) an age 2. (by extension) perpetuity (also past) 3. (by implication) the world 4. (specially, Jewish) a Messianic period (present or future) from an obsolete primary noun apparently meaning "continued duration" KJV: age, course, eternal, (for) ever(-more), (n-)ever, (beginning of the , while the) world (began, without end)*

*Dit verwys na die einde van die eeu waarin ons nou leef en die eeu waarin Israel vir Jesus as die messias verwerp het. Hierdie eeu sal eindig met die wederkoms van Christus na die groot verdrukking.*

***HANDELINGE 1:6-7.***

***"Die wat bymekaargekom het, vra Hom toe en sê: Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig? En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie;"***

***OPENBARING 11:15.***

***"En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid."***

*In Handelinge word die vraag gevra en in Openbaring word dit geantwoord. Die kerk eeu sal eindig met die wegraping. Daarna sal die verdrukking aanbreek en daarna die wederkoms. Dit sal dan die einde van die eeu wees. (Of soos die skrif in Mattheus sê **"wêreld".**) Daar is verskeie valse sienings in hierdie hoofstukke wat uitgeklaar moet word om hierdie wonderlike profesie te kan verstaan.*

***1.Daar is blykbaar diegene wat oortuig is dat ons kan profetiese datums vir die wederkoms daar stel.***

*Hierdie seining is geheel en al on-Bybels. Op verskeie plekke in die Bybel waarsku Jesus dat die mens nie moet verby die grense van sy kennis gaan nie. Hy waarsku dat niemand die tyd en die uur van die wederkoms kan weet of bepaal nie. Hoe graag die mens dit ookal wil doen, dit is net nie moontlik nie. Behalwe dat die Bybel dit sê, leer die geskiedenis dit ook vir ons. Deur die jare was daar verskeie datums gegee. Hierdie datums het gekom en gegaan, en ons is nog steeds hier. Die wederkoms het nog nie plaasgevind nie.*

***MARKUS 13:32.***

***"Maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader."***

*Al wat ons weet is dat die wederkoms enige tyd na die verdrukking sal plaasvind.*

***2.Nog n gedeelte in die skrif wat al die jare verkeerd geinterpreteer is is die gedeelte in Mattheus 24:37-42.***

***MATTHEUS 24:37-42.***

***"En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Dan sal daar twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie."***

*Hierdie is een van die mees misverstaande gedeeltes in die Bybel aangaande die wegraping. Die skrif word oor die algemeen gekoppel aan die wegraping. Die feit dat die skrif hier praat van een wat weg geneem word en een wat agter gelaat word het die idée geskep dat ons hier met die wegraping te doen het. Dit is egter nie die geval nie. Die wegraping is n openbaring wat aan Paulus gegee is deur die Here en is eers deur hom aan die kerk bekend gestel. Jesus het nie oor die wegraping gepraat nie, maar wel oor die gebeure rondom die wederkoms. Hierdie gedeelte verwys na die gebeure rondom Armaggedon. Daar gaan baie mense sterf, of* ***"weggeneem"*** *word.*

**3.Nog n skrif wat verkeerd verstaan word is die volgende.**

Meeste van die skrifverklaardes en boek skrywers en predikers oor die eindtyd verklaar dat die vyeboom die Joodse volk verteenwoordig. Al wat Jesus hier gedoen het was om te verwys na die nabyheid van Sy wederkoms. Hy het hier n letterlike vyeboom in gedagte gehad waarmee hy iets geïlustreer het. Hy het die vyeboom met die tekens van die tye vergelyk. Soos wat as die boom bot weet ons die somer is naby. So ook wanneer ons die tekens van die tye sien, dan weet ons dat die wederkoms naby is.

**4.Die gelykenis van die tien maagde word ook aangebied onder verskeie verklarings wat nie by die waarheid van die skrif uitkom nie.**

Daar word gepreek dat hierdie gelykenis verwys na die feit dat ons olie in ons lampe moet hê en dat die wegraping om middernag gaan plaasvind.

MATTHEUS 25:1-13.

**Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet. En vyf van hulle was verstandig en vyf dwaas. En toe die wat dwaas was, hul lampe neem, het hulle geen olie met hulle saamgeneem nie.**

***Maar die verstandiges het olie in hulle kanne saam met hul lampe geneem. En terwyl die bruidegom talm om te kom, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak. En middernag was daar 'n geroep: Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet! Toe staan al daardie maagde op en maak hulle lampe gereed. En die wat dwaas was, sê aan die verstandiges: Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan uit. Maar die verstandiges antwoord en sê: Miskien sal daar nie genoeg wees vir ons en vir julle nie. Maar gaan liewer na die verkopers en koop vir julleself. En onderwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom gekom. En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit. Later kom toe die ander maagde ook en sê: Meneer, meneer, maak vir ons oop! Maar hy antwoord en sê: Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie. Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie."***

*Die waarheid in hierdie gelykenis is die belangrikheid om gereed te wees vir die wederkoms van Christus na die aarde toe. Waar Hy Sy voet op die Olyfberg gaan sit. Soos in enige ander verhaal is die detail nodig om die storie weer te gee om sodoende by die werklike ilustrasie uit te kom. Nadat daar egter by die uiteindelike punt en ilustrasie uitgekom het is die detail van die verhaal nie meer van belang nie.*

*Die gelykenisse van Mattheus 24 en 25 is ilustrasies in konnektasie met die wederkoms – nabyheid, gereedheid, geloofvastigheid, waaksaamheid en konstante geduld.*

***5.Daar word ook gepredik dat die oordeel van Mattheus 25:31-46 dieselfde is as die Regterstoel oordeel van Christus in 2 Kor.5:10.***

***MATTHEUS 25:31-46.***

***"En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei; en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit. Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af. Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My herberg gegee; Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom. Dan sal die regverdiges Hom antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee?***

***En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee? En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom? En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen. Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie. Ek was 'n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie. Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of 'n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie? Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie. En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe."***

**2 KORINTHIERS 5:10**

***"Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad."***

*Die waarheid is egter dat hierdie oordeel van Mattheus het niks te doen met die Regterstoel van Christus in Korinthiërs nie. Dis twee totale verskillende oordele. Die oordeel van Mattheus verwys na die oordeel oor lewende nasies aan die einde van hierdie eeu. Hierdie oordeel sal bepaal wie van hierdie nasies wat die verdrukking oorleef het, sal die duisend jaar van Christus se regering binne gaan. Hierdie oordeel sal die verdrukking be-eindig en die duisend jaar van vrede inlei.*

**DANIEL 7:9-14.**

***"Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur; 'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend maal duisende het Hom gedien, en tien duisend maal tien duisende het voor Hom gestaan; die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen. Ek het toe bly kyk vanweë die stem van die groot woorde wat die horing gespreek het; ek het bly kyk totdat die dier gedood en sy liggaam vernietig en aan die***

***verbranding deur vuur oorgegee is. Ook aan die ander diere is hulle heerskappy ontneem, en verlenging van die lewe is aan hulle gegee tot op tyd en uur. Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom. En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie."***

*Nie n enkele woord word hier gepraat van die kerk, die wegraping of enige iets wat met die kerk te doen het nie. Die persone by hierdie oordeel word slegs toegelaat om die vrederyk binne te gaan of na die doderyk toe te gaan. Diegene wat die vrederyk binne gaan sal onder die heerskappy van Christus op aarde bly.Kom ons kyk na n paar redes hoekom ons glo dat hierdie gedeelte van Mattheus oor die Jode handel en nie oor die kerk nie.*

*1.Jesus praat hier met Jode en antwoord Joodse vrae oor die aardse en politieke gebuere rondom Israel.*
*Die vrae rondom die Joodse Messias en Sy terugkeer na die aarde om Sy volk te verlos en die tot standkoming van die aardse ryk wat so lank al voorspel is deur die profete.*

<u>***MATTHEUS 24:3.***</u>

***"En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?"***

<u>***MATTHEUS 25:34.***</u>

***"Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af."***

<u>***HANDELINGE 1:6.***</u>

***"Die wat bymekaargekom het, vra Hom toe en sê: Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?"***

2.Die verleidings van valse Christusse en Messiasse in Mat.24:5 het te doen met die Joodse volk, nie die kerk nie. Jesus het geweet dat hulle eerder agter die valse sal aanloop as wat hulle die ware sal glo.

<u>***JOHANNES 5:43,***</u>

***"Ek het gekom in die Naam van my Vader, en julle neem My nie aan nie. As 'n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem."***

<u>***MATTHEUS 24:5.***</u>

***"Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei."***

**3.** *Die verwysing na hulle wat Sy volgelinge sal vervolg en haat verwys na Isreal alleen.*

***MATTHEUS 24:9.***

***"Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam."***

**4.** Die woordjie ***"smarte"*** *in Mattheus 24:8 verwys na* ***"pyn, swaarkry en geboorte gee".*** *Dit verwys na die swaarkry van Israel.*

***JESAJA 66:7-8.***

***"Voordat sy weë gekry het, het sy gebaar; voordat smart oor haar gekom het, is sy van 'n seuntjie verlos. Wie het so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? Word 'n land op een enkele dag gebore? Of word 'n nasie met een slag gebaar? Want Sion het weë gekry, meteens haar kinders gebaar."***

***DANIEL 12:1.***

***"En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan."***

*5. 'n Verwysing na die Sabbat en die afstand wat op hierdie dag gereis kan word is defnitief Joods, omrede die kerk nie gebonde was aan die reisbeperkings van die Sabbat nie.*

***MATTHEUS 24:20.***

***"En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie."***

*6. Die slag van Armageddon is slegs van toepassing op Israel en nie die kerk nie, omrede die kerk verskeie **"hoofkantore"** het en die slag net in Israel plaasvind.*

***SAGARIA 14:1-9.***

***"Kyk, daar kom 'n dag vir die HERE; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, o Jerusalem! Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie. En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide.***

***En julle sal vlug in die dal van my berge—want die dal van die berge sal loop tot by Asal—en julle sal vlug soos julle gevlug het vir die aardbewing in die dae van Ussía, die koning van Juda. Dan sal die HERE my God kom, al die heiliges met U! En in dié dag sal daar geen lig wees nie, die sterre sal duister wees. En dit sal 'n enige dag wees wat aan die HERE bekend is—geen dag en geen nag nie; maar teen die aand sal dit lig word. En in dié dag sal daar lewende waters uit Jerusalem uitvloei, die een helfte daarvan na die Oostelike en die ander helfte daarvan na die Westelike See; somer en winter sal dit so wees. En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die HERE een wees, en sy Naam een."***

*OPENBARING 19:17-21.*

***"En ek het een engel sien staan in die son; en hy het met 'n groot stem uitgeroep en vir al die voëls gesê wat in die middel van die lug vlieg: Kom hierheen en versamel julle tot die maaltyd van die grote God, dat julle kan eet die vlees van konings en die vlees van owerstes oor duisend en die vlees van sterkes en die vlees van perde en van die wat daarop sit, en die vlees van almal, vrymense sowel as slawe, klein sowel as groot. En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër.***

***En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees."***

*Daar kan nog veel meer punte uitgewys word dat Mattheus 24 deel met Israel en nie die kerk nie. Dis die rede hoekom Jesus nie in hierdie gedeelte deel met die wegraping nie. Die wegraping het met die kerk van Jesus Christus te doen en nie met die Joode nie. Die openbaring van die wegraping is aan Paulus gegee deur die Here Jesus self. Paulus het die openbaring weer aan die kerk weergegee. Wanneer ons die Evangelies met die briewe van Paulus vermeng dan sal ons die duidelike lering van die wegraping nie verstaan nie. Die vier Evangelies is deel van die Ou Testament en dus deel van die Joodse geskiedenis en profesiee. Die nuwe verbond het eers begin met die kruis van Jesus Christus. Soos die misterie van die evangelie van genade eers deur Paulus verduidelik is so is die misterie van die wegraping ook eers deur hom verduidelik. Met uitsondering van enkele verse in die evangelies word daar nie na die wegraping verwys nie.*

*Die betrokke verse in die evangelies wat na hierdie gebeurtenis verwys is duidelike verse wat duidelik nie na die volk van Israel kan verwys nie. Dis hoekom dit duidelik is dat Mattheus 24 deel met die Jode en nie met die kerk nie. Net so deel Openbaring 4 tot 19 ook net met die Joodse volk en nie met die kerk van Jesus Christus nie. Die kerk era begin met die uitstorting van die Heilige Gees en sal aanhou tot en met die wegraping.*

# 7.VERSE IN DIE NUWE TESTAMENT WAT NA DIE WEGRAPING VERWYS.

## LUKAS 21:36.

**"Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan."**

"al hierdie dinge" verwys na die gebeure van die verdrukking soos beskryf in Openbaring 4:1 – 19:21. Asook in Mattheus 24:4-28 en Lukas 21:4-11 en Markus 13:4-27 en Thessalonicense 2:1-12.Hierdie is alles gebeurtenisse wat sal plaasvind nadat die wegraping van die kerk plaas gevind het. Wanneer daar gesê word dat ons predik 'n **"ontvlugtings teologie"** dan is hulle heeltemal reg. Ek glo in die **"ontvlugtings teologie"** omrede die Bybel dit verkondig. Ons gaan die groot verdrukking ontvlug en voor die seun van die mens staan. Ek het alreeds vroeër in die boek hierdie spesiefieke skrif verduidelik, maar dit is nodig om te herhaal dat die meeste van die Engelse Bybels wat ek nageslaan het hierdie skrif vertaal met die woord **"ontvlug"**. Hier en daar is daar Rooms gesinde Bybels wat die woorde **"deur te gaan"** gebruik. Onder andere die Nuwe Vertaling van 1983. Dit is egter nie die regte vertaling nie. Ons gaan die Here Jesus tegemoet in die lug en dan gaan ons verder om die Vader in die hemel te gaan ontmoet.

**JOHANNES 14:2-3.**

***"Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei."***

*Hierdie skrif verwys nie na die* ***"boesom van die Vader"*** *nie. Daar is verskeie leringe wat hierdie skrif gebruik om te leer dat Jesus kom uit die boesom van die Vader en keer terug na die boesom om daar vir ons plek voor te berei. Dit het net na die kruis gebeur en nou is ons ook in die boesom van die Vader saam met Jesus. Dit is nie die mening van hierdie skrif nie. Dis duidelik waarna Jesus hier verwys.* ***"Na die woonplek van God".*** *Jesus gebruik die woorde* ***"In die huis van my Vader"*** *en dit verwys na die plek waar die Vader woon. Jesus het gaan plek voorberei en Hy verseker ons dat wanneer Hy klaar is sal Hy ons kom haal. Dit beteken dat Hy gaan kom vir die kinders van die Here. Dit gaan plaasvind met die wegraping wanneer Hy gaan kom vir Sy kerk. Gedurende die sewe jaar van die verdrukking gaan die Regterstoel Oordeel van Christus in die hemel plaasvind en net daarna die bruilof van die lam.*

**Daarna die duisend jaar vrede op aarde.**

**1 KORINTHIERS 15:23.**

***"maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms."***

*Hierdie vers verwys na die feit dat daar verskillende geleenthede gaan wees waar daar opstandings gaan plaasvind. Daar is tien* ***"wegrapings"*** *in die skrif, waarvan die wegraping die tweede sal wees na die van Jesus Christus.(later meer hieroor. Hoofstuk 8).*

***1 KORINTHIERS 15:51-54.***

***"Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word. En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning."***

*Wanneer ons hierdie skrif ontleed kan ons nie anders as om dit te Koppel met die skrif in* ***1 Thessalonicense 4:16*** *nie.*

***"Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.***

***Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees."***

*Hier het ons te doen met n skielike verandering wat die mens ondergaan. Hierdie verandering vind plaas by die wegraping waar ons beklee sal word met n nuwe onsterflike liggaam. Hier word verwys na die* ***"laaste basuin"*** *wat nie dieselfde is as die basuin (die sewende) in Openbaring is nie. Hierdie laaste basuin is die laaste basuin van hierdie dispensasie waar die dispensasie van die kerk afgesluit word met die wegraping.*

*EFESIËRS 5:27.*

***"sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees."***

*Wanneer Jesus Sy kerk kom haal sal die kerk sonder fout wees. Hier verwys dit nie na die feit dat die sonde van die kerk vergewe is nie, maar dat die kerk werklik gelykvormig is aan Sy beeld. Dis slegs met die wegraping dat dit kan gebeur wanneer Hy kom vir net Sy kerk en nie na die wêreld toe met die wederkoms nie.*

<u>1 THESSALONICENSE 4:13-18.</u>

***"Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde."***

*Hierdie is die hoof skrif oor die wegraping in die Nuwe Testament en ek het dit al verduidelik en is duidelik genoeg soos dit daar staan.*

<u>2 THESSALONICENSE 2:7-8.</u>

***"Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is;***

***en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak,"***

*Hier word dit duidelik gesê dat die Antichris nie kan begin met dit wat hy moet doen nie, omrede daar n* ***"faktor"*** *is wat hom tee hou. Hierdie* ***"faktor"*** *is die kerk van Jesus Christus asook die Heilige Gees. Die kerk word weggeneem en die Heilige Gees staan opsy, (Hy word nie weg geneem nie) sodat die openbaring kan plaas vind. Die Heilige Gees is God en alomteenwoordig. Hy kan nie weg geneem word nie. Dis die kerk van Christus wat weggeneem word uit hierdie wereld deur die krag van die Heilige Gees. Wanneer die Heilige Gees die kerk uit hierdie wereld uit neem beteken dit nie dat Hy nie meer hier is nie. Die wat die Here gaan gebruik gedurende die verdrukking hier op aarde sal beslis die help van die Heilige Gees nodig hê. Die kerk is deur Jesus aangesê om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees. Wanneer hierdie* ***"sout"*** *en* ***"lig"*** *weg geneem word sal hierdie wêreld in die hande van die duiwel val, en sal die wraak van God begin. Hierdie sal plaasvind gedurende die wegraping.*

# 8.TIEN VERSKILLENDE WEGRAPINGS IN DIE BYBEL.

Die **eerste "wegraping"** het plaasgevind met weg neem van Henog.
**Die Bybel sê die volgende.**

**GENESIS 5:24.**
**"En Henog het met God gewandel; en hy was daar nie meer nie, want God het hom weggeneem."**

**Nerens in die Bybel lees ons dat Henog ooit gesterf het nie.** God het hom opgeneem hemel toe. Dit is 'n voorbeeld van die wegraping wat die kerk van Christus gaan beleef. Die kerk gaan met God wandel en dan gaan dit op 'n dag nie meer daar wees nie. God het hulle dan weg geneem hemel toe.
Ons lees van die **tweede "wegraping"** in;

**2 KONINGS 2:11.**
**"En terwyl hulle aldeur loop en spreek, kom daar meteens 'n wa van vuur met perde van vuur wat skeiding tussen hulle twee maak; en Elía het in die storm na die hemel opgevaar."**

**Nerens lees ons dat Elia die dood gesmaak het nie.**
Hierdie is die tweede wegraping wat ook 'n voorbeeld is van die wegraping van die kerk van Christus.

*Elia is in 'n storm opgeneem, so sal die wegraping van die kerk ook 'n storm nalaat met hulle weggaan. Beide Henog en Elia sal weer terug kom aarde toe as die twee getuies om dan te sterf en met heerlikheid beklee te word.*

*Die **derde "wegraping"** is die wegraping van Christus waar Hy opgevaar het hemel toe en terug in een dag.*

*JOHANNES 20:17-20.*

***"Jesus sê vir haar: Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie; maar gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God. Maria Magdaléna het aan die dissipels gaan vertel dat sy die Here gesien het en dat Hy dit vir haar gesê het. En toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure waar die dissipels vergader het uit vrees vir die Jode, gesluit was, het Jesus gekom en in hul midde gestaan en aan hulle gesê: Vrede vir julle! En nadat Hy dit gesê het, wys Hy hulle sy hande en sy sy. En die dissipels was bly toe hulle die Here sien."***

*Die **vierde "wegraping"** is die wegraping van Christus saam met baie Ou Testamentiese heiliges en die siele van die Ou Testamentiese heiliges wat nog nie opgewek is nie.*

***<u>MATTHEUS 27:52-53.</u>***

***"en die grafte het oopgegaan en baie liggame van die ontslape heiliges het opgestaan. En ná sy opstanding het hulle uit die grafte uitgegaan en in die heilige stad ingekom en aan baie verskyn."***

***<u>EFESIERS 4:8-10.</u>***

***"Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee. Maar dít: Hy het opgevaar—wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal het in die onderste dele van die aarde? Hy wat neergedaal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring."***

*Die **vyfde "wegraping"** is die van Paulus na die derde hemel.*

***<u>2 KORINTHIERS 12:1-4.</u>***

***"Dit is waarlik vir my nie nuttig om te roem nie, want ek sal kom tot gesigte en openbaringe van die Here. Ek weet van 'n man in Christus, veertien jaar gelede—of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit—dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel.***

***En ek weet van so 'n man—of dit in die liggaam of buite die liggaam was, weet ek nie, God weet dit—dat hy weggeruk is in die Paradys en onuitspreeklike woorde gehoor het wat 'n mens nie mag uitspreek nie."***

*Die **sesde "wegraping"** is die van Johannes op Patmos na die hemel.*

*OPENBARING 4:1.*

***"Ná hierdie dinge het ek gesien kyk, 'n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur."***

*Daar gaan nog vier toekomstige wegrapings wees. Die volgende algemene wegraping is die wegraping van al die dood en lewendige heiliges wat in Christus is.*

*Dit is die **sewende "wegraping"** Hierdie skrif verwys nie na die **"wederkoms"** waar Christus Sy voet op die Olyfberg gaan sit nie. Die Afrikaanse Bybel vertaal die oorspronklik Griekse woord met **"wederkoms"** maar in die oorspronklike is dit slegs **"koms".***

*Al die Engelse Bybels vertaal die woord met **"coming"** en nie met die woorde **"second coming"** nie. Hierdie verse verwys na die koms van die Here vir Sy Heiliges en nie na Sy koms met Sy heiliges nie.*

***1 KORINTHIERS 15:23.***

***"maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms."***

***2 THESSALONICENSE 4:15-18.***

***"Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde."***

***1 KORINTHIERS 15:51-54.***

***"Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.***

***En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning."***

JOHANNES 14:1-3.

***"Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."***

LUKAS 21:34_36.

***"Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon. Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan."***

FILLIPENSE 3:20-21.

***"Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam***

***volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp."***

Die ***agste "wegraping"*** is die van die ***144000 Joodse gelowiges*** wat gedurende die eerste drie en n half jaar van die verdrukking tot bekering gekom het.

*OPENBARING 7:1-8.*

***"En ná hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie. En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie. En ek het die getal van die verseëldes gehoor: honderd vier en veertig duisend verseëldes uit al die stamme van die kinders van Israel uit die stam van Juda twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Ruben twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Gad twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Aser twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Náftali twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Manasse twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Símeon twaalf***

***duisend verseëldes; uit die stam van Levi twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Issaskar twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Sébulon twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Josef twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Benjamin twaalf duisend verseëldes."***

*Ons sien hulle saam met Christus op die berg Sion staan.*

*OPENBARING 14:1-5.*

***"En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd vier en veertig duisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe. En ek het n geluid uit die hemel gehoor soos die geluid van baie waters en soos die geluid van 'n harde donderslag, en ek het die geluid gehoor van siterspelers wat speel op hulle siters. En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd vier en veertig duisend wat van die aarde vrygekoop is. Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein; dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge vir God en die Lam. En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek voor die troon van God."***

*Die* ***negende “wegraping”*** *is die verdrukking se martelare.*

***<u>OPENBARING 6:9-11.</u>***

***“En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie? En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees.”***

***<u>OPENBARING 20:4.</u>***

***“En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.”***

*Die **tiende "wegraping"** is die van die twee getuienisse van Openbaring 11.*

***OPENBARING 11:7-12.***

***"En wanneer hulle hul getuienis voleindig het, sal die dier wat uit die afgrond opkom, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak; en hulle lyke sal lê op die straat van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is. En mense uit die volke en stamme en tale en nasies sal hulle lyke drie en 'n halwe dag lank sien en nie toelaat dat hulle lyke in die graf gelê word nie. Die bewoners van die aarde sal bly en verheug wees oor hulle en sal vir mekaar geskenke stuur, omdat dié twee profete die bewoners van die aarde gepynig het. En ná die drie en 'n halwe dag het 'n gees van die lewe uit God in hulle ingegaan, en hulle het op hul voete gaan staan, en 'n groot vrees het geval op die wat hulle aanskou het. En hulle het 'n groot stem uit die hemel vir hulle hoor sê: Kom op hierheen! En hulle het opgevaar na die hemel in die wolk, en hul vyande het hulle aanskou."***

# 9.ANTWOORDE OP VERSKEIE VRAE EN VERONDERSTELLINGS.

## 1.DIE WOORD "WEGRAPING" KOM NIE IN DIE BYBEL VOOR NIE.

*Daarom is dit duidelik nie 'n Bybelse leerstelling nie. Dat die eintlike woord **"wegraping"** nie in die Bybel voorkom nie is waar. Dit beteken egter nie dat daar nie so n leerstelling is nie. Die woorde **"Bybel; demone; alomteenwoordig; drie-eenheid;"** en vele ander kom ook nie in die Bybel voor nie, en tog word dit aanvaar as Bybelse terme. Veral die woord **"drie-eenheid".** Die woord is nie daar nie, maar die leerstelling is duidelik daar. As ons wil sê dat daar nie 'n leerstelling soos die wegraping in die Bybel is nie net omrede die woord nie daar is nie, moet ons ook sê dat die leerstelling van die drie-eenheid ook nie Bybels is nie, omrede die woord nie in die Bybel voorkom nie.*

*In die skrif 1 Thessalonicense 4:13-18 lees ons die woord **"weggevoer".** Dit is baie naby aan die woord **"wegraping".** Die meeste Engelse Bybels gebruik die woorde **"caught up"** en **"taken up".***

*Die Strongs Konkordansie verwys na die woord as **"catch up".** Dis is dit duidelik dat die woord wel voorkom net in verskillende vorms. Die woord **"parousia"** word slegs gebruik met betrekking tot die wederkoms en nie met betrekking tot 'n sogenaamde **"wegraping"** nie.*

*Die woord "**parousia**" word gebruik by beide geleenthede. Dit bedoel letterlik 'n persoonlike verskyning of persoonlike verskyning in iemand anders se teenwoordigheid. Daar is verskeie maniere waarop die woord "**parousia**" in die Bybel gebruik word.*

***a.Paulus se teenwoordigheid voor ander.***

*2 KORINTHIERS 10:10.*

***"Want die briewe, sê hulle, is wel gewigtig en kragtig, maar die persoonlike teenwoordigheid is swak en die woord niks werd nie."***

***STRONGS HEBREW AND CREEK DICTIONARIES.***

*G3952 παρουσίαparousia (par-ou-see'-ah) n. 1. a being near, i.e. advent 2. (often) return 3. (specially) return of Christ to punish Jerusalem, or finally the wicked 4. (by implication, physically) aspect [from the present participle of G3918] KJV: coming, presence Root(s): G3918*

*FILIPPENSE 2:12.*

***"Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam gewees het, nie in my teenwoordigheid alleen nie, maar baie meer nou in my afwesigheid, werk julle eie heil uit met vrees en bewing;"***

***b. Ander persone se teenwoordigheid voor Paulus.***

***<u>1 KORINTHIERS 16:17.</u>***
***"En ek verbly my oor die aankoms van Stéfanas en Fortunátus en Acháïcus, omdat hulle my gemis aan julle vergoed het."***

*Die woord **"aankoms"** in hierdie vers word vertaal met **"parousia".***

***c. Die woord word ook gebruik vir die koms van n sekere dag.***

***<u>2 PETRUS 3:12.</u>***
***"julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt."***

*Hier word die woord **"koms"** ook vertaal met die woord **"parousia".***

***d. Die woord word ook gebruik vir die ontmoeting van persone met Christus tydens die wegraping in die lug.***

***<u>1 KORINTHIERS 15:23.</u>***
***"maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms."***

**1 THESSALONICENSE 2:19-20.**

***"Want wie anders as julle is ons hoop of blydskap of kroon van roem in die teenwoordigheid van onse Here Jesus Christus by sy wederkoms? Want julle is ons eer en blydskap."***

*Die woord in hierdie vers wat vertaal is met **"wederkoms"** moet wees die woord **"koms"** en is die griekse woord **"parousia".***

**JAKOBUS 5:7-8.**

***"Wees dan geduldig, broeders, tot op die wederkoms van die Here. Kyk, die landbouer wag op die kostelike vrug van die aarde en het geduld daarmee totdat dit die vroeë en die laat reën ontvang het. Julle moet ook geduldig wees; versterk julle harte, want die wederkoms van die Here is naby."***

*Dit is net soveel 'n **"parousia"** om Christus in die lig te ontmoet as op aarde. Dit maak nie saak waar en hoe mense mekaar ontmoet nie dit bly n **"parousia".** Parousia is ook nie die enigste woord wat gebruik word vir die wegraping of die wederkoms nie. **e.Phaneroo.** Word gebruik in Kolossence 3:4; 1 Petrus 5:4; 1 Johannes 2:28.*

**STRONGS HEBREW AND CREEK DICTIONARIES.**

*G5319 φανερόωphaneroo (fan-er-oh'-o) v. 1. to render apparent {literally or figuratively} [from G5318] KJV: appear, manifestly declare, (make) manifest (forth), shew (self) Root(s): G5318*

*2. Erchomai – word gebruik in 1Korinthiers 15:35 en in Johannes 21:23.*

**STRONGS HEBREW AND CREEK DICTIONARIES.**

*G2064 ἔρχομαιerchomai (er'-khom-ai) v. 1. to come or go {in a great variety of applications, literally and figuratively}[middle voice of a primary verb (used only in the present and imperfect tenses, the others being supplied by a kindred (middle voice) eleuthomai el-yoo'-thomahee,or (active) eltho el'-tho, which do not otherwise occur)] KJV: accompany, appear, bring, come, enter, fall out, go, grow, X light, X next, pass, resort, be set 3.Epiphaneia – word gebruik in 1 Timotheus 6:14; 2 Timotheus 4:1,8; Titus 2:13; 2 Thessalonicense 2:8,*

**STRONGS HEBREW AND CREEK DICTIONARIES.**

*G2015 ἐπιφάνειαepiphaneia (ep-if-an'-ei-ah) n. 1. a manifestation (specially) the advent of Christ (past or future) [from G2016] KJV: appearing, brightness Root(s): G2016 [?] f.Apokalupsis – word gebruik in 1 Korinthiers 1:7; 1 Petrus 1:7; 2 Thessalonicense 1:7-10.*

**STRONGS HEBREW AND CREEK DICTIONARIES.**

*G602 ἀποκάλυψιςapokalupsis (ap-ok-al'-oop-sis) n. 1. disclosure [from G601] KJV: appearing, coming, lighten, manifestation, be revealed, revelation Root(s): G601*

*Dit maak nie saak watter woord ons gebruik vir die wegraping of die wederkoms nie. Die woorde beteken slegs dat Hy terug kom en aan ons sal verskyn. Of Sy verskyning in die lug, in die hemel of op die aarde is, maak nie saak nie. Dus kan ons nie met die gebruik van die woord **"parousia"** probeer bewys dat daar net een wederkoms gaan wees en nie 'n wegraping nie. Die woord word gebruik vir beide.*

## 2.DIE WEGRAPING IS 'N "GEHEIME" GEBEURTENIS.

*Die Bybel leer glad nie dat daar so iets soos 'n **"geheime wegraping"** is nie. Ook nie dat God gaan kom soos 'n dief in die nag en die kerk gaan kom **"steel"** nie. Die wegraping gaan 'n raserige gebeurtenis wees. Die basuin gaan blaas en God gaan roep met die stem van n Aartsengel. Dit gaan 'n geweldige gebeurtenis wee swat gaan verby wees in 'n oogwink. Selfs al kan n mens daarna verwys as n geheime wegraping sal dit nie baie lank een wees nie. Onmiddelik na die gebeurtenis sal die wêreld weet dat iets geweldigs het plaasgevind. Miljoene menses al weg wees.*

*Dis nie iets wat 'n mens n geheim kan hou nie. Selfs die wederkoms van Christus sal nie n geheim wees nie. Dit sal onverwags wees soos n dief in die nag, maar beslis nie n geheim nie.*

## **3.JESUS HET GESÊ DAT DIE KERK** "DIREK NA" **DIE VERDRUKKING WEGGERAAP SAL WORD EN DAT DIE** "UITVERKORENES" **IN MATTHEUS 24:31 DIE KERK IS.**

*Jesus het niks van die wegraping gesê nie, veral nie dat dit na die verdrukking gaan plaasvind nie. Niemand gaan na die verdrukking weggeraap word nie, want almal sal teen daardie tyd alreeds weg wees hemel toe. Hierdie weggeraapte heiliges kom saam met Christus van die hemel af terug na die aarde toe met die wederkoms waar Hy Sy voet op die Olyfberg sit.*

***OPENBARING 19:14.***

***"En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne."***

*Die **"uitverkorenes"** in Mattheus 24:29-31 is die Joodse **"uitverkorenes"** wat op aarde is terwyl die weggeraapte heiliges in die hemel is. Die Joodse **"uitverkorenes"** is hulle wat gaan vlug na die berge net voor die wederkoms.*

***SAGARIA 14:5.***

***"En julle sal vlug in die dal van my berge—want die dal van die berge sal loop tot by Asal—en julle sal vlug soos julle gevlug het vir die aardbewing in die dae van Ussía, die koning van Juda. Dan sal die HERE my God kom, al die heiliges met U!"***

*Om te sê dat die uitverkorenes van Mattheus 24:31 die kerk is is om te sê dat die hele kerk van Christus in Judea moet wees voor die Antichris gaan sit in die tempel en voorgee dat hy God is. Wie ookal die uitverkorenes is sal dan moet vlug na die berge.*

***MATTHEUS 24:15-22.***

***"Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom —laat hy wat lees, oplet— dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug; wie op die dak is, moet nie afkom om iets uit sy huis weg te neem nie; en wie op die land is, moet nie omdraai om sy klere weg te neem nie. Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog, in daardie dae. En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie. Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie.***

***En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word. As iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of: Daar! —moet dit nie glo nie. Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei."***

Ons het geen profesie dat die kerk aan die einde van die verdrukking in Judea sal wees nie, maar daar is verskeie profesiee wat wys daarna dat Israel aan die einde van tyd in Judea versamel sal wees. Hulle wat deel is van hierdie gedeeltelike versameling van die Jode sal die uitverkorenes wees waarvan Mattheus 24 praat.

***Daar is vier verskillende** "uitverkorenes" **in die Bybel.***

## 1.DIE MESSIAS.

***JESAJA 42:1.***
***"Daar is my Kneg wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel 'n welbehae het. Ek het my Gees op Hom gelê; Hy sal die reg na die nasies uitbring."***

***1 PETRUS 2:6.***
***"Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie."***

## 2.ISRAEL.

**JESAJA 45:4.**

*"ter wille van Jakob, my kneg, en Israel, my uitverkorene, het Ek jou by jou naam geroep; Ek het jou 'n erenaam gegee, hoewel jy My nie geken het nie."*

## 3.DIE KERK.

**KOLOSENSE 3:12.**

*"Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid."*

**TITUS 1:1.**

*"Paulus, 'n dienskneg van God en 'n apostel van Jesus Christus, volgens die geloof van die uitverkorenes van God en die kennis van die waarheid wat na die godsaligheid is,"*

**EFESIERS 1:4.**

*"soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,"*

# 4. DIE GETROUE ENGELE.

**1 TIMOTHEUS 5:21.**

***"Ek besweer jou voor God en die Here Jesus Christus en die uitverkore engele dat jy hierdie dinge sonder vooroordeel in ag neem en niks uit partydigheid doen nie."***

*Ons moet dus besef wanneer ons die woord* ***"uitverkorene"*** *sien in die Bybel sien, dan beteken dit nie outomaties dat daar van die* ***"kerk"*** *gepraat word nie. Die konteks van die gedeelte waarin die woord voorkom moet in ag geneem word. Daar word gesê dat God se doel met die kerk is om dit deur die verdrukking te stuur voor die wegraping om hulle te beskerm teen die dood soos Hy vir Noag beskerm het tydens die vloed. Soos Hy vir Daniel beskerm het in die den van die Leeus en soos Hy die drie Hebreeuse seuns in die vuuroond beskerm het.*
*Ook soos Hy Israel in Egipte tydens die plae beskerm het. Siende dat dit die patron in die Ou Testament was, hoekom sal dit nou hier verander?*
***Jesus belowe dan tog dat God ons sal beskerm!***

**JOHANNES 17:15.**

***"Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar."***

*Hierdie skrif word sterk gebruik deur hulle wat nie in die wegraping glo nie. Hulle sê dat hierdie skrif getuig daarvan dat daar nie 'n weg neem uit hierdie wêreld is nie, maar 'n bly tot die einde. As daar dan 'n verdrukking gaan wees sal God ons in hierdie verdrukking beskerm en veilig hou. Die waarheid is egter dat deur al die eeue – in die Ou Testament en die 101 Nuwe Testament tye – daar geweldig baie Christene gedood is op die wreedste maniere denkbaar en God het hulle nie beskerm nie. As ons net die boek Fox Martyrs lees sal ons besef dat verdrukking deel was en is van die Christelike ondervinding in hierdie wêreld. Wanneer ons die boek van Openbaring lees dan sien ons dat ontelbare siele gaan in die verdrukking gedood word en die meeste van hulle sal Christene wees. Die heiliges wat in die verdrukking gedood word is hulle wat na die wegraping tot die Here gekom het asook hulle wat die wegraping gemis het. Dis slegs die 1444 000 uitverkore Jode wat beskerm gaan word tydens die verdrukking. Die rede hoekom God die kerk hier wegneem met die wegraping is nie om die verdrukking van die wêreld teen hulle te vermy nie, maar om die* ***"benoudheid van Jacob"*** *te laat aanbreek. Die tyd wat op sy gesit is om met Isreal te deel en die wraak van God op hierdie aarde.*

# 4.NIEMAND GAAN GERED WORD NA DIE WEGRAPING NIE.

*Dit is beslis nie die waarheid nie. Die Bybel openbaar dat daar 'n groot herlewing tydens die verdrukking gaan wees.*

***HANDELINGE 2:16-21.***

***"Maar dit is wat deur die profeet Joël gespreek is: En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom. En ook op my diensknegte en diensmaagde sal Ek in dié dae van my Gees uitstort, en hulle sal profeteer. En Ek sal wonders gee bo in die hemel en tekens onder op die aarde, bloed en vuur en rookdamp. Die son sal verander in duisternis en die maan in bloed voordat die groot en deurlugtige dag van die Here kom. En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word."***

*Miljoene gaan gered en gemartel word gedurende die verdrukking.*

***OPENBARING 12:17.***

***"En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou."***

***SAGARIA 12:10.***

***"Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind."***

***OPENBARING 7:1-9.***

***"En ná hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie. En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie.***

***En ek het die getal van die verseëldes gehoor: honderd vier en veertig duisend verseëldes uit al die stamme van die kinders van Israel uit die stam van Juda twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Ruben twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Gad twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Aser twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Náftali twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Manasse twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Símeon twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Levi twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Issaskar twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Sébulon twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Josef twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Benjamin twaalf duisend verseëldes. Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande;"***

*Dis duidelik uit bogenoemde skrifte dat daar heelwat mense tot redding gaan kom in die verdrukking.*

## 5. DAAR GAAN NET EEN ALGEMENE WEGRAPING WEES.

*Die waarheid is egter dat daar alreeds ses historiese wegrapings na die hemel was en dat daar nog vier voor lê in die toekoms. {sien hoofstuk agt.)*

## 6. DIE FEIT DAT DIE WOORD "HEILIGES" GEBRUIK WORD IN DIE BOEK OPENBARING IS 'N BEWYS DAT DIE KERK DEUR DIE HELE VERDRUKKING GAAN.

*Daar sal **"heiliges"** wees gedurende die verdrukking dit word duidelik geleer uit verskeie skrifte. Daar was baie heiliges op hierdie aarde gedurende die verskillende dispensasies van af die tyd van Adam. Die woord **"heiliges"** is egter nie 'n woord wat 'n mens vasmaak aan enige groep of gebeurtenis of dispensasie nie. Veral is dit nie eklusief die eindom van die kerk nie. Die kerk is reeds voor die verdrukking weggeraap en die **"heiliges"** in hierdie geval van die verdrukking is die 144000 Jode en die feit dat hulle **"heiliges"** genoem word is beslis nie 'n bewys dat die kerk in die verdrukking is nie. Die **"wegraping"** vind plaas tydens die sewende basuin van Openbaring 11:15 en hierdie basuin is die selfde as die laaste basuin van 1 Korinthiers 15:51-54.*

***OPENBARING 11:15.***

***"En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid."***

***1 KORINTHIERS 15:51-54.***

***"Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word. En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning."***

*Daar is nie die minste ooreenkoms tussen hierdie twee skrifte nie. Dis onmoontlik dat hierdie twee skrifte na die selfde gebeurtenis verwys, al word dit hoe verdraai. Die basuin van Openbaring 11:15 is die van 'n gewone Engel terwyl die een in 1 Korinthiers 15:51-54 die basuin van God is.*

*Die basuin van die engel van openbaring 11 het geblaas om oordele aan te kondig. Ons lees in Openbaring 8 net nadat die vierde engel geblaas het die volgende woorde;*

***OPENBARING 8:13.***

***"En ek het gesien en gehoor 'n engel wat in die middel van die hemel vlieg, wat met 'n groot stem sê: Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige geluide van die basuin van die drie engele wat nog sal blaas!"***

*Hierdie skrif dui duidelik aan dat die drie engel wat nog moet blaas nog oordele aankondig. Dit sluit die engel van Openbaring 11 in. Daar in teen kondig die basuin van 1 Korinthiërs goeie nuus aan – die opstanding uit die dode. Die basuin van Openbaring 11 sal ongeveer drie en n half jaar na die wegraping blaas en drie en 'n half jaar voor die wederkoms van Christus. Die basuin van 1 Korinthiers en 1 Thessalonicense sal ongeveer drie en 'n half jaar voor die basuin van Openbaring 11 blaas. Die een basuin blaas in die middel van die gebeure wat na Openbaring 4 gebeur en die ander basuin blaas voor die gebeure van Openbaring 4. Die een Basuin kondig 'n gebeurtenis aan wat op een dag gaan gebeur en die ander basuin kondig 'n gebeurtenis aan wat oor baie dae sal gebeur.*

*As 'n mens die dispensasies van die Bybel reg verstaan en weet dat 'n mens dit nie met mekaar moet verwar nie, dan verstaan 'n mens die profetiese van die Bybel beter. Die laaste van een dispensasie is nie dieselfde as die laaste van 'n ander dispensasie nie. Daarom kan 'n mens die laaste basuin van die kerk dispensasie nie verwar met die laaste van die sewe basuine van Openbaring nie. Wanneer 'n mens hierdie met mekaar verwar dan kom daar allerhande dwalinge tot stand. Ons sien ook dat alhoewel hierdie genoem word die laaste basuin dit beslis nie die laaste basuin is nie. Tydens die wederkoms en daarna gaan nog vele basuine geblaas word.*

## 7.JESUS SÊ DAT DIE GODDELOSE SAL BY MEKAAR GEMAAK WORD EN VERNIETIG WORD VOOR DIE WEGRAPING.

**MATTHEUS 13:24-43.**

***"'n Ander gelykenis het Hy hulle voorgehou en gesê: Die koninkryk van die hemele is soos 'n man wat goeie saad in sy land gesaai het; maar terwyl die mense slaap, het sy vyand gekom en onkruid onder die koring gesaai en weggegaan. En toe die spruitjies opgeskiet en vrug gevorm het, toe verskyn die onkruid ook. En die diensknegte van die huisheer het gekom en vir hom gesê: Meneer, het u dan nie goeie saad in u land gesaai nie? Waar kry dit dan die onkruid vandaan?***

***En hy antwoord hulle: 'n Vyandige mens het dit gedoen. Toe sê die diensknegte vir hom: Wil u dan hê dat ons dit moet gaan bymekaarmaak? Maar hy antwoord: Nee, dat julle nie miskien, as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie. Laat altwee saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur. 'n Ander gelykenis het Hy hulle voorgehou en gesê: Die koninkryk van die hemele is soos 'n mosterdsaad wat 'n man neem en in sy land saai; wat wel die kleinste is van al die soorte saad, maar as dit gegroei het, groter is as die groentesoorte en 'n boom word, sodat die voëls van die hemel kom en nes maak in sy takke. 'n Ander gelykenis het Hy hulle vertel: Die koninkryk van die hemele is soos suurdeeg wat 'n vrou neem en in drie mate meel inwerk totdat dit heeltemal ingesuur is. Al hierdie dinge het Jesus deur gelykenisse vir die skare gesê, en sonder gelykenis het Hy vir hulle niks gesê nie; sodat vervul sou word die woord wat gespreek is deur die profeet: Ek sal my mond open deur gelykenisse; Ek sal uitspreek dinge wat verborge was van die grondlegging van die wêreld af. Nadat Hy die skare weggestuur het, het Jesus huis toe gegaan; en sy dissipels het na Hom gekom en gesê: Verklaar vir ons die gelykenis van die onkruid in die saailand.***

***En Hy het geantwoord en vir hulle gesê: Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens, en die saailand is die wêreld. Die goeie saad—dit is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose, en die vyand wat dit gesaai het, is die duiwel. Die oes is die voleinding van die wêreld, en die maaiers is die engele. Net soos die onkruid dan bymekaargemaak en met vuur verbrand word, so sal dit wees in die voleinding van hierdie wêreld: die Seun van die mens sal sy engele uitstuur, en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen, en sal hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande. Dan sal die regverdiges skyn soos die son in die koninkryk van hulle Vader. Wie ore het om te hoor, laat hom hoor."***

***MATTHEUS 24:40-45.***

***"Dan sal daar twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie. Maar weet dit: as die huisheer geweet het in watter nagwaak die dief sou kom, sou hy gewaak en nie toegelaat het dat in sy huis ingebreek word nie. Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun***

***van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie. Wie is dan die getroue en verstandige dienskneg vir wie sy heer oor sy diensvolk aangestel het om hulle hul voedsel op tyd te gee?"***

*In hierdie verse verwys Jesus nie na die wegraping nie. In Mattheus 13 is Hy slegs besig om te verduidelik dat daar sal onregverdiges en regverdiges op aarde wees tot en met die einde. Na Armaggedon sal daar 'n versameling van beide die goddeloses en die regverdigis om te sien wie is waardig om die duisend jaar van Christus se ryk op aarde binne te gaan. Hier is geen sprake van die wegraping nie omrede al die wegrapings van die skrif teen hierdie tyd al plaasgevind het. Sommige reken dat die kerk nie gereed is om die Here te ontmoet nie, daarom is dit nodig om deur die verdrukking te gaan om skoon en gelouter te word daardeur. Hierdie gedagte is nie net onskriftuurlik nie, maar ook belaglik. As ons aanvaar dat God geen aannemer van die persoon is nie, dan moet Hy almal wat alreeds dood is en deel uit maak van Sy kerk, weer lewendig maak en hulle ook deur die verdrukking stuur. Verder is dit ook belaglik. As n mens hierdie seining handhaaf dan reken jy die Heilige Gees het nie Sy werk goed gedoen nie, en moet nou die Antichris gebruik om die kerk heilig te kry. Genade was nie genoeg nie. Hoe kan die verdrukking veroorsaak dat ek meer* ***"in Christus"*** *is as wat genade dit kan doen?*

# 8.ELKE OOG SAL CHRISTUS SIEN TYDENS DIE WEGRAPING.

***MATTHEUS 24:30.***

***"En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid."***

***OPENBARING 1:7.***

***"Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen! "***

*Nie een van hierdie skrifte deel met die wegraping nie maar met die wederkoms van Jesus Christus wanneer Hy sal terug kom tot op die Olyfberg. Met die wegraping sal niemand op die aarde vir Christus sien nie. Die heiliges wat weggeraap word sal Christus eers in die wolke sien wanneer hulle Hom daar ontmoet. Tydens die wegraping sal al die heiliges Hom dadelik sien. Gedurende die wederkoms sal daar gedurig meer en meer mense Hom sien soos hulle na Jerusalem toe sal kom.*

JESAJA 2:1-4.

***"Die woord wat Jesaja, die seun van Amos, gesien het met betrekking tot Juda en Jerusalem. En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie."***

Die stelling van **Mattheus 24:13;**

***"Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word."***

*Word gebruik om te sê dat ons moet volhard tot die einde van die eeue om gered te word. Daarom is dit duidelik dat die kerk aan die einde van die verdrukking nog hier op aarde sal wees. Hierdie stelling verwys nie na die kerk nie, maar na Israel wat hier sal wees aan die einde van die verdrukking.*

*Hierdie skrif het ook niks met saligheid te maak nie. Dit verwys na hulle wat volhard om aan die kant van die Here te bly in die verdrukking en nie toegee aan die eise van die Antchris nie, hulle sal gered word.*

***SAGARIA 14:1-21.***

***"Kyk, daar kom 'n dag vir die HERE; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, o Jerusalem! Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie. En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide.En julle sal vlug in die dal van my berge—want die dal van die berge sal loop tot by Asal—en julle sal vlug soos julle gevlug het vir die aardbewing in die dae van Ussía, die koning van Juda. Dan sal die HERE my God kom, al die heiliges met U! En in dié dag sal daar geen lig wees nie, die sterre sal duister wees.***

***En dit sal 'n enige dag wees wat aan die HERE bekend is—geen dag en geen nag nie; maar teen die aand sal dit lig word. En in dié dag sal daar lewende waters uit Jerusalem uitvloei, die een helfte daarvan na die Oostelike en die ander helfte daarvan na die Westelike See; somer en winter sal dit so wees. En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die HERE een wees, en sy Naam een. Die hele land sal soos die Vlakte word, van Geba tot by Rimmon, suid van Jerusalem; maar Jerusalem self sal hoog wees en woon op sy plek, van die poort van Benjamin af tot by die plek van die vorige poort, tot by die Hoekpoort, en van die toring Hanáneël tot by die parskuipe van die koning. En hulle sal daarin woon, en daar sal geen banvloek meer wees nie, en Jerusalem sal in veiligheid woon. En dit sal die plaag wees waarmee die HERE al die volke sal tref wat opgetrek het om teen Jerusalem te veg: Hy sal hulle vlees laat wegteer, terwyl hulle nog op hul voete staan; en hulle oë sal wegteer in hulle holtes, en hulle tong wegteer in hulle mond. En in dié dag sal 'n groot verwarring van die HERE onder hulle kom, sodat die een die hand van die ander sal gryp, en die hand van die een hom sal verhef teen die hand van die ander. En Juda sal ook in Jerusalem veg, en die rykdom van al die nasies rondom sal ingesamel word: goud en silwer en klere—'n groot hoeveelheid.***

***En soos hierdie plaag is, sal die plaag wees van die perde, die muile, die kamele en die esels en van al die diere wat in daardie laers is. En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier. En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërskare, te aanbid nie—hulle sal geen reën kry nie. En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie. Dit sal die straf van Egipte wees en die straf van al die nasies wat nie optrek om die huttefees te vier nie. In dié dag sal op die klokke van die perde staan: Heilig aan die HERE! En die potte in die huis van die HERE sal wees soos die komme voor die altaar. Ja, al die potte in Jerusalem en Juda sal aan die HERE van die leërskare heilig wees; en almal wat wil offer, sal kom en daarvan neem en daarin kook; en in dié dag sal daar geen Kanaäniet in die huis van die HERE van die leërskare meer wees nie."***

***MATTHEUS 23:37-39.***

***"Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat! Want Ek sê vir julle: Julle sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!"***

## 9.JESAJA VOORSPEL HIERDIE GEBEURTENIS EN JESUS BEVESTIG DIT.

Jesus het niks gesê van 'n wegraping voor die verdrukking in Lukas 21:34-36. In Lukas 21:1-11 gee Jesus n aantal tekens van Sy wederkoms. Dieselfde tekens wat ons vind in Mattheus 24:4-28. Dan in Lukas 21:12-24 gee Hy sommige tekens van wat gaan gebeur met Jerusalem 70 NC. Hy gebruik die woorde ***"voor al hierdie dinge."*** Dan gaan Hy voort om die dinge wat gaan kom te bespreek. Daarna vertel Hy hulle hoe om hierdie dinge te ontvlug. Daardie ontvlug is die wegraping.

# 10.DAAR WORD GESÊ DAT DANIEL 7:21 BEWYS DAT DIE ANTICHRIS OORLOG VOER TEEN DIE HEILIGES EN DIT BEWYS DAT DIE KERK IN DIE VERDRUKKING GAAN WEES.

**DANIEL 7:21.**

***"Ek het gesien dat hierdie horing oorlog voer met die heiliges en hulle oorwin,"***

*Die kerk word nie genoem in die boek Daniel nie, nog minder 'n oorlog tussen die kerk en die Antichris. Daniël deel met Israel en onthul wat gaan met hulle gebeur tydens die verdrukking.*

**DANIEL 9:24-27.**

***"Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf. Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee en sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid.***

***En ná die twee en sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings. En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word."***

***SCOFIELD KOMMETAAR.***

*Dan 9:24 - Sewentig weke Dit is "weke" of meer akkuraat, sewes van jare; sewentig weke van sewe jaar elk. Binne hierdie "weke" moet die nasionale tugtiging beëindig word en die nasie in ewige geregtigheid herstel word (Dan_9:24). Die sewentig weke word in sewe = 49 jaar verdeel; twee-en-sestig = 434 jaar; een = 7 jaar (Dan_9:25-27). In die sewe weke = 49 jaar sou Jerusalem herbou word in "moeilike tye". Dit is vervul, soos Esra en Nehemia opteken. Twee-en-sestig weke = 434 jaar, daarna sou Messias kom (Dan_9:25). Dit is vervul in die geboorte en manifestasie van Christus. (Dan_9:26); (Dan_9:26) is uiteraard 'n onbepaalde tydperk. Die datum van die kruisiging is nie vasgestel nie. Daar word net gesê dat dit "na" die sestig en twee weke is. Dit is die eerste gebeurtenis in (Dan_9:26).*

Die tweede gebeurtenis is die vernietiging van die stad, vervul 70 nC. Toe, "tot die einde toe," 'n tydperk wat nie vasgestel is nie, maar wat reeds geduur het byna 2000 jaar. Aan Daniël is net geopenbaar dat oorloë en verwoestings sou voortduur (Vergelyk (Mat_24:6-14). Die Nuwe Testament openbaar dit wat vir die Ou Testamentiese profete verborge was; (Mat_13:11-17); (Ef_3:1-10) ) dat gedurende hierdie tydperk die verborgenhede van die koninkryk van die hemele (Mat_13:1-50) en die uitroeping van die Kerk volbring moet word; (Mat_16:18); (Rom_11:25) Wanneer die Kerktydperk sal eindig , en die sewentigste week begin, word nêrens geopenbaar nie. Die duur daarvan kan maar sewe jaar wees. Om dit meer te maak, skend die beginsel van interpretasie wat reeds deur vervulling bevestig is. (Dan_9:27) handel oor die laaste week. Die "hy" van (Dan_9:27) is die "vors wat sal kom" van (Dan_9:26); wie se mense (Rome) die tempel vernietig het, 70 nC. Hy is dieselfde met die "horinkie" van hoofstuk 7. Hy sal 'n verbond met die Jode sluit om hulle tempeloffers vir een week (sewe jaar) te herstel, maar in die middel van daardie tyd sal hy die verbond verbreek en vervul; (Dan_12:11); (2Th_2:3); (2Th_2:4). Tussen die nege-en-sestigste week, waarna Messias afgesny is, en die sewentigste week, waarbinne die "horinkie" van Daniël 7

*sy aaklige gang gaan loop, gryp hierdie hele Kerk-era in. (Dan_9:27) handel oor die laaste drie en 'n half jaar van die sewe, wat identies is met die "groot verdrukking." (Mat_24:15-28) "tyd van benoudheid" (Dan_12:1) uur van versoeking" (Openb_3:10).*

*Nêrens lees ons dat die kerk 'n leermag het waarmee hulle oorlog voer nie, maar ons het skrif wat bewys dat Israel teen hom gaan oorlog voer.*

***SAGARIA 14:14.***

***"En Juda sal ook in Jerusalem veg, en die rykdom van al die nasies rondom sal ingesamel word: goud en silwer en klere —'n groot hoeveelheid."***

*Daar is verskillende plekke in die Bybel waar Israel genoem word **"heiliges".** In die meeste gevalle word die woord **"gunsgenote"** gebruik, maar in die Engelse Bybels word die woord gebruik **"saints"** wat ook in Afrikaans vertaal kan word as **"heiliges".***

***STRONGS HEBREW AND CREEK DICTIONARIES.***

*H2623 דיִסָח chaciyd (khaw-seed') adj. 1. (properly) kind, i.e. (religiously) pious (a saint) [from H2616] KJV: godly (man), good, holy (one), merciful, saint, (un- )godly. Root(s): H2616*

*Dus is dit duidelik dat Daniel 7:21 te doen het met Israel en nie met die kerk nie. Die woord* ***"apantesis"*** *wat vertaal word met* ***"ontmoet"*** *in Thessalonicense beteken* ***"kom terug met"*** *en impliseer dat dieselfde rigting gevolg word na hierdie ontmoeting wat gevolg is van die begin punt. Dit verwys dus na die ontmoeting van Christus met die heiliges in die wolke en dan kom Hy onmiddelik saam met hulle terug aarde toe. Die woord beteken nie die verandering van rigting nie soos ons sien in Mattheus 25:1 en Handelinge 28:15. Toe Paulus die heiliges ontmoet het, het hy aangehou in die rigting van Rome omrede dit sy eindbestemming was. Dit was sy oorspronklike bestemming. Hy kon van rigting verander het as dit sy plan was en na n ander bestemming gegaan het. Beide die Griekse woord* ***"apantesis"*** *en die woord* ***"ontmoet"*** *beteken net een ding* ***"ontmoet"!*** *Niks anders nie. Die woord verplig niemand om aan te hou beweeg in dieselfde rigting nie. In Mattheus 25:1 en 6 waar die maagde gaan om die bruidegom te ontmoet word daar niks gesê dat hulle saam met die bruidegom in dieselfde rigting beweeg het nie. Nou is daar ook 'n ander vraag. Daar word gesê dat die kerk tydens die wegraping vir Christus tegemoet gaan en dan saam met Hom terug aarde toe kom. Hoekom kan dit nie anders om wees nie? Is dit nie Christus, na die geroep en die klank van die basuin, wat die kerk tegemoet kom en hulle dan Hemel toe begelei nie?*

*Ons is diegene wat geroep word. Nie Christus nie. Ons gaan om die Vader te ontmoet en Hy kom ons haal. Die feit dat Jesus in Johannes 6:39-54 sê dat die opstanding sal plaasvind in die laaste dag bewys dat die wegraping van die heiliges eers aan die einde van die tyd, op die laaste dag sal plaasvind. Die Griekse woord vir **"laaste"** is **"eschatos"** beteken **"verste, afgesonder, eindtyd".***

***STRONGS HEBREW AND CREEK DICTIONARIES.***

*G2078 ἔσχατοςeschatos (es'-khat-os) adj. 1. farthest, final (of place or time) [a superlative probably from G2192 (in the sense of contiguity)] KJV: ends of, last, latter end, lowest, uttermost Root(s): G219*

*Hierdie woord dui nie op die laaste dag van bestaan nie, want daar sal nie so iets wees nie, omrede ons vir ewig gaan aanhou bestaan. Hierdie dui op die einde van die dispensasie nie 'n spesiefieke dag nie. Ons weet uit Openbaring 20:4-15 dat daar ten minste 'n duisend jaar tussen die opwekking van die goeie en die goddelose sal wees. So daar kan nie 'n enkele dag vir 'n algemene opstanding wees nie. In sekere kerk groepe en denke van persone leef die idée dat na die wegraping die Heilige Gees nie meer op aarde sal wees nie. Die Heilige Gees gaan saam met die kerk hemel toe, en bly dan daar.*

*Daar is geen aanduiding dat die bediening van die Heilige Gees op hierdie aarde tydens enige tyd van die geskiedenis van die aarde gaan ophou om te funksioneer nie. Inteendeel, die bediening van die Heilige Gees is 'n ewigdurende bediening en sal nooit ophou nie.*

***JOHANNES 14:16.***

***"En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid:"***

*Die **"bruilof"** wat na verwys word in beide Mattheus 25:1-13 en Openbaring 19:1-10. Die storie wat Jesus gebruik in Mattheus gaan oor 'n aardse huwelik tussen 'n man en 'n vrou en Hy gebruik dit as 'n voorbeeld om te ilustreer hoe waaksaam ons moet wees vir Sy wederkoms. Daarenteen is die bruilof in Openbaring 19 'n hemelse bruilof tussen Jesus en Sy bruid. Hierdie bruilof is ook 'n bruilof in die hemel en die van Mattheus is een op die aarde. Verder is die bruilof in Mattheus voltrek meer as 2000 jaar gelede volbring maar die een in Openbaring is 'n profetiese bruilof wat nog moet plaasvind.*

# ***11.JESUS HET NIE EENMAAL NA DIE WEGRAPING VERWYS AS 'N GEBEURTENIS LOS VAN DIE WEDERKOMS NIE.***

*Inteendeel het Jesus dit baie duidelik gemaak dat voor Sy koms om die koninkryk op aarde te vestig Hy al die heiliges gaan kom haal om by Hom te wees.*

***Ons lees dit in die volgende vers.***

***JOHANNES 14:1-3.***
***"Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."***

*Verder het Hy ook in Lukas 21:34-36 die versekering gegee dat die wat **"waak en bid"** dit wat gaan kom sal **"ontvlug".***

# 10.DIE WAARHEID OOR DIE TYD VAN DIE HEIDENE.

*Sekere verkondigers van die woord en opregte christene verkondig verkeerdelik dat die* ***"tyd van die heidene"*** *2,520 jaar gaan wees. Dit is vanaf die tyd van Daniel tot en met die wederkoms. Wat ons egter moet onthou is dat Daniel nie die hele* ***"tyd van die heidene"*** *gesien het nie. Die 2,520 jaar teorie oor die lengte van* ***"die tyd van die heidene"*** *is gebaseer op die* ***"sewe tye"*** *van Levitikus 26. In hierdie gedeelte word gesê dat God die volk sewe maal meer sal straf vir hulle sondes. Daar word geglo dat 'n profetiese jaar 360 dae lank is en dat hierdie 360 dae in werklikheid verwys na 360 jaar. Dus het ons hier te doen met die vergelyking van 'n dag vir 'n jaar. Dus as ons die som so maak dan is sewe maal 360 jaar die getal 2520. Verskeie persone het datums daar gestel van wanneer hierdie 2520 jaar sal eindig. Nie een van hierdie sogenaamde datums was korrek nie. Daar is geglo dat die 2520 jaar begin het in die jaar 606VC, of 616VC. Daar word selfs verwys na ander datums vir die begin van die 2520 jaar. Dis te verstane dat die begin van hierdie tydperk sal bepaal wanneer dit sal eindig. 'n Mens kan 2520 jaar ook nie verder rek as 2520 jaar nie. Soos die tyd aangestap het het die* ***"datum stellers"*** *hulle datums aangepas, maar hulle hardloop nou uit datums uit.*

*Die uiteensetting van* ***"2520 jaar vir die tyd van die heidene"*** *is totaal onskriftuurlik om die volgende redes. Die uitdrukking* ***"sewe keer"*** *kom 23 keer in die Ou Testament voor en nie een keer verwys dit na* ***"2520 jaar"*** *nie. As die woord* ***"tyd"*** *verwys na 'n jaar van 360 dae, dan moet dit verstaan word as dae soos ons dit ken van 24uur elk. Ons kan dit nie verander in 360 jaar nie. Wanneer die Bybel 'n sekere aantal dae gebruik om te korrespondeer met dieselfde aantal jare dan is die stelling baie duidelik.*

***NUMERIE 14:33-34.***

***"En julle kinders sal soos herders rondtrek in die woestyn, veertig jaar lank, en sal so die gevolge van julle hoerery dra totdat julle lyke in die woestyn verteer is. Volgens die getal dae dat julle die land verken het, veertig dae, vir elke dag een jaar, moet julle jul ongeregtighede dra, veertig jaar lank, en my teëstand gewaar word."***

*In sulke gevalle is 'n dag 'n dag en 'n jaar en 'n jaar. Ons het nie die reg om dit te verander nie. Verder, as* ***"sewevoudig"*** *die bedoeling van 2520 jaar het in Levitikus 26, dan het ons vier periods van 2520 of 'n total van 10080 jaar om voor verantwoording te doen, want die gedeelte gebruik die term vier keer aangaande Israel. Dis 'n lang tyd om die volk te straf vir sy sondes.*

*As ons die outoriteit gehad het om die term **"sewevoudig"** te verander in jare, dan moet ons al die plekke waar die term gebruik word verander na 2520 jaar. Dit sal baie dele van die Bybel belaglik maak. Soos byvoorbeeld waar Jakob sewe keer voor Esau gebuig het, het dit hom 2520 jaar geneem om dit te doen. Israel het 2520 jaar om Jerigo gemarseer op die sewende dag. Ek kan baie sulke voorbeelde noem, maar hierdie is genoeg. Ons moet konsokwent wees met die verklaring van die woord van die Here. Ons sien dus in Levitikus 26 verwys hierdie **"sewevoudig"** na die geweldigheid van die straf en nie na die hoeveelheid letterlike jare nie. Dit sou ook eers na die vierde keer wees van hierdie straf dat die volk hom sou bekeer. Dis onmoontlik om 10080 jaar in Israel se geskiedenis in te lees, siende dat daar nog nie eers 4000 jaar verstreke was nie. In die **"tyd van die heidene"** wat begin het tydens die Egiptiese oorheersing tydens Moses se tyd tot en met ons tyd het alreeds 4000 jaar verby gegaan. Daar sal ook nog tale jare bygevoeg word aan hierdie tyd tot met die wederkoms. Die antchris sal tenminste sewe jaar al op die aarde wees voor hierdie tye eindig. Die term **"die volheid van die heidene"** beteken dieselfde as **"die tyd van die heidene"** en nie die afsny van die heidene van redding en genade van God nie. Daar sal nooit 'n tyd wees waar die Here net Jode sal red en nie heidene nie. Dis onskriftuurlik om te dink dat die redding van die heidene na die wegraping nie meer moontlik sal wees nie.*

*Sy doel was nog altyd om beide die Jood en die Heiden te red. Na die wegraping sal hy almal wat in Hom glo red, ongeag of hulle Jode of heidene is. Die genade dispensasie is nie die dispensasie van die heidene nie. Die* ***"tyd van die heidene"*** *het nie begin met die kerk nie en sal ook nie eindig met die wegraping nie. Die genade dispensasie sluit almal in wat glo in die genade wat daar in die evangelie van Jesus Christus is.* ***Jood sowel as heiden.***

---

# 11.DIE HEILIGE GEES EN DIE WEGRAPING.

*'n Belangrike aspek rondom die wegraping is die verhouding of verband wat daar is tussen die wegraping en die Heilige Gees. Hierdie verhouding het die grondslag van die stigting van die liggaam van Christus op aarde met die uitstorting van die Heilige Gees op die dag van Pinkster. Die Heilige Gees was altyd teenwoordig op die aarde gedurende die geskiedenis van die mens. Die feit dat Jesus gesê het dat Hy moet weggaan sodat die Vader die trooster kan stuur beteken nie dat die Heilige Gees nie hier was nie. Hy het egter voor die dag van Pinkster op 'n ander manier opgetree. Ons lees van die Heilige Gees van af die opening bladsye van die Bybel.*

***GENESIS 1:2.***

***"En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters."***

*Hier sien ons alreeds die eerste werking van die Heilige Gees op aarde. Die begin van die geskiedenis van die mensdom op aarde. Voordat die Heilige Gees enigsins met enige mens te doen kry moes Hy eers in samewerking met die ander twee lede van die Drie-Eenheid die aarde voorberei vir die koms van die mens.*

*Nadat die mens geskape was het die werking van die Heilige Gees saam geloop met die van die mens. Op verskeie geleenthede het die Heilige Gees op mense vaardig geraak en hulle selfs gevul, maar Sy teenwoordigheid op of in mense was nooit permanent nie.*

***NUMERIE 24:2.***

***"Toe Bíleam sy oë opslaan en Israel sien soos hy volgens sy stamme in die laer staan, het die Gees van God op hom gekom."***

***1 SAMUEL 16:13-14.***

***"Samuel neem toe die horing met olie en salf hom te midde van sy broers, en die Gees van die HERE het van dié dag af en verder oor Dawid vaardig geword. En Samuel het klaargemaak en na Rama gegaan. Maar die Gees van die HERE het van Saul gewyk, en 'n bose gees, deur die HERE gestuur, het hom verskrik."***

***PSALM 51:13.***

***"Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie."***

*Voor die dag van Pinkster het Johannes verduidelik dat die Heilige Gees nie kan kom voordat Jesus nie verheerlik was nie. Dit klink asof hier n weerspreking is, maar dit is nie so nie.*

*Voor die dag van Pinkster was die Heilige Gees hier op 'n amper onpersoonlike wyse, maar na die dag van Pinkster het die teenwoordigheid van die Heilige Gees een van persoonlike intimiteit.*

***JOHANNES 7:39.***

***"En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie."***

*Ons lees in **Johannes 14:16** die volgende;*

***"En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid:"***

*Die Heilige Gees was op aarde voor die dag van Pinkster en sal vir ewig hier wees, maar tydens die dag van Pinkster het die Heilige Gees met 'n nuwe bediening hier op aarde begin. 'n Bediening wat sentraal binne in die gelowige se lewe sal wees. Hierdie bediening van die Heilige Gees is om gelowiges te doop in die liggaam van Christus.*

***1 KORINTHIERS 12:12-13.***

***"Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus. Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge."***

*Hierdie doping deur die Heilige Gees van die gelowige in die liggaam van Christus in word dan ook deur die Heilige Gees verseël.*

***EFESIERS 1:13.***

***"in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte,"***

***EFESIERS 4:30.***

***"En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing."***

*Dis belangrik om aandag te gee aan twee belangrike aspekte van hierdie verandering van bediening wat Pinksterdag begin het. Die verskil tussen die bediening van die Heilige Gees voor die geboorte van die kerk, en* ***Sy bediening daarna.***

***1.****Die Heilige Gees het bedien op hierdie aarde voor die begin van die kerk en sal aanhou met daardie bediening na die wegraping van die kerk.*

***2.****Die Heilige Gees het nooit permanent in of by persone gebly voor die kerk nie. Die kerk wat begin het met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag het n unieke verhouding met die Heilige Gees. Met die kerk, anders as met die voor die tyd van die kerk, is daar n permanente verbintenis.*

Die Heilige Gees het na die kerk toe gekom om te bly. Hy word 'n permanente inwoner van die tempel van die Here. Die tempel van die Here is die liggaam van Christus. Ons sien dus dat die twee aspekte van die Heilige Gees se bediening kan geskei word van mekaar.

**1.** Hy is die trooster van die kerk, die advokaat van die kerk, die leiding van die kerk, die een wat Jesus aan ons openbaar. Hy is 'n intieme Vriend van die gelowige.

**2.** Die bediening ten opsigte van die wêreld is een van oortuiging van sonde en nie 'n intieme verhouding nie. Wanneer ons na die wegraping van die kerk en die Heilige Gees kyk dan is dit 'n omgekeerde van Pinksterdag. Op Pinksterdag het die Heilige Gees in die kerk kom woon, sonder om Homself los te maak van Sy ander bediening op aarde. Met die wegraping gaan die Heilige Gees terug hemel toe met die kerk, sonder om Hom los te maak van Sy bediening op aarde. Gedurende die verdrukking tydperk gaan die Heilige Gees op aarde fuksioneer op dieselfde wyse as wat Hy gefunksioneer het op aarde voor die dag van Pinkster. Ons sien dus dat Sy **"koms"** na die aarde tydens Pinkster en Sy **"weggaan"** met die wegraping het niks te doen met Sy oorspronklike bediening op die aarde nie. Die bediening met betrekking tot die kerk is 'n aparte deel van die bediening van die Heilige Gees. Sy bediening tydens die wegraping van die kerk het niks te doen met Sy bediening van redding nie.

*Redding dwarsdeur die Bybel was altyd gekoppel aan genade, en sal na die wegraping nog steeds gekoppel wees aan genade. Die Heilige Gees is betrokke by die wêreld en by die kerk alhoewel dit op twee verskillende maniere is.*

---

# 12.WIE IS "HY" WAT NOU TERUGHOU?

**2 THESSALONICENSE 2:1-6.**

***"Maar ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms van onse Here Jesus Christus en ons vereniging met Hom, om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie—deur gees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees —asof die dag van Christus al daar is. Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is. Onthou julle nie dat ek dit altyd vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie? En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word."***

*Hier word na die mag wat die* **"mens van sonde"** *teëhou verwys na 'n* **"wat".** *Dit beteken nie oop die oog af dat die* **"wat"** *'n onpersoonlike voorwerp is nie. Inteendeel, in die konteks van hierdie vers kan die* **"wat"** *nie 'n onpersoonlike mag wees nie, omrede die hele konteks verwys na lewendige persone wat teë gestaan word en wat die teëstaan doen. Verder weet ons ook dat die* **"mens van sonde"** *nog nie geopenbaar is nie, dus is die* **"teëhouer"** *nog hier.*

***In hierdie vers is daar verskeie punte van belang.***

**1.** *Die **"teëhouer"** het hierdie **"mens van sonde"** teëgehou baie effektief.*

**2.** *Die **"teëhouer"** is kragtig genoeg om die koninkryk van duisternis, waarvan die **"mens van sonde"** deel is, terug te hou en te veroorsaak dat hulle werk aan bande gelê word.*

**3.** *Die **"teëhouer"** is wêreldwyd.*

*Daar is verskeie teorieë oor wie of wat hierdie **"teëhouer"** is. Van hierdie teorieë is nie almal noodwendig geestelik nie. Hierdie teorieë sluit in die Joodse staat, die Roomse Empire en menslike regerings. Ander sienings kan saam gevat word as bonatuurlike gebeurtenisse soos, die duiwel, die valse profeet en ander mistieuriese gebeurtenisse. Wanneer ons na al hierdie verskillende teorieë kyk dan kry ons die idée dat die **"teëhouer"** 'n bonatuurlike krag, mag of persoonlikheid moet wees. Daar is geen aardse regering wat die invloed van die duiwel kan teëhou nie, behalwe die regering van die hemel nie. Dus is die enigste wat die seun van die verderf kan teëhou die Heilige Gees. Wanneer die kerk weggeraap word gaan die Heilige Gees nie die aarde verlaat nie, maar Hy net eenkant toe staan sodat die onheil kan oorneem. Tydens die Ou Testament was die Heilige Gees op die aarde van die begin af en het 'n besondere bediening gehad.*

Tydens die Ou Bedeling het die Heilige Gees op mense gekom en nie in hulle nie. Hy het ook nie op almal gekom nie maar op enkele persone wat deur God uitverkies was. Tydens die Nuwe Testament met die aanbreek van die kerkbedeling het die Heilige Gees tydens die dag van Pinkster in die liggaam = **die kerk** = kom woning maak. Nou het die Heilige Gees 'n heel ander bediening as in die ou bedeling. Wanneer die wegraping plaasvind gaan hierdie bediening van die Heilige Gees ophou. Na die wegraping gaan die Heilige Gees voort met Sy bediening op aarde soos wat dit was gedurende die ou bedeling. Dis is dit reg om te sê dat dit die kerk en die Heilige Gees die **"teëhouer"** is. Die Heilige Gees in die weergebore kind van die Here is die een wat nou die magte van die duiwel teëhou en die openbaring van die seun van die verderf. Om bogenoemde te verstaan en in die regte verhouding met die res van die Skrif te plaas, moet ons verstaan hoe die mense voor en na die **"kerkbedeling"** tot redding gekom het. Gedurende die ou bedeling het mense tot redding gekom deur te glo in die Messias wat gaan kom. Hulle is gered deur geloof in die komende Christus. Hulle is egter nie **"gedoop in die Heilige Gees"** nie. Die besondere deel van die die bediening van die Heilige Gees het eers begin met die aanbreek van die kerkbedeling op Pinksterdag. Tydens die tydperk na die wegraping wat genoem word die verdrukking gaan die Heilige Gees nog steeds betrokke wees by die redding van siele.

*Hy gaan egter nie meer hier wees in die bediening van die* ***"doop in die Heilige Gees"*** *nie. Die doop in die Heilige Gees is uniek deel van die kerk van die Here Jesus Christus. Dus sien ons dat die bediening van die Heilige Gees op aarde voor en na die kerk bedeling anders was as tydens die kerk bedeling. Tydens die wegraping gaan die kerk weg en staan die Heilige Gees opsy en is daar niks meer wat die aonde kan weerhou nie. Die krag van die Heilige Gees en die sout van die kerk is nie meer hier nie.*

---

# 13.DIE KERK EN DIE BOEK OPENBARING.

*Alhoewel die woord **"kerk"** nie voorkom in die boek Openbaring tussen hoofstukke 6 tot 18 nie, kom die woord **"heiliges"** wel daar voor. As gevolg daarvan word daar beweer dat dit bewys dat die kerk wel deur die verdrukking gaan. Dis egter nie waar nie. Die woord **"heiliges"** kan van toepassing gemaak word op alle gelowiges dwarsdeur die Bybel geskiedenis tot en met die einde van die geskiedenis. Ons verwys dikwels na die heiliges van die Ou Testament maar dit bewys nie dat die kerk in die Ou Testament bestaan het nie. Die kerk het eers begin op die dag van Pinkster. Die **"heiliges"** van die Ou Testament was ook nie in die selfde klas as die **"heiliges"** wat deel is van die liggaam van Christus is nie. Die kerk as die uitverkorenes van Christus is **"heiliges"** met 'n ander status as die van die vorige eeue. Dis hierdie deel van die geheel wat bekend staan as **"heiliges"** wat nie teenwoordig is in die verdrukking nie. Ja daar gaan verskeie **"heiliges"** in die verdrukking wees, maar dit sal nie die kerk van Jesus wees nie. Die kerk as die uitverkorinens word nie tussen die hoofstukke 6-18 in Openbaring genoem nie. **Nie eenmaal nie!!!***

*Dis 'n snaakse gebeurtenis siende dat die kerk die grootste gedeelte van die Nuwe Testament oorheers. Die enigste rede hoekom 'n belangrike groep mense nie na verwys word in Openbaring 6-18 is omrede hulle nie daar is nie.* ***Hulle is weg met die wegraping in die begin van hoofstuk vier.***

---

# 14.WAT IS DIE KWALIFIKASIES VIR DIE WEGRAPING?

*Daar is verskeie voorwaardes waaraan die mens moet voldoen om met die wegraping saam te gaan. Die belangrikste is dat 'n mens* ***"in Christus"*** *moet wees. Met ander woorde jy moet wedergebore wees en deel van die familie van Jesus. In 1Thessalonicense lees ons die woorde* ***"in Christus"*** *as 'n voorwaarde om uit die dood opgewek te word en vir die lewendige om te kan verander. Om* ***"in Christus"*** *te wees beteken volgens 2 Korinthiers 5:17 om 'n* ***"nuwe skepsel"*** *te wees. Die ou dinge is verby en alles het nuut geword. Die persoon wat nou in Christus is, leef nie meer onder die* ***"wet"*** *nie, maar onder die* ***"genade."*** *Ons sien ook dat in 1 Korinthiers 15:23 word dit vereis dat ons aan Christus behoort met Sy koms. Hulle wat in die genade bly en op God vertrou behoort aan Christus en sal saam gaan wanneer die basuin blaas. Ons lees ook in* ***Johannes 5:28-29*** *dat hulle wat goed doen opgewek word tot die opstanding van die lewe en hulle sal ook deel wees van die wegraping. In* ***Lukas 21:6-11*** *lees ons dat ons* ***"moet waak en bid, sodat ons waardig geag mag word om hierdie dinge wat kom te ontvlug en voor die Seun van die mens te kan staan."***

*Ons bly waardig as ons deur geloof vasgemaak is aan Sy genade. Wanneer ons in Christus is en deur geloof in Hom heilig en onberispelik lewe en deel is van die kerk van Christus dan is ons verseker dat ons nie sal agterbly wanneer die basuin blaas nie.*

***Ons sal die basuin hoor!!!***

---

# 15.JOHN NELSON DARBY EN DIE WEGRAPING.

*Die ondersteuners van die* **"voor-verdrukking wegraping"** *glo oor die algemeen dat John Nelson Darby (1800-1882) het die ou ou Bybelse leerstelling deur intense studie laat herleef terwyl hy in 'n herstelоord was na 'n ongeluk in Desember 1827 en Januarie 1828. Evangeliese teenstanders van die* **"voor-verdrukking wegraping"** *siening het verskeie teories deur die jare na vore gebring om Darby in 'n slegte lig te plaas. As voorbeeld word daar gesê dat Darby het hierdie idee van Edward Irving (1792 – 1834) oorgeneem, terwyl ander beweer dat die idee ontstaan het as gevolg van 'n profetiese woord van 'n 15 jaar oue Skotse meisie, Margaret Macdonald (1815-1840). Daar word geglo dat beide hierdie oorspronge van die sogenaamde* **"wegraping"** *was beskou as ketters en Macdonald se profetiese woord as demonies.*

**Dus is die vraag;** *wat is die bewyse dat Darby tot hierdie gevolgtrekking gekom het deur sy eie studies.*

*John Nelson Darby (1800–1882) was gebore in sy ouers se London huis in Westminster op 18 November 1800. Hy was die jongste seun van John Darby van Leap Castle, King Country, Ierland. Hy was die 8ste van 9 kinders. Ses seuns en drie dogters. Darby's vader was 'n welaf handelaar wat getrou het met die dogter van selfs 'n ryker man as hy – Anne Vaughan in 1784.*

*Vyftien weke na sy geboorte, is hy gedoop op 3 Maart 1801 in die Anglikaanse kerk. Sy peetvader was Lord Nelson en was nie teenwoordig by die doop nie. J.N.Darby het sy eerste naam gekry van sy vader en sy middel naam van sy peetvader. Op 17 Februarie 1812 sluit Darby aan by* ***"The Royal College of St. Peter"*** *in Westminster. Meer bekend as die* ***"Westminster School"*** *in London. Tenspyte daarvan dat hy net 'n paar blokke van die skool af gebly het, het hy by die skool tuis gegaan. Al sy broers het ook daar skool gegaan. Net seuns van ryk ouers het daar skool gegaan want die fooie was te hoog vir die armes. Die opleiding was gegee deur Predikante, en die onderwerpe was hoofsaaklik in Latyn en Grieks met hier en daar Engels. Daar is nie rekord van Darby se akademiese status nie, maar in 1815 gradueer hy van Westminster. Daarna is hy deur sy vader gestuur na Ierland vir die eerste keer in sy lewe om die* ***"Trinity"*** *kollege by te woon op 3 Julie 1815.* ***"Trinity College Dublin"*** *was 'n Anglikaanse kollege was gestig as 'n Christelike skool in 1592. Dit was die leidende akademiese instelling in Ierland en gelyk aan die Engelse top universiteite soos Oxford en Cambridge. Darby het verskeie klasse geneem in wetenskap en klassieke studies. Hy het in Julie 1819 'n goue medalje gewen in klassieke studies. Daardie tyd het daardie toekenning beteken dat jy die top student in die klas was.*

*Darby het nie klasse in teologie geneem nie, maar was versoek om die Bybel ook te bestudeer. In 1808 het die kollege die bestudering van die Bybel ingesluit vir al die akedemiese studente. Richard Graves (1763–1829) het hoofsaaklik die klasse aangebied op Saterdae. Die invloed van Graves op Darby was beduidend en hy het idees ingeskerp in hom en gedagtes wat later sentraal sou word in Darby se gedagtes en skryfwerk.*

*Ek haal **Nebeker** aan;*
*"'n Sleutelelement van Graves se eskatologie was die letterlike interpretasie van profetiese Skrif." "Gegradueerdes van Trinity College, Dublin," merk **Ernest Sandeen** op, "was van die vroegste en mees bekwame verdedigers van futurisme."*

*Dit was die geval omrede van 'n meer letterlike hermanutiese siening by die instelling. Hoe meer letterlik 'n mens die Bybel neem hoe nader kom jy aan die lering van toekomstige gebeure in Bybelse profesie. Na graduering van Trinity Kollege het Darby begin om die wet te bestudeer en was opgeneem in **"Lincoln's Inn, Dublin"** op 9 November 1819. Darby het 'n persoonlike bekering ervaar ongeveer 1820 Of 1821.*

*Ek haal **Darby** aan;*
*"Ek het Christus liefgehad, ek twyfel nie, opreg en groeiend sedert Junie of Julie 1820, of 21, ek het vergeet watter."*

*Die feit dat hy 'n gelowige geword het rondom die ouderdom van 20, net klaar gemaak met kollege en gevorder in studies van die wet, wys daarop dat hy 'n besondere intelek gehad het, sowel as goeie geestelike invloed. Kort na sy bekering, terwyl hy besig was om die wet te bestudeer, het hy 'n roeping gevoel tot die bediening. Op 21 Januarie 1822 was Darby geroep na die **"Irish bar"**. Daar is egter geen bewyse dat hy enigsins gepraktiseer het in die wet nie. Daar is aanduidings dat hy baie teologiese werke gelees het voor sy ordening, wat hom voor berei het vir die bediening. Sy verandering van loopbaan het sy pa nie aan gestaan nie en het hom onterf. Darby het by sy oom 'n baie groot bedrag gekry en na sy pa se dood nog verskeie finansiele voorregte. Darby se loopbaan in die kerk van Ierland begin op 7 Agustus 1825. Biskop William Bissett het hom georden as 'n Anglikaanse diaken in "Raphoe Cathedral". Die Aarts Biskop van Dublin, William Magee (1766-1831) orden Darby as 'n Priester op 19 Februarie 1826 en stel hom aan oor 'n groot plaaslike gemeente van "Calary" in "County Wicklow". Een van die armste gebiede in Dublin.*

*Van hierdie opdrag het **Darby** die volgende gesê;*
*Ek haal aan;*
*"Sodra ek georden is, het ek tussen die arm Ierse bergklimmers gegaan, in 'n wilde en onbewerkte distrik, waar ek twee jaar en drie maande gebly het en so goed ek kon werk."*

Die mense van die omgewing het baie respek vir Darby gehad. Aarts-Biskop Magee was hard aan die werk om 'n sogenaamde **"Irish Reformation"** teweeg te bring en Darby was 'n sleutel komponent in die werk. Gedurende Darby se bediening in 1826-27 word daar geskat dat ongeveer 600 tot 800 mense 'n week oorgekom het na die Protestante kant vanuit die Katolieke kerk. Alhoewel die bekerings koers gou so begin afneem het na zero. Die rede daarvoor was Aarts-Biskop Magee se uitreiking van 'n petisie wat verwag dat die mense 'n eed sou neem om getrou te wees aan die Britse Kroon en die Koning sou erken as die hoof van die kerk. Hierdie handeling van Magee het die evangelistiese pogings in die wiele gery en vir Darby diep ontmoedig. Darby was opsoek na beide dogma en ondervinding van die ware kerk wat hy geglo het nie in die Roomse Katolieke kerk of die kerk van Ierland was nie. Hy het geglo dat nie een van die twee die ware kerk kon wees nie omrede hulle hoof nie Christus was nie. Nie die staat of die Biskop van Rome kon die hoof van die kerk wees nie. Verwysend na Jesus se woorde in **Johannes 18:36** aan Pilatus - **My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie;**- was hy oortuig dat Magee se aksies die Goddelike opdrag aan die kerk kompromee.

Ek haal **Paul Wilkinson** aan;

*"Aangesien geestelike oppergesag aan Christus behoort het, wie se heerskappy van 'n hemelse eerder as aardse aard was, het Darby aangevoer dat Christus se predikante hulle nie met burgerlike sake moet bemoei nie."*

Die siening van **"geen betrokkenheid"** in politieke en burgerlike sake het later 'n sterk sosiale en burgerlike posisie geword by Darby se volgelinge asook die **"Brethren"** beweging. Volgens Grayson Carter was daar twee gebeure gedurende 1826 en vroeg 1827 wat gelei het tot die **"rapid development of Darby's anti-Erastianism"** kort na sy verordening. Die eerste was Aarts Biskop Magee se sterk woorde en dade in verdediging van 'n staats kerk onder die outoriteit van die staat, saam met 'n **"petisie aan die Laerhuis vir beskerming teen die 'vyandigheid en laster waarmee hulle en hul godsdiens vir 'n lang tyd sistematies aangeval is'."**

Die tweede gebeurtenis was Darby se reaksie en sterk beswaar teen Magee se besluit in 1826 om alle nuwe lede te verplig om die eed van van getrouheid en eenheid af te lê tot die Engelse staat. Op hierdie tydstip het Darby 'n teleurstelling beleef van 'n mislukte geestelik en fisiese soberheid in sy lewe.

Die realiteit van 'n staatskerk wat in ruines is en niks verskil van die wêreld daar buite nie en sy soeke na die versekering van saligheid het sy lewe dramaties verander. Darby se christelike verstaan en ondervinding was oppad om drasties te verander. As een wat sy bediening begin het as 'n sterk kerkman, Darby was op die punt om die hoof van evangelisme te word toe hy in 'n ongeluk betrokke was.

Ek haal **Darby** aan;
"Sodra ek georden is, het ek tussen die arm Ierse bergklimmers gegaan, in 'n wilde en onbewerkte distrik, waar ek twee jaar en drie maande gebly het en so goed ek kon gewerk het. Ek het egter gevoel dat die werkstyl nie ooreenstem met wat ek in die Bybel lees oor die kerk en Christenskap nie; dit het ook nie ooreenstem met die uitwerking van die werking van die Gees van God nie. Hierdie oorwegings het vanuit 'n skriftuurlike en praktiese oogpunt op my gedruk; terwyl ek ywerig probeer het om die pligte van die bediening wat aan my toevertrou is na te kom, dag en nag te werk tussen die mense, wat amper so wild was soos die berge wat hulle bewoon het. 'n Ongeluk het gebeur wat my vir 'n tyd lank opsy gesit het; my perd was bang en het my teen 'n deurpaal gegooi."

Hierdie periode in Darby se lewe is bekend as die **"herstel"** waar hy **"verlossing"** ervaar het. Na die ongeluk was Darby geneem na die huis van Susannah Pennefather (1785-1862). Sy ouer sister in Dublin om te herstel. Darby se **"herstel"** tyd was ook 'n geleentheid waar die vrae in sy gemoed begin het om hulself uit te sorteer.

Hy skryf die volgende;
"Ek was op dieselfde manier ontsteld as 'n predikant, maar het sedertdien nooit die kleinste skaduwee daarvan gehad nie."
Hy verklaar;
"Ek beoordeel dit as Satan: maar om van kajuit tot kajuit te gaan om van Christus te praat, en met siele, het hierdie gedagtes ontstaan, en as ek probeer het om 'n teks vir myself aan te haal, het dit 'n skaduwee gelyk en nie werklik nie. Ek moes nooit daar gewees het nie, maar dink nie dat dit die oorsaak was nie, maar bloot dat ek nie vrygelaat is volgens Romeine 8 nie. Soos ek gesê het, het ek dit sedertdien nog nooit gehad nie."

Die drie of meer maande wat Darby gespandeer het om te herstel was ongetwyfeld die mees formatiewe periode in sy lewe.

*Oor hierdie tydperk het hy gesê;*
*Ek haal aan;*
*"Ek word daagliks meer getref deur die verband van die groot beginsels waarop my gedagtes deur en met God uitgeoefen is, toe ek verlossing en vrede gevind het, en die vrae wat die wêreld in die hedendaagse tyd geroer en in beroering bring: die absolute, goddelike gesag en sekerheid van die Woord, as 'n goddelike skakel tussen ons en God, as alles (kerk en wêreld) sou verloop; persoonlike versekering van verlossing in 'n nuwe toestand deur in Christus te wees; die kerk het Sy liggaam; Christus kom om ons by Homself te ontvang; en terselfdertyd daarmee was die opstel van 'n nuwe aardse bedeling daarna. Dit was 'n vae feit wat lank daarna in my gedagtes gestalte gekry het, dat daar 'n heeltemal nuwe orde van dinge moes wees, as God Sy sin wou hê, en die begeerte van die hart daarna het ek lank tevore gevoel; maar die kerk en verlossing het ek nie geken tot op die tyd waarvan ek gepraat het nie; maar agt jaar tevore het universele droefheid en sonde op my gees gedruk. Ek het nie daaraan gedink om soveel van te sê nie myself; maar dit is alles goed. Die waarheid bly die waarheid, en dit is waar ons moet gaan; maar die Here se handelinge met die siel, wat verband hou met die gebruik van waarheid, moet gelet word."*

*Verdere identifikasie van die datum en wat* ***Darby*** *geglo het met hom geestelik gebeur het gedurende die tyd vind ons in die volgende aanhaling.*

*"Ek glo by my verlossing uit slawerny in 1827–8, het God sekere waarhede oopgemaak wat nodig was vir die kerk."*

*Wat het Darby gekleim hy begin verstaan het tydens die herstel periode?*

***Hy verwys na 5 dinge.***
***Eerstens;*** *"die absolute, goddelike gesag en sekerheid van die Woord, as 'n goddelike skakel tussen ons en God,"*
*"die Skrifte om volkome heerskappy oor my te verkry."*
***Tweedens;*** *"Ek het besef dat ek in die hemel met Christus verenig is, en dat my plek voor God gevolglik deur Sy eie verteenwoordig is." "persoonlike versekering van verlossing in 'n nuwe toestand deur in Christus te wees; die kerk as Sy liggaam."*
***Derdens;*** *Darby het sy stand met Christus begin verstaan.*
*"Ek was in Christus, aangeneem in die Geliefde, en het in hemelse plekke in Hom gesit. Dit het my direk gelei tot die besef van wat die ware kerk van God was, diegene wat in die hemel met Christus verenig was."*

***Vierdens;*** *"Terselfdertyd het ek gesien dat die Christen, wat sy plek in Christus in die hemel het, niks het om op te wag nie, behalwe die koms van die Heiland, om in werklikheid in die heerlikheid wat reeds sy deel is ' in Christus." "Ek het in daardie woord die koms van Christus gesien om die kerk in heerlikheid na Hom toe te neem." "om in Christus te wees; die kerk as Sy liggaam; Christus kom om ons by Homself te ontvang; . . . dit alles was toe dit in 1827 by E. P. opsy gelê is." "Die koms van die Here was die ander waarheid wat uit die woord in my gedagtes gebring is, soos dit wat, as ek in hemelse plekke in Christus sit, alleen was om op te wag, sodat ek saam met Hom in hemelse plekke kan sit."*

*So 'n groep van oortuigings wat geformeleer is gedurende hierdie tyd voorsien die fondament vir die* ***"voor-verdrukking wegraping"****. Darby het die belangrikheid van 'n skielike terugkeer van Christus vir Sy kerk ingesien.*

***Vyfdens;*** *Hy het 'n verandering gesien in die dispensasie.*
*"Christus kom om ons na Homself te ontvang; en bykomend daarmee, die instelling van 'n nuwe aardse bedeling, is dit alles in 1827 by E. P. ter syde gestel."*

*"Jesaja 32. het my by die aardse gevolge van dieselfde waarheid gebring, alhoewel ander gedeeltes vir my dalk nou meer treffend mag lyk; maar ek het 'n duidelike verandering van dispensasie in daardie hoofstuk gesien, wanneer die Gees oor die Joodse nasie uitgestort sou word en 'n koning in geregtigheid sou regeer."*

Jesaja was 'n sterk invloed op sy studies en verander sy sienings gedurende hierdie tyd.

*"In my toevlug het die 32ste hoofstuk van Jesaja my duidelik, namens God, geleer dat daar nog 'n ekonomie was om te kom, volgens Sy orde; 'n stand van sake wat nog geensins vasgestel is nie. Die bewussyn van my vereniging met Christus het my die huidige hemelse deel van die heerlikheid gegee, terwyl hierdie hoofstuk die ooreenstemmende aardse deel duidelik uiteensit. Ek was nie in staat om hierdie dinge op hulle onderskeie plekke te plaas of dit in volgorde te rangskik, soos ek nou kan nie; maar die waarhede self is toe deur God geopenbaar deur die werking van sy Gees deur sy woord te lees."*

Francis Newman wat gedien het as 'n private onderwyser vir die Pennefather kinders vir 15 maande gedurende 1827 en 1828 bevestig die tyd van Darby se tekstuele en dogmatiese ontdekkings. As 'n onderwyser was hy by die huishouding betrokke gedurende die tyd wat Darby daar was. Hy verwys na die invloed wat Darby op hom gehad het terwyl hy in diens was by die Pennefathers.

*Gedurende hierdie tyd het Darby ook besef dat die beloftes vir Israel nie ook vir die kerk is nie. Hierdie is bevestig deur Newman se brief aan B.W,Newton op 17 April 1828. hierdie briewe was geskryf na die herstel periode van Darby. Dit is voordelig om 'n getuie te hê wat bevestig wat Darby kleim. So 'n getuie ondersteun die algemene geloofwaardigheid van Darby.* ***Benjamin Wills Newton*** *(1807–99), skryf van sy Oxford mentor en vriend Frank Newman, die volgende;*

*"Terwyl ek in Oxford was en ons vriende was, het F. Newman na Ierland (1827) gegaan en daar kennis gemaak met John Darby."*

*Dus sê Newton dat Newman terug gekeer het van Ierland, onder die invloed van Darby in verhouding met die profetiese woord en dit graag met sy vriend wou deel. Dit is 'n tweede bron wat bevestig wat Darby kleims. 'n Derde bron is John Gifford Bellett (1795-1864) wat ook 'n interaksie met Darby gehad het tydens sy herstel periode.*

*Hy het die volgende geskryf aangaande* ***Darby;***
*Ek haal aan;*
*"In die begin van 1828 het ek geleentheid gehad om na Londen te gaan, en toe het ek in privaatheid ontmoet en in die openbaar diegene gehoor wat warm en lewendig was oor profetiese waarheid, nadat hul gedagtes vars daardeur verlig is.*

*In my briewe aan J. N. D. op hierdie tydstip het ek vir hom gesê dat ek dinge gehoor het waaroor ek en hy nog nooit gepraat het nie, en ek het hom verder met my terugkeer na Dublin vertel wat dit was. Vol van hierdie onderwerp soos ek toe was, het ek gevind dat hy ook baie voorbereid daarvoor was, en sy verstand en siel het vinnig gereis in die rigting wat aldus daaraan gegee is."*

*Bellet verklaar dat hy die **"profetiese waarheid"** met Darby bespreek het. Die vyf Bybelse ontdekkings wat genoem was, was die basis waarop Darby sy nuwe teologiese paradigma gevestig het wat insluit **"dispensasiolisme"** en **"voor-verdrukking wegraping"** siening. Van die begin van sy uittog uit die bestaande kerk was hierdie items die kern waarop hy sy unieke teologie gevestig het. Hierdie items is belangrik omdat **"voor-verdrukking"** teologie gebou is op die siening wat 'n mens het van 'n sekere eskatologiese uitkyk. Darby het 'n duidelike onderskeid gesien tussen Israel en die kerk.*

*Ek haal **Weremchuk** aan;*
*"Dit is belangrik om hier op te let dat Darby alleen tot die besef van hierdie punte gekom het, sonder die invloed van ander mans," "Darby se sienings, wanneer dit later volledig ontwikkel is, sou blyk te wees op baie punte teenstrydig met die wat normaalweg deur die kerk in die breë."*

*Dit was gedurende Darby se herstel periode dat die oorspronklike idee na vore gekom het tydens sy persoonlik Bybelstudie. Dit het soos vuur versprei gedurende die volgende dekade tot en met nou. Dit is veilig om te sê dat die siening van 'n **"voor-verdrukking wegraping"** rus op 'n spesifieke definisie van die kerk en enige oorweging van die **"voor-verdrukking wegraping"** wat nie die kern faktor in ag neem nie, sal die punt ver mis.*

***Weremchuk*** *sê verder:*

*"Darby, soos ons opgemerk het, was baie besig met die vroeë kerk soos beskryf in Handelinge. Wat hy rondom hom gesien het, het hy nie gehou nie. Sy sienings wat toe ontwikkel het, was 'nuut' - dit wil sê anders as dié van sy tydgenote. Hy het sy sienings verdedig as die 'oorspronklike' wat die kerk baie vroeg in haar geskiedenis uit die oog verloor het." Weremchuk, Darby, 63-4. 61 John F. Walvoord, The Rapture Question, Revised and Enlarged Edition (Grand Rapids: Zondervan Publishing House, 1979),*

*Darby was bekommerd oor dit wat besig was om te gebeur in die kerk waarby hy betrokke was in Ierland en het antwoorde gesoek in die Bybel. Darby se openbaring oor die versekering dat hy saam met al die ander christene verenig was met Christus in hemelse plekke het die hart gevorm van sy teologie.*

*Hy het besef dat ons in Christus was die kerk. Hierdie kerklike siening het die kern gevorm van sy hoop regdeur sy lewe. Die eerste twee verhandelings wat hy geskryf het was beide oor kerklike kwessies wat verder bewys lewer van sy verstaan van die kerk. Die eerste wat eers later gepubliseer was, was die een waar hy sterk met Aarts Biskop Magee se petisie verskil. Die tweede was van Dublin in 1828.*

***"Considerations on the Nature and Unity of the Church of Christ."***

*Darby het duidelik die verskil tussen die kerk en Israel gesien omdat hy gesien het dat daar 'n duisend jaar regering wag vir Israel op aarde. Aan die anderkant het hy duidelik gesien dat hy posisioneel verenig is met Christus in die hemel – 'n hemelse bestemming. 'n Leidende figuur van die dispensasionele posisie **Charles Ryrie** het gesê;*

*"'n Dispensasionalis hou Israel en die kerk apart."*

***Ryrie** verduidelik:*

*"Dit is waarskynlik die mees basiese teologiese toets of 'n persoon 'n dispensasionalis is of nie, en dit is ongetwyfeld die mees praktiese en afdoende. Die een wat in gebreke bly om Israel en die kerk konsekwent te onderskei, sal onvermydelik nie vashou aan dispensasionele onderskeidings nie; en een wat dit doen, wil".*

*Darby het verstaan dat die kerk 'n hemelse vergadering is en nie van die aarde nie. Hy het besef dat ons posisie was dieselfde as Christus wat in die hemel is. Die kerk is dus hemelgebonde en nie aards gebonde nie. Israel was aards gebonde en God het 'n plan aan die einde vir Israel na die kerk dispensasie. Darby het verstaan dat die kerk enige tyd na die hemel geneem kon word sonder dat enige tekens vervul moet word. Hierdie siening het later bekend geword as die* ***"voor-verdrukking wegraping"*** *van die kerk. Darby se verstaan van die verandering in die dispensasie het die grondslag gelê vir dispensionalisme. Teen hierdie tyd het Darby ook 'n pessimistiese siening ontwikkel oor die sigbare kerk en die christendom in die geheel. Hy het geglo dat die kerk lê in skerwe. Uit bogenoemde inligting is dit duidelik dat Darby se* ***"voor-verdrukking wegraping"*** *siening die siening is wat die kerk deur die eeue gehandhaaf het. Enige iemand wat beweer dat die siening by Darby begin het is uiters onkundig oor die geskiedenis. Darby het nie die siening begin nie, hy het dit net weer na die voor grond gebring. Daar is verskillende teorieë, meestal deur die* ***"voor-verdrukking wegraping"*** *se teenstanders. Hulle argumenteer dat Darby was hoofsaaklik beinvloed deur ander bronne.*

***Die eerste is;*** *Edward Irving (1792–1834) en die Irvingite beweging was eerste met die ontwikkeling van die* ***"voor-verdrukking wegraping"*** *en Darby het sy idees by hulle gekry.*

***Tweedens;*** *Daar word beweer dat Darby se siening was geneem uit die geskrifte van 'n Jesuitiese Priester Manual de Lacunza (1731-1801), wat geskryf het onder die invloed van Juan Josafat Ben-Ezra, 'n bekeerde Jood.*

***Derdens;*** *Die sogenaamde **"voor-verdrukking wegraping"** was die produk van 'n vrou in Irvings kerk in London.*

***Vierdens;*** *Die **"voor-verdrukking wegraping"** siening kom van 'n profetiese woord van 'n 15 jarige skotse meisie genaamd Margaret Macdonald (1815–1840) in Port Glasgow, Skotland in April 1830.*

*Die twee belangrikste sienings is die Edward Irving siening en die Margaret Macdonald siening.*

*Die **Manual de Lacunza** siening en die **woman in Irving's London church** siening word nie sterk ondersteun nie.*

## *Die Edward Irving siening.*

*Hierdie siening argumenteer dat Darby was beïnvloed deur Edward Irving of iemand in die beweging. Onlangs is 'n vakkundige poging aangewend deur 'n Amerikaner, Mark Patterson. Hy het probeer bewys dat Irving se eskatologie as 'n voorloper van Darby en sy siening was. Patterson wys daarop dat Irving se skrywe in die **"Morning Watch"** openbaar dat hy bo en behalwe ander dinge 'n **"voor-verdrukking, voor-duisend jarige"** teoloog was. Patterson reken dat dit nie oor beklemtoon kan word nie.*

*Vanaf sy ontmoeting met Hately Frere in 1825 tot en met sy dood in Desember 1834 was Irving se gedagte en skrywe gevorm deur die oortuiging van sy duidelike* ***"voor-duisend jaar"*** *sienings.*

***Patterson*** *verklaar in 'n artikel;*
*"Op die ou end, en ten minste, moet Irving beskou word as die paladin van pre-verdrukking pre-millennialisme en die hoofargitek van sy kardinale formules."*
*Hy voeg die volgende by;*
*"Benewens die a priori-afdanking van Irving, bestaan daar twee fundamentele foute wat algemeen voorkom onder diegene wat onkrities aanvaar dat Darby die bron van die Wegraping voor die verdrukking is. Eerstens, min erken die mate waarin Darby se teologie die einste millennêre tradisie waarin hy gedompel was, weerspieël. Die kernbeginsels van sy teologie – letterlik hermeneutiek, afvalligheid in die Kerk, die herstel van die Jode na hul vaderland, besonderhede van Christus se koms en sy oortuiging dat Bybelse profesieë uniek tot sy dag spreek – was konsepte wat gehou, bespreek en gepropageer word deur 'n groot groep profesiestudente. Tweedens was die ontwikkeling van Darby se eie teologie, ten spyte van hoe hy dit onthou, van 1827 tot selfs so laat as 1843 in 'n grootliks vormende stadium."*

*Daar is verskeie probleme wat te voorskyn kom wanneer 'n mens 'n te groot ooreenkoms probeer sien tussen die* ***"historiese"*** *siening van die Irvinites en die* ***"toekomstige"*** *siening van die Brethren. Dit is duidelik dat Patterson sulke foute gemaak het. Die kern beginsel van Darby se teologie soos gesien deur Patterson is te breed en algemeen. Patterson beskryf Irving en die Albury hermeneutiek as nie net letterlik nie omdat dit dan net die helfte van die storie vertel, maar een wat die* ***"literaltypological methodology"*** *volg. Dit is tipies van die half-letterlikheid van historisme. Darby was bekend dat hy konstant letterlik was. Hy het nie probeer om dae in jare te omskep nie, ook nie probeer om historiese gebeure te sien in die seëls, trompette of enige ander dele van Openbaring nie. Hy het niks daarin gelees as oordele van die verlede nie. Hy het die gebeure van Openbaring gesien as letterlike gebeure wat nog moet plaasvind. Ook het Irving en Albury geglo dat baie van hierdie gedeeltes wat praat van 'n toekomstige Joodse verdrukking reeds voor hulle oë afspeel.* ***Byvoorbeeld;*** *Babilon verwys na die verval van die kerk in hulle tyd. David Bebbington onderskei tussen 'n historikus en 'n hermatikus en 'n futerist se vorms van letteralisme:* ***Historikuste*** *vind dit moeilik om deeglike voorstanders van 'n letterlike intrepretasie te wees. Daar is 'n te groot kloof tussen die detail van Bybelse beelde en hulle sogenaamde historiese vervulling om so 'n kleim te maak.*

Futeriste ly nie aan hierdie tekortkoming nie. Hulle roep hard vir die letterlike intrepretasie, veral die dispensasie groep. Darby was oortuig so vroeg as 1829 dat profesie aangaande Israel sal letterlik vervul word. Soos wat hierdie gedagte ontwikkel was gedurende die 1830's het dit die ruggraat van sy sisteem geword. Siende dat Darby se opinies gebaseer was op die letterlike intrepretasie van die Bybel het sy kenmerkende uitleg die voordeel geniet van die mees aanvaarbare siening van die Bybel. Dus het Irving en Albury geen gemeenskaplike hermeneutiese grond met Darby gehad soos wat Patterson beweer nie. Irving en Albury was basies in die historiese kamp terwyl Darby beslis 'n duidelike futerist was. Daar is geen twyfel dat beide ontstel was deur die afval van die kerk van hulle tyd nie, maar selfs hierdie ooreenkoms wys op die verskille tussen Albury se historiese siening en die van 'n futerist. Die Albury siening van die afvalligheid van die kerk was omrede die kerk pas die 1260 dae voltooi het, (wat eintlik verwys na die 1260 jaar wat eindig met die oorwinning van die Antichris), (Die Roomse kerk) in 1789 deur die Franse revolusie. Hierdie gebeure verwys na die komende opkoms van die hoer van Babilon wat die afvallige kerk is. Aan die ander kant het Darby met sy futerisme geglo dat die afvalligheid van die kerk was voorspel in die Nuwe Testamentiese briewe en sou alhoemeer gebeur hoe nader die end van die kerk eeu kom.

*Dit is ook totaal verskillend as dit wat in Openbaring gaan gebeur na die wegraping en in die verdrukking. Albury het die afval van die kerk gesien as die voorloper van die wederkoms, terwyl Darby die verval van die kerk gesien het as 'n deel van die eindtyd wat die wegraping voor af gaan en gevolg word deur die gebeure van Openbaring. Beide van hierdie sienings sien 'n restorasie van Israel maar vanuit verskillende oogpunte. Darby het geglo dat die Jode sou terugkeer na hulle land in ongeloof maar tydens die verdrukking hulle sou bekeer.*

Ek haal hom aan;

*"Aan die einde van die eeu sal dieselfde feit weergegee word: die Jode - wat na hul eie land teruggekeer het, alhoewel sonder om bekeer te word - sal hulle in verband met die vierde dier bevind."*

***Irving*** *sê die volgende;*

*"wanneer die Here klaar is met die getuienis teen die heidene, . . . sal sy Heilige Gees bekeer tot sy ou volk, die Jode."*

***Kort daarna sal die wederkoms plaasvind.***

*Die laaste twee items wat Patterson na verwys is die sogenaamde details van Christus se wederkoms en sy geloof dat Bybelse profesie uniek spreek van sy dag. Dit is egter so wyd gestel dat dit feitlik enige iets kan beteken. Dit sal inpas by enige van die talle sienings.*

Elke siening het details van Christus se wederkoms en elke siening glo dat hulle weergawe spreek uniek van hulle tyd. Meer belangrik is die verskille aangaande die detail van Christus se wederkoms soos gesien deur die verskillende sisteme en ook sal daar verskeie verskille opduik in verhouding van hoe elke profetiese skrif praat uniek van hulle tyd. Dus is dit duidelik dat Irving en Albury beslis nie die voorgangers is van Darby se siening is nie. Inteendeel, dis Irving en Albury teen wie Darby gereageer het. Dit is duidelik dat Darby ongeveer 15 jaar geneem het om hierdie siening te ontwikkel tot 'n volwasse sisteem, is dit ook duidelik dat die idee van 'n **"voor-verdrukking wegraping"** dadelik aanvaarbaar sou wees. Dit sou egter 'n tyd geverg het om die implikasies van hierdie teologie uit te werk. Dit is dan ook so 'n senario wat pas by dit wat ons weet van Darby. Enige iemand wat die feite rondom Darby behoorlik bestudeer sal moet erken dat hy in sy eie met sy Bybel studie hierdie teologie sou kon saam stel. 'n Intensiewe studie van Irving se teologie wys duidelik dat hulle oorweldigend histories was terwyl Darby en die Brethren futuristies geword het. Flegg 'n student van Irving wat op gegroei het in die kerk merk op dat die verskille tussen die twee bewegings baie groot was. Die latere **"Powerscourt"** konferensie was gedomineer deur hierdie groep. Die **Brethren** het die futuristiese standpunt ingeneme teenoor die siening van die Katolieke Apostolies.

*Dit was die aanneem van die futuristiese eskatologie deur 'n groep christene wat dit die krag gegee het om 'n sterk mededinger te word vir die historiese siening. Darby bied aan die konsep van 'n wegraping wat enige oomblik kan plaasvind. 'n Siening wat een van die hoof sienings van die Brethren se teologie geword het. Darby het ook geleer dat die onsigbare kerk was die ware kerk van Jesus Christus. Beide van hierdie idees was in skerp kontras met die Katolieke Apostolies se siening. Daar was dus duidelike verskille tussen hierdie twee eindtyd sienings en om 'n poging aan te wend om te probeer aandui dat die twee sienings mekaar beinvloed het, sal nie slaag nie. Wanneer ons die volle boodskap van Irving se eskatologie lees dan is dit duidelik dat hulle baie sterk vas was aan die historiese siening wat die hele kerk dispensasie gesien het as die verdrukking. Die hoof punt van Irving se eskatologie was dat Babilon (valse christendom) binnekort vernietig gaan word en dat die wederkoms dan sou plaas vind.*

***Dit is klassieke historisme!***

*Hy het ook geleer dat die wederkoms sinonium was met die wegraping. Irving het geglo aan een enkele wederkoms van Christus wat op hande is. Dit is beslis nie 'n* ***"voor-verdrukking"*** *siening nie, omrede hy geglo het dat die verdrukking ten minste 1500 jaar vroeër begin het. Hy het ook nie 'n aparte wegraping gevolg deur die verdrukking en dan die wederkoms verkondig nie.*

**Ernest Sandeen** sê die volgende;

*"Darby se siening van die premillenniale koms het op twee maniere gekontrasteer met dié van die historistiese millennêre skool. Eerstens, Darby het geleer dat die tweede koms geheim sou wees, 'n gebeurtenis wat slegs sinvol is vir diegene wat daaraan deelgeneem het. . . . Daar was in werklikheid twee "tweede koms" in Darby se eskatologie. Die kerk word eers in die geheim van die aarde af weggeneem en dan, op 'n later tydstip, keer Christus terug in 'n openbare wederkoms soos beskryf in Matteus 24. . . . Tweedens, Darby het geleer dat die geheime wegraping enige oomblik kan plaasvind. Trouens, daar word ook dikwels na die geheime wegraping verwys as die leerstelling van die enige oomblik wat kom. Anders as die historistiese millenariërs, het Darby geleer dat die profetiese rooster met die stigting van die kerk onderbreek is en dat die onvervulde Bybelse profesieë almal op die wegraping van die kerk moet wag. . . . Darby het die slaggate vermy om 'n tyd vir Christus se tweede koms te probeer voorspel en om sin te probeer maak uit die hedendaagse alarms van Europese politiek met die Openbaring as die gids."*

Alhoewel Irving en Albury se volgelinge gepraat het van die verandering van die heiliges na die hemel het hulle duidelik nie geglo in die **"voor-verdrukking wegraping"** nie.

**Fleggs** sê die volgende;
"dat die vertaling nie bloot 'n enkele gebeurtenis ten tyde van die eerste opstanding mag wees nie, maar versprei oor 'n kort tydperk voor dit."

Dit klink nie soos die **"voor-verdrukking wegraping"** nie!

**Flegg** verduidelik verder;
"Hierdie tydperk van groot verdrukking was onvermydelik, maar sou ontsnap word deur 'n uitverkore liggaam (dié waarna St. Paulus verwys in I Thess. 4:16-17) wat deur Christus opgewek of vertaal sou word (in die wolke weggevang) sou word. deur die werking van die Heilige Gees aan die begin (oggend) van die Wederkoms. Dit was die eerste opstanding—die insameling van die "eerstelinge", die opstanding uit/uit die dood waarvan die Nuwe Testament gepraat het en wat deur die vrou in barensnood aangedui is (Apoc. 12:1–2). Die Ou-Testamentiese "heiliges" sou daaraan deelneem, en beide die opgestane en die vertaalde sou hulle opstandingsliggame ontvang en saam met Christus op die berg Sion bly staan."

Ons sien uit die bogenoemde aanhaling dat die Irving wegraping deel is van die wederkoms. Dis leer hulle teologie 'n kort breuk tussen die wegraping en die wederkoms, nie 'n wegraping gevolg deur 'n sewe jarige verdrukking nie en dan 'n nuwe gebeurtenis, die wederkoms nie.

*Patterson haal 74 voorbeelde aan wat hy noem die **"voor-verdrukking wegraping"** alhoewel, nadat daar na elke verwysing gekyk is, dit eerder verwys na die wederkoms wat insluit die verandring van die heiliges. Dit is nie die **"voor-verdrukking wegraping"** soos wat dit verkondig word deur Darby en die Brethren en die hedendaagse dispensasie voorstanders.*

### *Die Margaret Macdonald siening.*

*Hierdie siening behels dat die populêre siening van die **"voor-verdrukking wegraping"** van vandag begin is deur 'n tiener in Skotland in die vroeëre 1800's. Hierdie tiener was deel van die breër Irving beweging.*

*Ek haal **MacPherson** aan oor die begin van die leer van die wegraping;*
*"As Christene [dit] al die tyd geweet het, kon die toestand van Christenskap vandag heeltemal anders gewees het."*

*Hy reken dat hierdie onkunde was nie net as gevolg van 'n historiese miskyk nie, maar eerder as gevolg van 'n goed georganiseerde **"cover up"** wat versigtig en deeglik bestuur was deur die slim **"voor-verdrukking"** leiers.*

***MacPherson*** *opinies:*

*"Gedurende die eerste 18 eeue van die Christelike era was gelowiges nooit 'Wegrapingskeiers' [sic]; hulle het nooit die klein Wegraping-aspek van die Wederkoms van Christus van die Wederkoms self geskei nie."*

*In 1983 verklaar* ***MacPherson;***

*"Vyftien jaar gelede het ek niks geweet van die" "Pre-Trib beginnings." nie.*

*Hy begin sy navorsing deur aan sy vader te skryf en ontvang 'n antwoord wat dui op 'n te kort aan eenheid in die geledere van die kenners. Hy het toe besluit om ondersoek te loods op sy eie. Sy ondersoek het momentum gekry toe hy 'n baie skaars boek van Robert Norton ontdek het. Die boek se naam was* ***"The Restoration of Apostles and Prophets;In the Catholic Apostolic Church (1861)."***

*Die belangrike deel van die boek, kleim MacPherson is die persoonlike openbaring wat Margaret Macdonald gehad het in die lengte van 1830. Hy gebruik hierdie fonds om die idee te skep dat die lering van die voor-verdrukking wegraping demonies van oorsprong is. Dat dit gekom het deur 'n 15 jarige dogter van Skotland naamlik Margaret Macdonald.*

Sedert die 1970's in Amerika het dit die gebruik geword van skrywers van artikels en boeke teen die **"voor-verdrukking"** siening om op een of ander wyse die argument te gebruik dat Darby verskeie sleutel elemente van Irving gebruik het. Marvin Rosenthal is tipies van hierdie benadering. Hy het geskryf dat die voor-verdrukking wegraping van Sataniese oorsprong was en nie van gehoor was voor die 1800,s nie.

Ek haal hom aan;
"Om die Here se waarskuwing aan Sy kinders te stuit, het Satan, die 'vader van leuens', in 1830 aan 'n vyftienjarige meisie met die naam Margaret McDonald 'n lang visioen gegee."

**Vele voorbeeld kan aangehaal word.**

Robert Norton sluit in sy boek 'n handgeskrewe verslag van Margaret Macdonald se **"profesie"** wat MacPherson kleim is die hoof bron van Darby se ontwikkeling van die voor-verdrukking wegraping. Hy sê nie dat sy 'n duidelike weergawe van die wegraping gegee het nie, maar dat sy die wegraping van die wederkoms skei voor enigeiemand anders dit gedoen het. Volgens hom het Darby hierdie twee deel lering van Macdonald aangeneem en dit sistematies ontwikkel en toe deur gegee as sy eie.

**MacPherson** verklaar;

*"Margaret het die teken van die Seun van die mens dramaties geskei van die koms van die Seun van die mens,"*

**Hy** argumenteer;

*"sy het die teken gelykgestel aan die Wegraping—'n Wegraping wat sou plaasvind voor die openbaarmaking van Antichris."*

**Hy** baseer dit op haar verklaring;

*"Ek het gesien dit is net die Here self wat uit die hemel neerdaal met 'n geroep, net die verheerlikte man, ja, Jesus."*

### MacPherson se foute;

Hy maak twee groot foute in sy poging om te bewys dat Macdonald die skepping van die voor-verdrukking wegraping is. Eerstens is dit baie twyfelagtig dat haar **"profesie"** enigsins verwys na 'n tweedelige wederkoms. Dus is dit onmoontlik dat hierdie bron gebruik kan word om te bewys dat haar profesie die basis van die voor-verdrukking wegraping is, as dit nie daardie elemente bevat nie.

**Timothy Stunt** *sê die volgende;*

*"dat die teks van Margaret Macdonald se profesie (gepubliseer deur Robert Norton, in 1840) so baie verward is dat dit skaars 'n basis bied vir die konstruksie van 'n samehangende eskatologie en daar is geen bewyse dat hierdie spesifieke profesie kenmerkend was van al haar uitsprake nie."*

*MacPherson het Macdonald se woorde mis geïntrepreteer deur haar gebruik van die woord* ***"teken"*** *te sien as die wegraping. In werklikheid het sy gesê dat slegs hulle wat geestelik is sal die geheime teken van die Seun van die Mens sien wat sal plaasvind net voor die wederkoms. Met ander woorde net hulle wat die lig van die Heilige Gees binne hulle het sal weet wanneer die wederkoms sal plaasvind omrede hierdie geestelike verligting hulle instaat sal stel om 'n geestelike persepsie te hê en die geheime teken (nie wegraping) te sien. Haar openbaring was eerste gepubliseer in 'n boek deur Robert Norton wat later met Margaret getrou het. Norton publiseer die verslag weer in die* ***"The Restoration of Apostles and Prophets; In the Catholic Apostolic Church (London: Bosworth & Harrison, 1861),"***

*Hierdie twee verslae toon duidelike en belangrike verskille. Norton se **"Memoirs"** weergawe is langer as die latere **"Restoration"** weergawe. Die vroeë weergawe het tenminste 19 gevalle van woorde wat nie in die meer ekonomiese uitgawe van Margaret Macdonald se openbaring is nie.*

*Ek haal **Macdonald** aan:*

*". . . almal moet, soos Stefanus was, met die Heilige Gees vervul word, sodat hulle kan opkyk en die glans van die Vader se heerlikheid sien. Ek het die fout gesien dat mense dink dat dit iets sal wees wat deur die natuurlike oog gesien word; maar dit is geestelike onderskeidingsvermoë wat nodig is, die oog van God in sy volk. . . . Slegs diegene wat die lig van God in hulle het, sal die teken van sy verskyning sien. Dit is nie nodig om hulle te volg wat sê, kyk hier of sien daar nie, want sy dag sal wees soos die weerlig vir dié in wie die lewende Christus is. 'Dis Christus in ons wat ons sal ophef—Hy is die lig—'is net die wat in Hom lewe, wat weggevoer sal word om Hom in die lug tegemoet te gaan. Ek het gesien dat ons in die Gees moet wees, sodat ons geestelike dinge kan sien. Johannes was in die Gees, toe hy 'n troon in die Hemel sien sit het. . . . dit is nie kennis oor God wat dit bevat nie, maar dit is om in God in te gaan— . . .*

*Ek het gevoel dat diegene wat met die Gees vervul is, geestelike dinge kon sien, en voel dat hulle in hulle midde wandel, terwyl diegene wat nie die Gees gehad het nie, niks kon sien nie."*

***Sy was duidelik verbind aan geestelik insigte om verskeie redes.***

**1.** *Stefanus het in die hemel ingesien, hy was nie weggeraap nie.*

**2.** *Die teken sal net gesien word deur die wat geestelik verlig is. Dit sal nie 'n natuurlike of fisiese teken wees nie, maar 'n geestelike onderskeiding.*

**3.** *Sy bespreek die **"teken"** van Sy koms nie die fisiese verskyning nie.*

**4.** *Wanneer 'n persoon so geestelik verlig was, sou hy nie rigting van ander nodig gehad het nie. Hy sal gelei word direk deur die Lewende Christus.*

**5.** *Die klem lê op **"sien". "Johannes was in die gees en hy het gesien".** Hulle wat gevul is met die Heilige Gees sal kan sien.*

*D.H.Kromminga neem kennis dat Macdonald se profesieë dit duidelik maak dat die wederkoms van Christus afhang van die behoorlike geestelike voorbereiding van die kerk. **John Bray** stem saam dat Macdonald 'n enkele koms voor gestaan het en nie 'n tweeledige koms nie.*

Ek haal hom aan;

*"Die enigste ding wat nuut is in haar openbaring self is blykbaar dié van net Geesvervulde Christene wat by die wederkoms van Christus opgevang word na swaar beproewinge en verdrukking deur die Antichris."*

Met ander woorde dit lyk asof sy 'n ***"na-verdrukking gedeeltelike wegraping"*** voorgestaan het.

***Bray*** verklaar verder;

*"Dit lyk vir my of Margaret MacDonald gesê het dat Christene die versoeking van die valse Christus (antichris) SAL in die gesig staar en in "'n vreeslik gevaarlike situasie" sal wees, en dat slegs die Gees IN ONS in staat sal stel dat ons daarvan weerhou word om mislei te word; en dat soos die Gees werk, so sal die antichris; maar die uitstorting van die Gees sal ons "pas om in die bruilofsmaal van die Lam in te gaan," en diegene wat met die Gees vervul is, sou geneem word terwyl die ander oorbly. . . .Margaret MacDonald het natuurlik 'n gedeeltelike wegraping geleer, maar dit het nie noodwendig beteken dat die lering 'n verdrukkingsperiode NA DAAROP vir die ander Christene ingesluit het nie. . . . Dit sou nie reg wees om as vanselfsprekend te aanvaar dat Margaret MacDonald in 'n verdrukkingstydperk na die verskyning van Christus geglo het nie, tensy sy dit beslis gesê het."*

'n Ander punt wat **McPherson** maak om sy opinie te ondersteun is;

"Macdonald was die eerste persoon wat 'n koms van Christus geleer het wat die dae van Antichris sou voorafgaan."

Dit moet beteken, volgens MacPherson, dat Macdonald 'n tweedelige wederkoms geleer het. Alhoewel dit hoogs onwaarskynlik is dat Macdonald na die wegraping verwys het. Ook was Macdonald nog steeds 'n historikus. Sy het geglo dat die kerk reeds in die verdrukking was vir honderde jare al. Dus was die openbaring van die antichris ophande, maar voor die wederkoms. Sy sê dat gelowiges geestelike insig nodig het om nie verlei te word nie. Anders hoekom moet gelowiges, insluitend sy, gevul word met die Heilige Gees. Sy het haarself ingesluit as een wat die spesiale bediening van die Heilige Gees nodig gehad het.

Ek haal haar aan;

". . . nou sal die aaklige gesig van 'n valse Christus op hierdie aarde gesien word, en niks anders as die lewende Christus in ons kan hierdie aaklige poging van die vyand om te mislei, bespeur nie. . . . Die Gees moet en sal in die kerk uitgesuiwer word, sodat sy gereinig en met God vervul kan word. . . . Daar sal ook uiterlike beproewing wees, maar dit is hoofsaaklik versoeking.

*Dit word veroorsaak deur die uitstorting van die Gees, en sal net in verhouding toeneem soos die Gees uitgestort word. Die verhoor van die Kerk is van die Antichris. Dit is deur vervul te word met die Gees dat ons bewaar sal word. Ek het gereeld gesê: Ag, word vervul met die Gees - het die lig van God in jou, dat jy satan kan bespeur - wees vol oë van binne - wees klei in die hande van die pottebakker - wees onderdanig om vervul te word, vervul met God. . . . Dit is waarvoor ons tans baie moet bid, sodat ons almal spoedig gereed gemaak kan word om ons Here in die lug te ontmoet - en dit sal wees. Jesus wil sy bruid hê. Sy begeerte is na ons."*

***Charles Ryrie*** *wys ook op nog 'n misverstand van* ***Macdonald*** *se profesie.*

*"Sy het gesien hoe die kerk ("ons") deur die Antichris gesuiwer word. MacPherson lees dit as dat die kerk voor die Antichris weggeraap sal word en die "ons" ignoreer. In werklikheid het sy gesien hoe die kerk Antichris se vervolging van die Verdrukkingsdae verduur."*

*Macdonald was dus 'n* ***"na-verdrukking"*** *aanhanger. Sy het geglo dat die kerk deur die verdrukking sou gaan. Dit is kwalik 'n* ***"voor-verdrukking"*** *siening.*

**John Walvoord** verklaar;

"Lesers van MacPherson's Incredible Cover-Up sal ongetwyfeld beïndruk wees deur die baie lang aanhalings, waarvan die meeste slegs vensterversiering is vir wat hy probeer bewys. Wanneer dit by die punt kom om te bewys dat óf MacDonald óf Irving pretribulationisties was, word die bewyse baie modderig. Die aanhalings wat MacPherson aanhaal, ondersteun nie sy gevolgtrekkings nie."

**Stunt** wys ook daarop;

"dat nie een van die kontemporêre getuies van die Clydeside-uitspraak enige melding gemaak het van Margaret Macdonald wat 'n nuwe leerstelling verkondig het nie. Trouens, dit is net met 'n bietjie moeite dat 'n mens kan identifiseer wat MacPherson haar "pretribulationistiese" lering in die transkripsie van 1840 noem, en toe Norton in 1861 uit haar profesie aangehaal het, het hy die gedeelte weggelaat wat verwys na "die vurige verhoor" wat "sal wees vir die suiwering en reiniging van die werklike lede van die liggaam van Jesus"—'n gedeelte wat duidelik aanneem dat Christene deur die verdrukking sal gaan."

Tweedens, tenspyte van MacPherson se groot hoeveelheid navorsing en skrywe kon hy glad nie harde bewyse voorlê dat Darby beïnvloed was deur Macdonald se profesieë nie ongeag wat dit beteken. MacPherson veronderstel net hierdie konneksie.

*Dwarsdeur MacPherson se skrywe bly hy informasie aanbied van kwessies, ontwikkelings en gelowe van Groot Brittanje gedurende die vroeë 1800,s blykbaar aan die dink dat hy bewyse byvoeg vir sy tesis dat die populêre siening van die voor-verdrukking wegraping van Darby terug gevoer kan word na die tiener van Skotland se openbaring. Baie van die inligting is nuttig en interessant maar gee geen bewyse vir sy tesis nie. Selfs al het Darby die voor-verdrukking wegraping teologie ontwikkel lank nadat Macdonald haar openbaring gehad het, sal daar spesiefieke bewyse gelewer moet word om 'n koneksie te bewys. Instede bied MacPherson spekulatiewe raaiskote oor hoe Darby sy opleiding in die wet gebruik het om christene te manipuleer deur die ware oorsprong van die wegraping.*

***Opsomming.***

*Alhoewel Irving en Albury 'n aantal eskatologiese idees gehad het wat uniek was, was die voor-verdrukking wegraping nie een daarvan nie. Dit is onmoontlik vir een wat die historiese siening volg om te glo dat die wegraping voor die verdrukking sal plaasvind. Die historiese siening glo dat die verdrukking al honderde jare gelede begin het. Dit is ook waar dat die Irvinites praat van 'n skielike koms van Christus om die gelowiges te neem na die hemel.*

*Hierdie siening was deel van die wederkoms siening wat hulle geneem het van Manuel Lacunza se skrywe wat nie die produk van futurisme was op daardie stadium nie. So 'n siening het soortgelyke elemente soos gesien in Robert Gundry se weergawe van die voor-verdrukking siening. Gundry het geglo in 'n wegraping om die Here in die lug te gaan ontmoet* ***"to form a welcoming party that will escort the Lord on the last leg of his descent to earth."*** *Darby het 'n eskatologiese basis in die Skrif gevind vir sy siening van 'n voor-verdrukking wegraping. As 'n versigtige student van die Bybel het Darby geen nodigheid gehad om sy sienings te heroorweeg nie. Die ongegrondige en vuilbekkige beskuldigings van MacPherson en sy simpatiseerders oortree die hele wese van John Nelson. Darby as 'n man van die waarheid. 'n Man van integriteit vir wie die woord van God die hoogste gesag was. Tim LaHaye glo dat of Darby beïnvloed was deur die Bybel of nie, dat die* ***"voor-verdrukking wegraping"*** *gevind kan word nie die blaaie van die Bybel. John Darby het sy siening hoofsaaklik gekry van sy studies in die Bybel, deur die inspirasie van die Heilige Gees en die invloed van opkomende literaliste wat wegbeweeg het van die Historiese siening. Die meeste voorstanders van die* ***"voor-verdrukking wegraping"*** *glo dat Darby sy siening gekry het as gevolg van sy studies van die Bybel.*

**By voorbeeld, Charles C. Ryrie,** *Come Quickly, Lord Jesus: What You Need to Know About The Rapture* **(Eugene, OR: Harvest House Publishers, 1996),** *75–82;* **Gerald B. Stanton,** *Kept From The Hour: Biblical Evidence for the Pretribulational Return of Christ, 4th. ed. (Miami Springs, FL: Schoettle Publishing Company, 1991), 326–31;* **John F. Walvoord,** *The Rapture Question, rev. ed. (Grand Rapids: Zondervan, 1979), 150–58;* **Hal Lindsey,** *The Rapture: Truth or Consequences (New York: Bantam Books, 1983), 168–74; Vanished Into Thin Air: The Hope of Every Believer (Beverly Hills, CA: Western Front, 1999), 112–35;* **Tim LaHaye,** *No Fear of The Storm: Why Christians Will Escape All The Tribulation (Sisters, OR: Multnomah, 1992), 95–184; The Rapture: Who Will Face the Tribulation? (Eugene, OR: Harvest House Publishers, 2002), 145–87, 245–8;* **Thomas D. Ice,** *"Why the Doctrine of the Pretribulational Rapture Did Not Begin with Margaret Macdonald," Bibliotheca Sacra 147, no. 586 (April–June 1990):* **Timothy C. F. Stunt,** *"The Tribulation on Controversy: A Review Article," Brethren Archivists & Historians Network Review 2, no. 2 (Autumn 2003): 91–8;* **Paul Richard Wilkinson,** *"John Nelson Darby and the Origins of Christian Zionism" (PhD thesis, University of Manchester, 2006), 172–97, 291–331, 436–8; For Zion's Sake: Christian Zionism and the Role of John Nelson Darby (Milton Keynes, England: Paternoster, 2007), 119–32, 177–201, 262–3;*

***Max. S. Weremchuk,*** *John Nelson Darby (Neptune, NJ: Loizeaux Brothers, 1992), 111–35;* ***Larry V. Crutchfield,*** *The Origins of Dispensationalism: The Darby Factor (Lanham, MD: University Press of America, 1992), 188–92;* ***Daniel Payton Fuller,*** *"The Hermeneutics of Dispensationalism" (ThD diss., Northern Baptist Theological Seminary, 1957), 36–54;* ***George L. Murray,*** *Millennial Studies: A Search for Truth, 2nd. ed. (Swengel PA: Bible Truth Depot, 1951), 132;* ***Ian S. Rennie,*** *"Nineteenth-Century Roots" in* ***Carl E. Armerding and W. Ward Gasque, editors,*** *A Guide to Biblical Prophecy: A Balanced and Biblical Assessment of the Nature of Prophecy in the Bible (Peabody, MA: Hendrickson Publishers, 1989), 49–54;*

# 16. DIE WEGRAPING TEENOOR DIE HEERSKAPPY LERING.

*Daar is diegene wat spot met die wegraping en dit totaal en al verwerp. Dit maak nie saak of dit voor of na die verdrukking is nie, dit word ten sterkste ontken. Hulle glo dat daar geen gelowige van die aarde af geneem gaan word nie.* ***Jay Grimstead*** *die stigter en direktor van COR verklaar in 'n brief gedurende die 11de Maart 1988 die volgende.*

*"Daar is 'good, scholarly pastors' wat nog steeds na naïef glo dat die oplossing vir ons huidige probleme is die wederkoms van Christus" (quoted Whatever Happened to Heaven by Dave Hunt).*

*Nog 'n aanhaling oor hierdie onderwerp kom van* ***Gerald Coates.***

*"Die Wegraping-idee is belaglik... 'n Mens moet tot die gevolgtrekking kom dat die geheime wegraping-teorie dalk evangelies is, maar nietemin onbybels is. Dit is 'n groteske idee - die wegraping is dalk 'n baie aangename leerstelling vir lafaards, maar dit is niks beter as wensdenkery nie en moet verplaas word na die gebied van mite en fantasie." (Gerald Coates "What On Earth Is This Kingdom" p. 36).*

*Die algemene siening onder hierdie predikers is dat die goddelose uit hierdie wêreld weggeneem sal word en die heiligs sal hier agter bly.*

*In 'n opname met die titel* ***"The Coming Glory"*** *sê* ***John Bevere*** *die volgende;*

*"Luister…die grootste…eh…eh…ek raak so gefrustreerd as mense begin praat van "wel, ons gaan weggeraap word" en hulle het soort van die houding van;"Ek kan nie wag om uit hierdie gemors te kom nie." Kyk, dink jy God het ons deur die hele woestyn gebring net om ons uit te kry? Dink jy Hy het ons deur al hierdie opleiding gesit net sodat Hy ons kon wegvlieg? Daar was 'n rede. N rede. En ons is op die randjie daarvan. Ek glo ons is aan, ons is op die randjie daarvan. (John Bevere, Videotaped message: "The Coming Glory", (Orlando, Fla.: John Bevere Ministries found onwww.deceptioninthechurch.com)*

*Bevere glo soos baie ander in die sogenaamde* ***"dominion"*** *kamp dat die grootste herlewing van God se Heerlikheid baie binnekort gaan plaasvind. Duidelik in stryd met die woord wat leer dat daar 'n groot afval gaan kom. Daarna sal die* ***"seun van die verderf"*** *die man van sonde op die toneel verskyn wat* ***"'n Christus vir baie sal wees."*** *Daar sal 'n werklike herlewing in die groot verdrukking wees, waarin ons nog nie is nie.*

***Kom ons kyk na verskillende gedagtes oor die wegraping.***

*Daar is verskillende maniere waarop die wegraping/opstanding kan plaasvind.*

Een is dat dit 'n wêreld wye gebeurtenis sal wees waarvan almal bewus sal wees. Die Heilige Gees dui nie aan hoe hierdie gebeurtenis sal wees nie. Dit mag 'n luide gebeurtenis wees of nie. Die Trompet weerklink en normaal weg word die trompet gebuik om iets duidelik aan te dui. Daar is heelwat gebeurtenisse wat deur God aan gekondig word deur 'n stem uit die hemel. Die wet vanaf die berg Sinai was 'n oorverdowende trompet. Die Vader wat met Jesus praat by Sy doop en op die berg van verheeliking van uit die hemel. Dit beteken egter nie dat almal hierdie stem of trompet sal hoor nie. Dit mag dalk wees dat net digene vir wie dit bedoel is dit sal hoor. 'n Ander manier is dat die gebeurtenis sal in die geheim plaasvind en niemand sal daarvan bewus wees nie. Soos byvoorbeeld wanneer dit plaasvind midde van een of ander krissis op aarde soos 'n wêreld oorlog. Dit mag die gebeurtenis ongesiens laat verby gaan. Niemand sal sien dat miljoene mense weg is nie omrede daar ander meer belangrike dinge op daardie stadium plaasvind. In sulke omstandighede kan verskeie redes dan vir hierdie gebeurtenis aan gevoer word. Baie reken dat sou dit 'n wêreldwye sigbare gebeurtenis dit globale vrees sou veroorsaak. Baie sou dan tot die besef kom dat die Bybel tog waar was oor toekomstige gebeure. As motors en vliegtuie dwarsoor die wêreld verongeluk omrede die bestuurders en loodse skielik verdwyn sal dit beslis wêreld nuus wees.

*Sou dit so gebeur so die media moes opkom met 'n verduideliking wat meer oortuigend is as die van die Bybel. Veral as almal wat verdwyn het Christene was. Die* ***"New Age"*** *het alreeds 'n verskoning gereed. Hulle reken dat die mens gaan 'n sogenaamde* ***"quantum leap"*** *gaan ondergaan in hulle denke en 'n nuwe spesie gaan gevorm word naamlik* ***"Homonoeticus".*** *Buite ruimtelike wesens gaan die mense van 'n laer* ***"denke",*** *die sogenaamde christene, van die wêreld weg neem. Tog mag dit ook wees dat die wegraping geen werklike inpak sal hê wanneer dit plaasvind nie. Die wegraping gaan plaasvind midde in die afval van die waarheid wat die Bybel na verwys.*

***Die Bybel sê dat Hy kom vir die wat Hom verwag.***

***FILLIPENSE 3:20.***

***"Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus,"***

***FILLIPENSE 3:14.***

***"Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede."***

*Wanneer 'n mens sonder verwagting lewe dan gebeur dit waarvoor jy 'n verwagting moet hê, sonder dat jy daarvan bewus is. Wanneer die oog nie meer gevestig is op 'n Christus wat gaan terug kom nie, dan word die hart gevul met alles wat teenoor die hemel staan.*

*Diegene wat nie meer hulle oog op die wederkoms het nie, sal besig wees om te bou aan dit wat hulle dink die koningkryk van God is maar nie is nie. Die kerk wêreld sal binne 'n valse* ***"herlewing"*** *wees wanneer die wegraping plaasvind. Dit is die minderheid wat sal gereed wees vir die wegraping, nie die meerderheid wat deur die valse predikers gekleim word nie. Die huidige Nuwe Orde verwys na christene wat vashou aan duidelike Bybelse lering, as die wat verdeeldheid bring.*

***Jesus waarsku teen hierdie in die volgende vers.***

*JOHANNES 16:2.*

***"Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys."***

*Hy het nie verwys na die slagting van die christene deur diktators soos die Romeinse Keisers en Mao, Stalin of Hitler nie. Hulle het nie geglo dat hulle God 'n guns doen deur die christene dood te maak nie. Hy het beslis verwys na 'n* ***"godsdiens"*** *aan die einde van tyd wat mense gaan dood maak in die naam van God. Op hierdie oomblik is die hoof godsdiens wat christene dood maak die Moslem geloof. Openbaring verwys ook na so 'n godsdiens.*

***<u>OPENBARING 13:7-15</u>.***

***"Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie. En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie. As iemand 'n oor het, laat hom hoor. As iemand krygsgevangenes maak, gaan hy in krygsgevangenskap; as iemand met die swaard doodmaak, moet hy met die swaard doodgemaak word. Hier is die lydsaamheid en die geloof van die heiliges. En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak. En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is. Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het. En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie."***

*Daar is baie wat glo dat ons nou die uitstorting van God se Gees op alle vlees beleef en dat 'n geweldig herlewing op hande is. Een van die skrifte wat die meeste uit verband gebruik word deur die sogenaamde* ***"restorasie"*** *beweging is die volgende.*

***HANDELINGE 3:18-21.***

***"maar God het op dié manier vervul wat Hy tevore verkondig het deur die mond van al sy profete, dat die Christus sou ly. Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom, en Hy Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus, Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete."***

*Die morderne* ***"Kingdom Now"*** *predikers sê dat Jesus nie kan terugkom voordat ons as christene alles herstel het wat die kerk deur die eeue verloor het nie. Ons het nodig om dit terug te neem deur geweld. Dis die rede vir die valse leerstelling van* ***"oorlog in die hemele"*** *waar ons die demoniese magte sal dwing om hulle gesag aan ons oor te gee. Nêrens in die Bybel sien ons dat een van die Apostels hierdie leer verkondig nie. Die duidelike lering van die apostels word verontagsaam en verag deur hierdie predikers.*

*Hulle leer dat geld en outoriteit in die hande van die kerk geplaas moet word. Heelwat van hulle het ook Israel as deel van God se eindplan verwyder en al die beloftes aan Israel oorgedra aan die kerk.*

***Earl Paulk,*** *een van die leiers in die beweging skryf die volgende;*

*"Sommige van die sterkste fundamentele kerke verkondig steeds dat Christus sal terugkeer om nasionale Israel vir Homself te versamel, en ek sê dit is misleiding en sal die Koninkryk van God verhoed om te gebeur!" "In almost any Christian bookstore, about 99% of the books will say that "God's time-clock is Israel" and that "God's covenant is still with Israel" ... [I say that] prophecies about Israel as a nation [are] now transferred to spiritual Israel, which is the people of God [i.e. the church]..." (Earl Paulk, the Handwriting on the Wall pp.17, 19-20)*

*Die 70 weke van Daniël dui egter daarop dat daar nog 'n plek vir Israel in die einde is as 'n nasie. Voor Jesus se hemelvaart in Handelinge 1:6 vra die dissipels of Jesus nou die koningkryk van Israel gaan herstel. Hulle het verwag dat Hy die koningkryk op aarde gaan vestig. Die woord **"restorasie"** is 'n tegniese mediese term wat die volgende beteken. **"complete restoration of health; restoring a dislocated joint to its place"** of **"to restore a thing to its former situation".***

*Dit gaan nie oor die restorasie van die kerk nie maar oor die wêreld se kondisie en die val van die mens. Die algemene geloof van die Jode was dat wanneer die Messias op die toneel verskyn Hy sou regeer op aarde vir ewigheid. Hulle het nie die twee komste van Jesus verstaan nie.*

***JOHANNES 12:34.***

***"Die skare antwoord Hom: Ons het uit die wet gehoor dat die Christus tot in ewigheid bly; en hoe sê U dat die Seun van die mens verhoog moet word? Wie is hierdie Seun van die mens?"***

***Nou was die vraag;*** *Hy het gesterf en weer opgestaan, wat is dan nou die vertraging? Die Apostels was besig on navraag te doen oor hoekom Hy dan nie nou die koningkryk oprig nie? Hy het alles gedoen wat Hy hulle gesê het Hy sal doen. Jesus se laaste woorde voor Sy hemelvaart was dat hulle moet wag totdat hulle gedoop word met die Heilige Gees en krag ontvang het om getuies te wees. Hierdie Apostels was die laaste wat Hom sou sien en die meerderheid van hulle was bestem om te sterf.*

**1 KORINTHIËRS 4:9.**

***"Want dit lyk vir my dat God ons apostels die laaste plek aangewys het as tot die dood veroordeel; want ons het 'n skouspel geword vir die wêreld, vir die engele sowel as vir die mense."***

***Soos Paulus wat die laaste was wat Jesus gesien het dit stel;***

**1 KORINTHIËRS 15:8.**

***"en laaste van almal het Hy verskyn ook aan my as die ontydig geborene."***

*Dis toe die lig oor hom geskyn het oppad na Damaskus en Jesus met hom gepraat het in die Hebreeuse taal. Toe Jesus opgevaar het, het Hy gaan sit as ons Hoëpriester langs God die Vader. Sy afwesigheid hier op aarde is 'n nodige element in God se plan. In hierdie tyd het die despensasie van die kerk aangebreek. Die tyd van genade. Ou Testamentiese Judaisme onder die Moses verbond is opsy gesit. Die Apostel vertel ons hier dat dit noodsaaklik was vir Jesus om eers op te vaar hemel toe. Sou Hy dit nie gedoen het nie kon die Heilige Gees nie Sy werk kom doen het nie. Ons sou dan nie die kerk era beleef het nie. Hierdie was alles deel van die profetiese plan van God.*

*Hy het belowe dat Hy weer sal terug kom, maar Hy sal in die hemel bly tot die* ***"Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge,"*** *in Engels* ***"until the times of restitution of all things."*** *Jesus het die punt gemaak dat die tyd van restorasie was in die hande van die Vader is. Hy sal weer kom in Sy heerlikheid om Sy Goddelike order uit te voer. Dit is gedurende die Vrederyk waar ons 'n tyd sal beleef waar alles verander sal wees baie soort gelyk aan die tuin waar Adam was. Wees verseker dat niks hiervan sal gebeur sonder Jesus Christus nie!*

*Een van die self aangestelde apostel/profeet -* ***Bill Hamon*** *skryf in sy boek* ***"The Eternal Church"*** *die volgende.*

*"Jesus wag op die kerk. Alles wat die sondeval en die sondeval van die mensdom weggeneem het, sal Jesus deur Sy kerk herstel." "Wanneer die kerk alle vyande van Christus onder sy voete geplaas het...dan kan Christus uit die Hemel bevry word om terug te keer as die gemanifesteerde Hoof van Sy fisies opgestane en vertaalde kerk." (Prophets and Personal Prophecy, Bill Hamon)*

*Hamon saam met baie ander* ***"Latter Rain"*** *voorstanders glo hy dat die kerk sal ontwikkel tot kragtige invloed. Die kerk sal homself perfek maak en in beweeg in glorie, eer en krag sonder die letterlike terugkeer van Christus.*

*Daar is baie wat uitsien na die teenwoordigheid van die heerlikheid wat op die kerk gaan neerdaal om dit instaat te stel om die werk te doen in die wêreld wat die kerk instaat sal stel om te regeer hier op aarde. Dan iewers in die toekoms sal daar 'n tweede koms plaasvind. Dus egter 'n valse verwagting. Jesus sê duidelik dat Hy sal kom met heerlikheid, nie die heerlikheid sonder Hom nie.*

***MATTHEUS 25:31.***

***"En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit;"***

*Wanneer jy die persoon van Christus verruil vir die besoeking van die Heilige Gees, dan kan jy leer dat die Gees sal in die kerk kom as die heerlikheid en dan het jy 'n ander tipe wederkoms, een sonder die teenwoordigheid van die persoon en dan het jy 'n heerlikheid wat los staan van die persoon.*

***John Bevere's*** *boek* ***"The Fear of the Lord,"*** *lees ons;*

***Hosea 6:1-2***

***"Come, let us return to the Lord; for He has torn, but He will heal us; He has stricken, but He will bind us up. After two days He will revive us; and on the third day He will raise us up, that we may live in His sight."***

*("Kom en laat ons terugkeer tot die HERE; want Hy het verskeur en sal ons genees, Hy het geslaan en sal ons verbind. Hy sal ons ná twee dae lewend maak, op die derde dag ons laat opstaan, sodat ons voor sy aangesig kan lewe.")*

*"Hierdie gedeelte is 'n profetiese Skrif wat God se verfyning van Sy kerk beskryf ter voorbereiding van Sy heerlikheid. Hy het geskeur maar Hy sal genees. 'n Dag by die Here is duisend jaar (2 Pet.3:8). Dit is twee volle dae (tweeduisend jaar) sedert die opstanding van die Here. Ons staan op die rand van God se herlewing en herstel van Sy heerlikheid aan Sy tempel. Die derde dag spreek van die duisendjarige heerskappy van Christus wanneer Hy voor ons oë sal lewe en regeer. Hosea gee verdere instruksies oor hoe om te lewe en wat om na te streef terwyl ons voorberei vir Sy heerlikheid" (p.123)*

*Bevere het hier 'n idioom by Petrus geneem en dit 'n soliede letterlike intrepretasie gegee om 'n skrif van toepassing te maak op die kerk wat eintlik op Israel van toepassing is. Dit is algemene gebruik om hierdie skrif te vergeestelik en dan te koppel aan hulle aan wie dit nie gerig is nie. Esegiel verklaar dat daar 'n letterlike vrederyk tempel sal wees wat nog gebou moet word. Die Laat Reën aanhangers vergeestelik die bedoeling van die skrif en koppel dit aan ons vandag wat maak dat ons goed voel oor iets groter as die verlede wat gaan plaas vind.*

*Die frase **"tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge"** impliseer op geen manier dat hierdie **"wederoprigting"** in die hande van die kerk is nie. Petrus bedoel hier glad nie dat **"Hom wat die hemel moet ontvang"** daar moet bly tot alles eers bereik is nie. Christus bly in die hemel tot op die **"tyd"** vir die wederoprigting. Die vooraf bepaalde tyd. Dit is Sy **"verlaat"** van die hemel wat hierdie **"restorasie"** veroorsaak. Christus kom nie terug omdat alles reeds deur die kerk gerestoreer is nie. Nee, Hy kom terug om die restourasie self te veroorsaak. Dit is Sy fisiese teenwoordigheid wat die restorasie gaan bring, nie die kerk nie wat alles herstel en dan kom Hy terug nie!!!!!! Christus kom nie terug aarde toe as gevolg van die restorasie wat die kerk gedoen het nie, maar om die restorasie self te doen. Hierdie restorasie sal ook die verlossing van die natuur insluit.*

***ROMEINE 8:18-23.***

***"Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie. Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God. Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe nie gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit onderwerp het in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die***

***heerlikheid van die kinders van God. Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe. En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onsself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam."***

*Wanneer ons wag vir die Christus wat ons gaan wegraap hemel toe kan ons nie mislei word deur 'n nagemaakte **"Christus"** wat op aarde gaan regeer, ongeag enige kragte wat hy sou hê. Ons is veronderstel om te wag op die Christus wat gaan terug kom op die selfde manier wat Hy weg gegaan het. In God se heerlikheid en vanuit die hemel. Net soos wat die engele die dissipels vertel het.*

***HANDELINGE 1:11.***

***"wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het."***

*Hoe nader ons aan die salige hoop van die kerk kom, hoe meer mense verwerp die idee geheel en al. Die idee dat Christus gaan terug kom om Sy kerk van die aarde te verwyder is vir die sogenaamde **"koningkryk rekonstruksionisme"** en **"heerskappy"** ouens 'n **"aftogblasende nederlaag"** gesindheid.*

*Baie van diegene wat nie die wegraping aanvaar nie, glo dat die Here Sy kerk gaan bewaar gedurende die groor verdrukking soos wat Hy vir Israel bewaar het tydens die plae van Egipte. Daar is verskillende probleme met hierdie siening. Israel het in 'n aparate deel van Egipte gewoon naamlik Gosen wat aan die Israeliete alleen gegee was. Openbaring vertel ons dat die gelowiges regoor die wêreld oorkom gaan word deur die dier, en hulle lewens gaan verloor in die verdrukking. Hulle gaan nie bonatuurlik beskerm word nie. Die enigste wat bonatuurlik beskerm gaan word is die 144 000. Wanneer ons kyk na hoofstukke 6-11 en 11-14 en 17-18 dan sien ons dat die gelowiges gedood word op 'n konstante wyse. Daar is geen veiligheid vir die gelowiges in die verdrukking nie. Almal sal nie dood gemaak word nie. Heelwat sal die verdrukking oorleef, want hulle is die skape wat in die oordeel is aan die einde van die verdrukking. Maar vir diegene wat deur hierdie tyd sal gaan op aarde sal 'n wegraping baie welkom wees.*

*Een van die voorstanders van die oorspronklike Laat Reën beweging wat gestig was in die 40's **Bill Britton** verklaar.*

*"Dit sal wees soos in die dae van Noag. Hoe was dit in Noag se dag? Die vloed van oordeel het gekom en al die goddeloses weggeneem, en die regverdiges het oorgebly om die aarde te beërwe.*

*Die goddeloses was weggeneem - tog het die mens 'n teologie uitgedink waarin dit net die teenoorgestelde is; hulle beweer dat die regverdiges weggeneem sal word. Die Bybel, my vriend leer nie so iets nie. Spreuke 3:26 - want die Here sal hulle vertroue wees en sal bewaar dat jou voet gevang word - dit is duidelik hier dat die regverdiges nie gevang word nie. Wel, as iemand geneem moet word, wie is dit? Spreuke 11:6 sê - die oortreders sal gevang word. Dink daaraan - die oortreders sal geneem word. Dit is nie wat die mens ons geleer het nie, is dit?"* (Bill Britton, "A Closer Look At the Rapture," George Warnock, "Feast of Tabernacles" 1951)

Hierdie is **"Koningskryk heerskappy lering"** wat algemeen geword het in ons tyd. Dit is op die voorgrond gebring deur die Laat Reën beweging. Geen wegraping nie maar die regverdiges gaan op die aarde bly. Elke keer wat daar 'n groot oordeel gaan plaasvind het God Sy mense daarvan verwyder. Alhoewel Hy hulle nie elke keer opgelig het tot bo die aarde nie, is die beginsel dieselfde. Die feit is dat gedurende die vloed van Noag het die regverdiges nie op die aarde gebly nie maar is deur die ark bokant die water opgelig. Die onregverdiges was op die aarde gelaat om geoordeel te word. Netsoos in die wegraping waar die regverdiges van die aarde verwyder word en weer saam met Christus terug keer.

*Arnold Murray van die* ***"Shepherds Chapel"*** *kleims dat die lering van die wegraping is* ***"okkulties"*** *en veroordeel elkeen wat daarin glo en sê dat diegene wat so glo nie God se seën op hulle het nie. Die Jehova se Getuies sê dat daar sal net 144 000 in die hemel wees en hulle sal daar kom deur die dood. Hulle verloën ook die wegraping. Die Rooms Katolieke kerk glo ook nie aan die wegraping nie. Die Sewende Dag Adventiste verloën ook die wegraping, en glo dat wanneer jy dood gaan dan slaap jy in die graf. Sommige verloën die wegraping sonder enige rede behalwe dat hulle niks wil glo wat die Bybel leer nie. Ander het weer 'n sterk rede om die wegraping te verloën omrede hulle 'n nuwe siening wil bevorder en besluit het dat die ou siening ons verhinder om die werk van die Here te doen.*

***Hulle het 'n agenda om te bevorder.***

*In sy 1989/1990 boekie* ***"the Harvest"*** *het* ***Rick Joyner*** *wat 'n sogenaamde* ***"visioenêre profeet"*** *is die volgende gesê;*

*"die leerstelling van die Wegraping was 'n groot en doeltreffende slenter van die vyand om 'n terugtrekmentaliteit in die Kerk in te plant … reeds hierdie juk is deur die meerderheid in die oprukkende kerk afgewerp, en sal binnekort deur almal afgewerp word." (THE HARVEST, Rick Joyner (1989 /1990 revised booklet on pg.121)*

***Is hierdie 'n goeie ding?*** *Die wegraping is 'n belofte van Jesus om ons te neem na waar Hy is.*

*Dit is nie 'n misleiding nie, dit is 'n belofte.* ***Joyner*** *bevorder ook die* ***"Koningkryk heerskappy".*** *Later het hy ook die volgende gesê; "Die leerstelling van die wegraping voor die verdrukking was effektief in die ontwikkeling van 'n terugtrekmentaliteit in die kerk."*

***Hoekom sien hy dit so?*** *Dis omrede hy en ander die kerk sien in die eintyd as 'n opkomende en millitante wonderwerkende leermag wat die land oorneem. Die geloof in die wegraping wat enige tyd kan gebeur behoort die christen aan te spoor om meer ywer aan die dag te lê in die werk van die Here. Wanneer ons duidelik sien dat die tyd om te werk al korter word behoort ons harder te werk en nie minder nie.*

***Gerald Coates,*** *een van die hoofde van die* ***"March For Jesus"*** *verduidelik sy siening soos volg. "Die Wegraping-idee is belaglik... 'n Mens moet tot die gevolgtrekking kom dat die geheime wegraping-teorie dalk evangelies is, maar nietemin onbybels is. Dit is 'n groteske idee - die wegraping is dalk 'n baie aangename leerstelling vir lafaards, maar dit is niks beter as wensdenkery nie en moet verplaas word na die gebied van mite en fantasie." (Gerald Coates, What On Earth Is This Kingdom p. 36)*

*Is dit moontlik dat iemand in die kerk geledere minagtend kan verwys na dit wat die Bybel duidelik leer? Dit boonop kan sien as 'n lering van lafaards? Beslis is daar diegene wat so dink, omrede hulle 'n koningkryk op aarde wil bou en leiers daarin wil wees. **Coates** sien die **"March for Jesus"** as 'n **"profetiese optrede"** wat die grond vir God kleim deur "verskuiwing van die geestelike magte wat in die strukture van die nasies toegeken is". (Gerald Coates, March For Jesus, p. 131) Hierdie is 'n on-Bybelse lering en het 'n verskuilde agenda.*

*In **2 TIMOTHEUS 2:17-18** was Paulus gedwing om te skryf oor die feit dat sommige praat asof die opstanding alreeds plaas gevind het. Hulle het die geloof van sommige laat skipbreuk lei. Nie almal het hierdie gedagte onderskryf nie maar sommige het wel. Paulus noem twee name van diegene wat weg gedraai het van die waarheid en wat gelaster het, "Hymenaeus en Philetus".*

***"Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny. Maar die onheilige, onsinnige praatjies moet jy vermy; want hulle sal al verder voortgaan in goddeloosheid, en hulle woord sal voortwoeker soos 'n kanker, onder wie daar Himenéüs en Filétus is, wat van die waarheid afgedwaal het, omdat hulle sê dat die opstanding al plaasgevind het; en hulle keer die geloof van sommige om."***

*Hier noem Paulus hierdie valse lering van die wegraping/opstanding wat alreeds plaas gevind het as onheilige, sinnelose praatjies. Hy voeg 'n ander naam by hierdie twee, die naam van* ***"Alexander."***

**1 TIMOTHEUS 1:19-20.**

***"en aan die geloof en 'n goeie gewete vashou. Sommige het dit van hulle weggestoot en aan die geloof skipbreuk gely, onder wie daar is Himenéüs en Alexander, wat ek aan die Satan oorgegee het, sodat hulle kan leer om nie te laster nie."***

*Dit het hy gedoen deur hulle af te sny van gemeenskap met die gelowiges en deelname aan kerklike byeenkomste. Dit is niks minder ernstig om te sê dat daar nie 'n wegraping is nie as om te sê dat die heiliges nie hemel toe gaan nie, maar die koningkryk hier op aarde gaan vestig. Jesus gee ons die waarborg dat Hy weg gaan om vir ons plek te gaan voorberei en wanneer Hy klaar is kom Hy ons haal opm te wees waar Hy is. Dit klink nie na die aarde nie. Jesus is op die oomblik in die hemel en besig om plek voor te berei. Dit is waar ons ook sal weess op die regte tyd. Ons name is opgeskryf in 'n boek in die hemel, nie op aarde nie. Ons is burgers van die hemel en pelgrim reisegers hier op aarde.*

## *FILLIPENSE 3:20.*

***"Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus,"***

*Duidelik het Paulus die heiliges van Thessalonisense geleer dat die wegraping en die opstanding die selfde gebeurtenis was. In 1 Thessalonisense 4 bemoedig Paulus die gelowiges wat geliefdes aan die dood afgestaan het, dat die dooies nie die wegraping sal mis nie. Inteendeel hulle sal eerste opstaan en daarna sal ons wat nog lewe verander word. Hy wou nie gehad het dat hulle onkundig moet wees oor die korrelasie tussen die dooie gelowiges en die lewende gelowiges. Paulus gebruik die term **"slaap"**. Dit beteken die opskorting van die fisiese aktiwiteit van die liggaam. Wanneer hierdie term gebruik word as 'n sinoniem van die dood, word dit uitsluitlik gebruik vir gelowiges. Dit word nooit gebruik vir ongelowiges nie. Net hulle wat **"in"** Christus is sal deel hê aan die wegraping. Dr. Arnold Fruchtenbaum wys uit dat die term **"die in Christus"** 'n tegniese term is wat deur Paulus gebruik was om die wat in die **"liggaam"** in gedoop was - die kerk - te beskryf. Hierdie **"indoop"** is die doop in Christus deur geloof in dit wat Hy aan die kruis vir ons gedoen het. Dit word dan bevestig deur die waterdoop en bekragtig deur die doop in die Heilige Gees.*

***1 THESSALONISENSE 4:14.***

***"Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring."***

*Jesus kom met Sy heiliges (die wat gesterf het kom saam met Hom), hulle liggaame ontwaak uit die dood en hulle gaan saam met ons op om Hom te ontmoet en oorklee te word met 'n onsterflike liggaam. Daar is 'n koms van Christus **"met"** Sy heiliges wat oorlede is en daar is 'n koms van Christus **"vir"** Sy heiliges wat lewe.*

***1 THESSALONISENSE 4:15-17.***

***"Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees."***

*Tydens die wegraping kom die Here met die wat alreeds ontslaap het wie se geeste in die hemel lewendig was. Beide die lewende en die dode se liggame sal weg geraap word om die Here in die lug te ontmoet. Die Griekse woord* ***"harpazo"*** *beteken om weg te neem,* ***dit is 'n wegneem deur geweld.***

*(1 Thess.4:16; 1 Kor.15:50-52.)*

*Om 'n mens nou verskil oor die tyd wat die wegraping gaan plaasvind is nie nou die saak nie, die feit is dat daar 'n wegraping gaan plaasvind en dat die gelowiges uit hierdie wêreld uitgeneem gaan word en verander sal word. Die wegraping en die opstanding gaan saam plaasvind en is sinoniem vir die selfde gebeurtenis. Die grooste deel van die kerk het alreeds deur die dood oor gegaan na die heerlikheid van God. Daar sal egter 'n generasie op aarde wees wanneer Christus weer gaan kom wat nie sal sterf nie, maar in 'n oogwink verander sal word. Dit is hierdie groep wat dan na die hemel geneem sal word saam met die oorledenes. Die wegraping is nie net 'n Nuwe Testamentiese lering nie, die Bybel verwys na verskeie wegrapings. Sommige van hierdie wegrapings word in detail aangedui. Dit is 'n konstante konsep regdeur die Bybel dat God die gelowiges verwyder net voor 'n katastrofe. Hierdie lering wat ons noem die* ***"chiliastiese"*** *siening. Ook na verwys as die* ***"voor-verdrukking"*** *gebeure word in die Bybel gesien as gevolg van 'n letterlike verklaring van die Bybel.*

*Die sogenaamde* ***"Preterism, Amillenialism"*** *en self sommige* ***"na-verdrukking"*** *intrepretasies van die boek Openbaring sien dit in 'n baie nou historiese siening, en baie kere word groot gedeeltes vergeestelik in die vertaling. Geestelike intrepretasies van die teks neem dit weg van die historiese en letterlike konteks. Hulle vergeestelik die letterlike gebeure in 'n poging om skrifte met mekaar te laat harmoniseer wat letterlik niks met mekaar te doen het nie. Aan die ander kant vind ons die* ***"toekomstige siening ondersteunings"*** *wat die skrif intrepreteer met slegs 'n toekomstige vervulling. Ons vind dat profesie dikwels geneig is om te herhaal totdat dit finaal vervul word. Ons vind 'n voorbeeld daarvan in die geskiedenis. 160 Jaar voor Christus was die tempel oneer deur Antiochus Epiphanes. Die tempel was ook 70 jaar na Christus onteer. Hierdie was egter net skaduwees van die volle vervulling van die profesie wat nog moet plaasvind in die toekoms. Elke tipe wat plaasvind geen vir ons net nog detail van hoe dit gaan wees. Een van die duidelikste dele in die Bybel aangaande die wegraping vind ons in 1 Thessalonisense 4:15-17.*

***1 THESSALONISENSE 4:15-17.***

***"Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie.***

***Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees."***

**Die Wegraping – wegneem deur geweld.** *Die Bybel sê dat ons saam met die ander heiliges wat opgewek is die Here in die lug gaan ontmoet. Die hele liggaam van Christus deur al die eeue sal hier byeen gebring word. Dit word spesifiek gesê dat dit in die lug gaan plaasvind. Iewers binne die aarde se atmosfeer wat ook genoem word die eerste hemel. Die orde is dat die dooies eerste opgewek sal word en dan sal die wat nog lewe ook verander word. Tydens die wegraping kom Christus net vir die gelowiges. Die wegraping is 'n verheerlikking vir die lewendes en 'n opstanding vir die dooies. Dit is die gebeurtenis waar die Here die gelowiges na Sy* ***"Vader se huis"*** *sal neem.*

*JOHANNES 14:2-3.*

***"In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."***

*The phrase **"caught up"** NT:726 This the Greek word harpazo which means to sieze (in various applications): KJV-catch (away, up), pluck, pull, take (by force).* (New Exhaustive Strong's Numbers and Concordance with Expanded Greek-Hebrew Dictionary)

*It is from the derivative of NT:138; haireomai; probably akin to NT:142; to take for oneself, i.e. to prefer: airo; a primary root; to lift up; by implication, to take up or away; it does have figurative meanings which have nothing to do with this event. KJV-away with, bear (up), carry, lift up, loose, make to doubt, put away, remove, take (away, up).*

Paulus beskryf dit as 'n verandering van **"sterflik"** na **"onsterflik"**. Met die klem op die wat ontslaap het skryf hy van 'n **"geheimenis"** wat nie bekend was in die Ou Testament nie.

## 1 KORINTHIËRS 15:51-54.

***"Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.***

***En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning."***

*Ons liggaame sal verander word sodat ons die Koningkryk van God kan be-erwe omrede vlees en bloed dit nie kan binnegaan nie. Hierdie verandering sal plaasvind in 'n oogwink.* ***Te vinnig om te sien.*** *Daar is verskeie fisiese wegrapings in die Bybel. Wat God voorheen gedoen het sal Hy weer doen. Die eerste een wat dit ondervind het was Henog.*

***GENESIS 5:24.***

***"En Henog het met God gewandel; en hy was daar nie meer nie, want God het hom weggeneem."***

לָקַח

*lâqach*

***law-kakh'A primitive root; to take (in the widest variety of applications): - accept, bring, buy, carry away, drawn, fetch, get, infold, X many, mingle, place, receive (-ing), reserve, seize, send for, take (away, -ing, up), use, win.***

***Total KJV occurrences: 966***

*God het hom lewendig weggeneem van die aarde af. Hy was weggeneem na daar waar God is. Nou was Noag nie meer in die land van die lewende nie. Paulus gebruik die selfde woord in* ***Hebreërs 11:5.***

***"Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God behaag het."***

***KJV.***

***"By faith Enoch was translated that he should not see death; and was not found, because God had translated him: for before his translation he had this testimony, that he pleased God."***

*Die rede hoekom Henog God behaag het was, was omrede hy 'n getuienis van geregtigheid gehad het. Die skrywer van Hebreërs sê duidelik dat ons God net kan behaag deur ons geloof. Wanneer ons deur geloof in die Gees wandel dan behaag ons God. Jesus het die Vader behaag soos geen ander nie. Die enigste ander tyd waar "lâqach law-kakh'" gebruik word in lyn met 'n wegneem van die aarde af is in 'n stelling met die verheerlikking van Elia.*

<u>2 KONINGS 2:3-5.</u>

***"Toe gaan die profete-seuns wat in Bet-el was, na Elísa uit en vra hom: Weet u dat die HERE vandag u heer van u hoof sal wegneem? En hy antwoord: Ek weet dit ook; bly stil. En Elía sê vir hom: Elísa, bly tog hier, want die HERE stuur my na Jérigo. Maar hy sê: So waar as die HERE leef en u siel leef, ek sal u nie verlaat nie! En hulle het in Jérigo aangekom. Daarop kom die profete-seuns wat in Jérigo was, na Elísa toe aan en vra hom: Weet u dat die HERE vandag u heer van u hoof sal wegneem? En hy antwoord: Ek weet dit ook; bly stil."***

*In die "Targum" word **Genesis 5:24** soos volg aangedui.*

***"And Enoch walked in the fear of the Lord, and was not, for the Lord did not put him to death."***

*Wanneer Christus kom vir Sy kerk sal diegene wat 'n getuienis van geregtigheid het saam met Hom gaan. As jy geestelik weergebore is en Hom volg met jou hart dan het jy die versekering dat jy verwyder sal word.*

<u>JUDAS 14-15.</u>

***"En Henog, die sewende van Adam af, het ook teen hulle geprofeteer en gesê: Kyk, die Here het gekom met sy heilige tien duisendtalle, om gerig te hou oor almal en al die goddelose mense onder hulle te straf***

***oor al hulle goddelose werke wat hulle goddelooslik gedoen het, en oor al die harde woorde wat die goddelose sondaars teen Hom gespreek het."***

*Dit wil voorkom asof hy 'n prediker was wat die koms van die Here om die wêreld te oordeel in 'n generasie waar sonde hoogty vier aan die einde van tye, voorspel het. Baie interessant dat die een wat die eerste* ***"wegraping"*** *ervaar het, ook die koms van die Here met Sy heiliges na hierdie aarde voorspel het. Nadat Enog weg geneem is het sy agter kleinseun ook as prediker van geregtigheid opgetree teenoor die wetteloosheid van sy tyd, voor die oordeel van die vloed.*

*Die profeet Elia het ook 'n* ***"wegraping"*** *ervaar.*

*2 KONINGS 2:1-11.*

***"En toe die HERE Elía in 'n storm na die hemel sou opneem, het Elía met Elísa uit Gilgal uitgegaan. En Elía het vir Elísa gesê: Bly tog hier, want die HERE stuur my na Bet-el. Maar Elísa het gesê: So waar as die HERE leef en u siel leef, ek sal u nie verlaat nie! En hulle het na Bet-el afgegaan. Toe gaan die profete-seuns wat in Bet-el was, na Elísa uit en vra hom: Weet u dat die HERE vandag u heer van u hoof sal wegneem? En hy antwoord: Ek weet dit ook; bly stil. En Elía sê vir hom: Elísa, bly tog hier, want die HERE stuur my na Jérigo. Maar hy sê: So waar as die HERE leef en u siel leef, ek sal u nie verlaat nie!***

***En hulle het in Jérigo aangekom. Daarop kom die profete-seuns wat in Jérigo was, na Elísa toe aan en vra hom: Weet u dat die HERE vandag u heer van u hoof sal wegneem? En hy antwoord: Ek weet dit ook; bly stil. En Elía sê vir hom: Bly tog hier, want die HERE stuur my na die Jordaan. Maar hy sê: So waar as die HERE leef en u siel leef, ek sal u nie verlaat nie! En hulle twee het gegaan. En vyftig man van die profete-seuns het geloop en op 'n afstand eenkant gestaan, terwyl hulle twee by die Jordaan staan. Toe neem Elía sy mantel en rol dit op en slaan op die water; en dit is na weerskante verdeel, sodat hulle twee op droë grond deurgegaan het. En nadat hulle deur was, sê Elía vir Elísa: Begeer wat ek vir jou moet doen, voordat ek van jou af weggeneem word. En Elísa antwoord: Laat dan tog 'n dubbele deel van u gees op my kom. En hy sê: Jy het 'n harde saak begeer. As jy my sien wanneer ek van jou af weggeneem word, laat dit dan so met jou wees. Maar so nie, dan sal dit nie wees nie. En terwyl hulle aldeur loop en spreek, kom daar meteens 'n wa van vuur met perde van vuur wat skeiding tussen hulle twee maak; en Elía het in die storm na die hemel opgevaar."***

*Hier het ons 'n voorbeeld van God se heerlikheid in die vorm van vuur met 'n warrelwind wat vir Elia hemel toe geneem het. Soortgelyk aan die uitstorting van die Heilige Gees op die apostels op Pinksterdag. Die profeet wat vuur uit die hemel gebid het op die valse profete van Baal, word nou deur vuur opgeneem na die hemel. Die vuur kon die heerlikheid van God gewees of die van die Seraphims wat vurige engele was.*

***PSALM 104:4.***

***"wat van die winde sy boodskappers maak, van vuurvlamme sy dienaars."***

***PSALM 68:18.***

***"Die waens van God is tien duisende, duisend maal duisende; die Here is onder hulle; dit is Sinai in heiligheid."***

*In Oudhede, b. ix., hfst. ii., sek. 2) dit sê dat Elia onder die mense verdwyn het, en niemand weet van sy dood tot vandag toe nie. (from Jamieson, Fausset, and Brown Commentary)*

*Elia was weggeneem van die aarde soos Enog. Hierdie was 'n vooruitsig van ons wegraping na onsterflikheid en die heerlikheid wat wag vir die gelowiges. Dis duidelik dat Enog en Elia weggeneem is van die aarde sonder dat hulle gesterf het, dus is daar geen rede om nie te glo dat dit ook met ons kan gebeur nie.*

*Die skrif gebruik dieselfde gramatika.*

*Selfs Jesus was* ***"weggeraap"*** *op 'n stadige manier.*

***HANDELINGE 1:9-11.***

***"En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem. En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het."***

*Die term* ***"opgeneem"*** *in die Grieks is* ***"epeirthei"*** *en is in die passiewe status en dui vir ons daarop dat die Seun deur die Vader opgeneem was hemel toe. Hy was deur die Vader ontvang en het gaan sit langs die Vader.*

***MARKUS 16:19.***

***"Nadat die Here dan met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God."***

***Hierdie word ook beskryf in Openbaring.***

***OPENBARING 12:5.***

***"En sy het 'n manlike kind gebaar, wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon."***

*Soos wat Christus opgeneem was na die hemel so sal ons wat deel is van Sy liggaam ook opgeneem word na die hemel. Die Twee getuienisse waarvan ons lees in Openbaring het 'n wegraping ervaar.*

***OPENBARING 11:3.***

***"En Ek sal aan my twee getuies gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend twee honderd en sestig dae lank sal profeteer."***

*Hulle gee 'n boodskap van bekering en saligheid. Die sak klere is altyd 'n teken van belydenis. Johannes die Doper het klere gedra wat gemaak was van sakke toe hy na Israel toe gekom het. Jona het sy boodskap aan Nineve afgegee geklee in sakke. Hierdie twee getuienisse was vir 'n kort tydjie beveilig vir God se doel.*

***OPENBARING 11:5.***

***"En as iemand hulle wil beskadig, gaan daar vuur uit hulle mond en verslind hulle vyande; en as iemand hulle wil beskadig, moet hy op dieselfde manier gedood word."***

*Hulle was beskerm tot 'n spesifieke tyd wat deur God bepaal was vir die voltooiing van hulle sending.*

***<u>OPENBARING 11:7.</u>***

***"En wanneer hulle hul getuienis voleindig het, sal die dier wat uit die afgrond opkom, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak;"***

*Na drie en 'n halwe dag na hulle dood is hulle opgewek en weggeraap voor die oë van almal.*

***<u>OPENBARING 11:11-12.</u>***

***"En ná die drie en 'n halwe dag het 'n gees van die lewe uit God in hulle ingegaan, en hulle het op hul voete gaan staan, en 'n groot vrees het geval op die wat hulle aanskou het. En hulle het 'n groot stem uit die hemel vir hulle hoor sê: Kom op hierheen! En hulle het opgevaar na die hemel in die wolk, en hul vyande het hulle aanskou."***

*Ons het dus verskeie voorbeelde van mense wat hemel toe gaan en nie die dood ervaar het nie, asook ander wat dood was en opgewek is. Openbaring hoofstuk 4 begin met die Griekse term **"meta tauta"** - na hierdie dinge. **Dit laat die vraag ontstaan; "Na watter dinge?"***

***Met die duidelike antwoord; "Die dinge van hoofstukke 1 tot einde van 3."***

*Die eerste drie hoofstukke handel oor die dinge aangaande die kerk van Christus.*

***Daarna begin hoofstuk 4.***

***OPENBARING 4:1.***

***"Ná hierdie dinge het ek gesien kyk, 'n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur."***

*Hier verteenwoordig Johannes die kerk wat nog lewe tydens die wegraping. Johannes ondervind nou hierdie gebeurtenis. Dieselfde woorde word gebruik soos met die twee getuienisse. Duidelik wil Johannes hier 'n klem op iets lê. Hy wil op die ooreenkoms tussen die gebeure wys. Hy was nie fisies weggeraap nie, maar dit verteenwoordig die wegraping van die kerk. Johannes was die laaste lewende Apostel wat nog gelewe het. In die Gees was hy onmiddelik in die hemel, maar nie alleen nie. Voor hom sien hy die 24 ouderlinge wat al die verlostes van die kerk en Israel verteenwoordig.*

*In* ***2 Thessalonisense 2:1*** *vind ons 'n ander beskrywing van die selfde gebeurtenis.*

***"Maar ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms van onse Here Jesus Christus en ons vereniging met Hom,"***

***KJV.***

***"Now we beseech you, brethren, by the coming of our Lord Jesus Christ, and by our gathering together unto him,"***

*Die woorde in die KJV **"gathering together unto him"** kan beter vertaal word as **"our being gathered up into Him"**. Die Griekse woord vir **"gathering together"** is **"EPI-SUNAGOGES"**. Die voorvoegsel **"EPI"** beteken **"bo"** en **"SUNAGOGES"** beteken **"gehuisves"** of **"versamel"**.*

*Hierdie verwys nie na ons byeenkom saam met Christus met Sy wederkoms op die Olyfberg nie, maar ons wat saam met Hom opgeneem word. Ons word as te ware gedagvaar van bo deur die Here self om Hom te kom ontmoet. Hierdie is 'n gebeurtenis waar die hele liggaam van Christus betrokke is en nie net 'n induvidi nie. Paulus verduidelik dat ons sal weggeneem word om die Here in die lug te ontmoet. - **eis apanteôsin tou Kuriou eis aera.** Dus om te sê dat daar nie 'n wegraping gaan wees nie is 'n duidelike teken dat die wat so sê nie deeglik na al die bewyse in die Bybel gekyk het nie, of 'n ander agenda het, en dit dus nie wil aanvaar nie. Ons bevorder die Koningkryk van God deur mense bekend te stel aan die reddende genade van Christus. Soos wat hulle hierdie boodskap aanvaar en wedergebore word, so groei die Koningkryk. Dit is duidelik anders as om die koningkryk op aarde te bou, en dan oor te neem en op aarde te regeer vir Christus terwyl ons nog sondaars is. Ons moet gereed wees vir Sy koms enige oomblik. As ons nie die dinge van die wêreld aflê nie, hoe kan ons op die uitkyk wees vir Sy koms.*

*Jesus is besig om diegene wat op Sy koms wag te skei van diegene wat wil bou op aarde – asof hulle dit vir Hom doen. Daar is so iets soos geduld. Jesus het aan Sy dissipels opdrag gegee om te gaan wag vir die koms van die Heilige Gees. Die Heilige Gees sou kom omrede Jesus Hom gaan stuur, nie omdat die dissipels enige iets gedoen het aan hulle kant nie. Hulle het net gewag. Hulle moes ook nie Jerusalem verlaat nie, maar wag op die belofte van die Vader.*

***HANDELINGE 1:4.***

***"En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het."***

*Hierdie belofte kon nie plaas vind deur iets wat hulle gedoen het nie, ook nie deur eenstemmige gebed nie, maar slegs deur die perfekte tyds berekening van God. Die verskil tussen toe en nou is dat die dissipels nie geweet het waarvoor hulle wag nie, maar ons weet.*

***ROMEINE 8:23-25.***

***"En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onsself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam.***

***Want ons is gered in hoop; maar die hoop wat gesien word, is geen hoop nie; want wat iemand sien, waarom hoop hy dit nog? Maar as ons hoop wat ons nie sien nie, dan wag ons daarop met volharding."***

*Ons vandag moet wag totdat Hy terugkom om Sy kerk te kom haal met die wegraping.*

***HEBREËRS 9:28.***

***"so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid."***

*Hierdie saligheid is 'n verlossing, die eind resultaat van dit wat ons van die begin af geglo het. Verlossing van sonde asook van die oordeel wat op die aarde gaan plaasvind. 'n Periode van verdrukking erger as enige iets wat hierdie wêreld al ooit gesien het. 'n Periode van tyd wat so erg gaan wees, as Jesus nie gaan terug kom nie, sal geen vlees oorleef nie. Enigeiemand sal hierdie tyd gespaar wou word.*

***1 THESSALONISENSE 1:10.***

***"en sy Seun uit die hemele te verwag, wat Hy uit die dode opgewek het, Jesus wat ons van die toekomstige toorn verlos."***

*Die Thessaloniers het op daardie stadium alreeds verdrukking ondergaan. Paulus verwys dus hier na 'n verdrukking in die toekoms waarvoor hulle bemoedig moes word. Ons het die selfde bemoediging nodig vandag want hierdie swaarkry is vinnig oppad. As ons nie daarvoor voor berei is nie sal dit ons onverwags oorval. Hier is 'n paar gedagtes om ernstig op te neem voordat ons betrokke raak met hierdie **"koningkryk heerskappy restorasie beweging".** Beide Johannes die Doper en Jesus het hulle bediening begin met die proklomasie;*

***MATTHEUS 4:17.***

***"Van toe af het Jesus begin om te preek en te sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom."***

*Die skrif wys daarop dat die koningkryk in 'n sekere mate teenwoordig was op aarde waar dit deur Jesus gedemostreer was.*

***MATTHEUS 12:28.***

***"Maar as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom."***

*Hierdie was vooruitsigte van wat ons gaan beleef in die duisend jarige vrederyk.*

***MATTHEUS 4:23.***

***"En Jesus het deur die hele Galiléa rondgegaan en in hulle sinagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees."***

*Op dieselfde tyd was daar 'n stryd aan die gang.*

***MATTHEUS 11:12.***

***"Maar van die dae van Johannes die Doper af tot nou toe word die koninkryk van die hemele bestorm, en bestormers gryp dit met geweld."***

*Die Farisiërs wat in beheer was, wou met alle geweld die beheer behou. Johannes die Doper het egter die hele ding in 'n ander rigting gestuur.*

***MATTHEUS 3:11-12.***

***"Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur. Sy skop is in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring in die skuur saambring, maar die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand."***

*Toe Jesus Sy dissipels opgelei het om die boodskap te gaan verkondig het Hy vir hulle outoriteit gegee op aarde;*

***<u>MATTHEUS 10:7-8.</u>***

***"En gaan preek en sê: Die koninkryk van die hemele het naby gekom. Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee."***

*Met alles wat rondom Jesus plaas gevind het, het daar iets in Sy bediening verander. Jesus trek die offer van die koningkryk terug getrek wat Hy aan Israel aangebied het. Mattheus 12. Hierdie aanbod van die koningkryk is uitgestel en sal weer na vore tree tydens die duisend jarige vrederyk. Hierdie komende vrederyk het egter 'n voorwaarde. Israel en nie die kerk nie moet hulle bekeer en Hom aanroep om hulle te kom verlos.*

***<u>MATTHEUS 23:39.</u>***

***"Want Ek sê vir julle: Julle sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!"***

***<u>SAGARIA 12:10.</u>***

***"Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind."***

*Nou is die koningkryk in die hart van die gelowige op 'n geestelike manier. Eendag sal dit manifesteer in die letterlike wanneer Christus sal terug kom. 'n Belangrike deel van God se plan behels Israel. Totdat die kerk dit nie besef nie sal ons nie so suksesvol wees soos wat ons wil nie. Baie wil die **"koningkryk heerskappy"** hier op aarde hê. Dit gaan egter nie gebeur nie, nie voordat Christus persoonlik terug gekom het nie. Dan gaan Hy die koningkryk op aarde vestig. Die kerk gaan saam en onder Hom gedurende die ryk regeer. Die **"koningkryk heerskappy"** proklameerders wil regeer sonder Christus. Heerskappy teologie maak dit ons verantwoordelikheid om heerskappy oor te neem op aarde en die koningkryk te vestig sonder Christus se persoonlike teenwoordigheid. Selfs as ons Christelike beginsels neerlê vir mense om volgens te leef in elke nasie as koningkryks heerskappy leer, gee dit nogsteeds geen vergifnis van sonde en 'n hoop op die hemel. Mense kan probeer om die wet van God te gehoorsaam, maar dit bring nie redding nie en kan nie die hart van die mens verander nie. Die evangelie is steeds die enigste manier waarop mense in die koningkryk van God kan kom. Dis die enigste manier waarop ons burgers van die konigkryk kan word terwyl ons wag vir die letterlike koningkryk om op aarde te manifesteer. **Daar is geen kerk regering wat die opdrag het om oor die aarde te regeer nie.** Nie nou nie ook nie in die toekoms nie.*

*Die idee van 'n kerklike regering op aarde pas presies in by die **"koningkryk heerskappy"** se idee en selfs die van die **"New Agers"**. Hulle wat 'n koningkryk wil bou om te regeer oor die nasies op die aarde sonder Christus. Hierdie **"koningkryk heerskappy"** idee is nie iets nuuts nie. Ons het 'n voorbeeld daarvan in die 2de eeu in 'n beweging wat begin is deur **"Montanus"**. Hy het geglo dat profetiese openbarings steeds besig is om te ontvou en hy en sy **"profetes"** het in die eerste persoon gepraat as die Heilige Gees. Profete en profeteste van die Montanistiese beweging het voorspel dat Jesus sou terug kom in sy leeftyd en dat die Nuwe Jerusalem na die aarde sou neerdaal uit die hemel. Die stad sou dan in Phrygeria wees en die duisend jarige vrederyk sou dan begin. Die **"heerskappy"** voorstanders neem skrifte wat betrekking het op die wederkoms en pas dit toe op hulle self in die huidige eeu. Hierdie skrifte pas glad nie as die Bybel korrek bestudeer word nie. Hulle verwag dat al die seëninge van die toekomstige duisend jaar nou in die restorasie tydperk gaan plaasvind. Dus is dit nie nodig dat Jesus terug kom nie, ons het mos nou alreeds alles wat ons nodig het. Nou word die liggaam die hoof en die hoof beheer nie meer die liggaam nie.*

## *OPSOMMING.*

*Die Pinkster Heerskappy restorasie lering is dat die goddelose weg geneem gaan word, alle sonde en rebellie gaan verwyder word van die aarde en die skepping gaan skoon gemaak word.*

***Een van die voorstanders van die Laat Reën beweging sê;*** *"Dikwels word gedink dat die wegraping 'n liggaamlike verwydering van die heiliges behels. Die Bybel verwys egter na 'n verwydering, nie van die heiliges onder die goddeloses nie, maar van die goddeloses uit die heiliges ten tye van Christus se koms..."*

*Die Restorasie mense vergeestelike die Bybel en handhaaf 'n allergories benadering van die Bybel. Wanneer Jesus gaan terug kom om op aarde 'n duisend jaar te regeer sal die goddelose verwyder word van die aarde. Dit is die* ***"hoer sisteem"*** *van Openbaring 17 wat saamsmelt met ander gelowe en dit dan* ***"Intergeloof"*** *noem. Die enigste georganiseerde kerk wat ooit genoem word is die* ***"hoer sisteem"*** *wat in Openbaring hgenoem word. Hierdie sisteem is nie die fokus van die aanval nie, maar die een wat die gelowiges gaan vervolg in die verdrukking.*

*Hierdie nuwe siening wat die wegraping vervang het vertel aan die gelowiges dat die kerk die koningkryk is wat opgerig word en dat God deur Sy mense op aarde gaan regeer voordat Christus gaan kom. Die Bybelse siening is dat daar is geen konigkryk sonder die fisiese teenwoordigheid van die Koning nie. Vir hulle egter is enige iets minder as 'n koningkryk op aarde voordat Christus terugkom 'n nederlaag. Jesus het egter nooit gesê dat ons die wêreld sal wen nie, maar eerder dat die evangelie mense uit die koningkryk van die donkerte sal oorbring na die koninkryk van Lig. Watter koningkryk ookal wat deur die mens opgerig word selfs die deur die kerk sal vernietig word wanneer Christus terug kom aarde toe.*

***Hy sal Sy koningkryk oprig wanneer Hy kom.***

*PSALM 22:29.*

***"Want die koninkryk behoort aan die HERE, en Hy heers oor die nasies."***

*Soos ons kan sien is dit nie die kerk wat die nasies gaan regeer nie maar Christus. Ons mag dalk saam regeer, maar dit sal nie gebeur sonder Christus nie. Wanneer die koningkryk kom sal Christus teenwoordig wees en ons sal Hom dien.*

***<u>DANIËL 7:27.</u>***

***"Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees."***

***Die enigste werklike hoop is die Bybelse model:***

*Jesus gaan fisies terugkeer na die aarde om te regeer en ons die gelowiges het 'n geestelike/fisiese verandering ondergaan. Met hierdie verandering het ons onsterflik geword en regeer ons saam met Hom onder Sy leiding. Enige iets minder as dit het sondige mense wat in 'n sondige toestand is wat ander sondige mense lei. Dit sal niks beter wees as wat ons tans het nie. Geen sogenaamde kerk regering kan beter doen as dit wat alreeds probeer is nie!!*

***Ons hoop is Christus om te kom en in geregtigheid te regeer!!!***

# 17.DIE DIEF IN DIE NAG.

**1 THESSALONISENSE 5:2-3.**

**"want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag. Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid—dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie."**

Wat is hierdie **"dag van die Here"?**

Dit is 'n Ou Testamentiese term wat verwys na God se wraak wat Hy gaan uitstort kort voor die wederkoms. Hierdie dag sluit Sy koms in heerlikheid, die tekens wat dit voorafgaan en die koningkryk wat Hy gaan stig op aarde na Sy terugkeer. Sal die gelowiges die wraak van God ondervind gedurende die dag van die Here?

**Nee hulle sal nie.**

**1 THESSALONISENSE 5:9.**

**"Want God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus"**

Paulus belowe dat Christus gaan kom vir die wat in Christus is voordat hierdie dag aanbreek. Die konteks wys daarop dat die **"wraak"** hier verwys na spesifiek na die dag van die Here en nie die straf van die sondaars in die hel nie.

## Sluit die dag van die Here die verdrukking in?

*In Openbaring 6-16 beskryf die Apostel Johannes 'n reeks gebeure wat gaan plaasvind op aarde gedurende die verdrukking; hierdie oordele reflek duidelik wat die Ou Testamentiese profete geprofeteer het sal gebeur op die **"dag van die Here".***

***Die vraag dus is nou;** mis die kerk al die oordele van Openbaring of nie? Belowe 1 Thessalonisense dit of nie? Verskaf die gedeelte enige leidrade wat ons sal help om vas te stel wanneer die dag van die Here gaan begin? Kom ons kyk. Paulus se vergelyking van die begin van die dag van die Here met die van 'n dief wat inbreek is een van die leidrade. Netsoos om 'n inbreker in ons huis te betrap in die middel van die nag 'n onwelkome verrassing is, soos sal die skielike verderf die wêreld verras. Dit is die begin van die **"dag van die Here".** Paulus sê dat dit sal gebeur wanneer almal sê **"Vrede en veiligheid".** Daar moet rede wees vir mense om te dink dat hulle in 'n tyd van vrede en veiligheid is om verras te word deur die dag van die Here. Dit kan nie wees in die verdrukking nie, want dan is daar nie meer **"vrede en veiligheid"** nie.*

*Ons sien in Openbaring 6:1-8 dat ongeveer 'n kwart van die menslike bevolking uitgewis is.*

***OPENBARING 6:1-8.***

***"En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van 'n donderslag: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. En hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin. En toe Hy die tweede seël oopgemaak het, hoor ek die tweede lewende wese sê: Kom kyk! En 'n ander perd, 'n vuurrooie, het uitgekom, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee. En toe Hy die derde seël oopgemaak het, hoor ek die derde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n swart perd; en hy wat daarop sit, het 'n skaal in sy hand. En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie. En toe Hy die vierde seël oopgemaak het, hoor ek die stem van die vierde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde."***

*Die dag van die Here sal niemand verras as dit in die verdrukking begin nie. Vir die dag van die Here om aan te breek soos die inbraak van 'n dief, moet dit begin met al die implikasies van Openbaring 6-16, anders sal niemand verras wees nie, want daar is nogsteeds vrede en veiligheid. Nee, met die aanbreek van die dag van die Here word die **"vrede en veiligheid"** eensklaps weggeneem. Siende dat Paulus belowe dat die Here ons kom haal voor die begin van die dag van die Here, moet dit wees voor die **"seël"** oordele omrede hulle die wraak van God se begin aandui. Die wegraping vind plaas voor die dag van die Here wat ons die verdrukking noem.*

### *Wat het die Thessalonisense geglo?*

*Het hulle hierdie belofte gesien in hoofstuk 5:9 as die bewys dat dit gaan plaasvind voor die dag van die Here? Ja hulle het! Ons sien duidelik in 2 Thessalonisense dat hulle gedink het dat die dag van die Here het alreeds plaasgevind omrede iemand wat gekleim het dat hy Paulus was aan hulle gesê dat die dag alreeds plaasgevind het. Paulus moes dit regstel.*

*2 THESSALONISENSE 2:1-3.*

***"Maar ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms van onse Here Jesus Christus en ons vereniging met Hom, om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie—deur gees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees—***

***asof die dag van Christus al daar is. Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf"***

*Die strekking van hierdie verse dui daarop dat hulle geskud was deur hierdie nuus. Dit het groot vrees laat ontstaan. As Paulus hulle vroeër gesê het dat hulle deur hierdie dag sou gaan, sou hulle nie so bevrees gewees het nie. Dus het hulle geglo dat die belofte dui daarop dat hulle nie deur die dag sou gaan nie. Inteendeel, hierdie heiliges was alreeds onder verdrukking onder die Jode in daardie omgewing, nou het hulle ook die skok ontvang dat die dag van die Here is alreeds hier. Pulus se tweede brief was om hierdie gerug reg te stel. Die enigste rede vir hierdie optrede was dat hulle geglo het op grond van dit wat Paulus gesê het, dat hulle die dag sou mis. Netsoos gelowiges van daardie tyd het ons as gelowiges vandag die selfde verwagting. Ons wag vir die koms van Christus nie die dag van die Here nie,(verdrukking). Ja op 'n sekere dag in die toekoms sal God Sy wraak uitstort op 'n onvoorbereide wêreld gedurende die verdrukking. Ons as gelowiges sal veilig by die Here wees wanneer dit gebeur. Jesus gaan ons neem na Sy Vader se huis.*

***<u>JOHANNES 14:2-3.</u>***

***"In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."***

---

# 18.DIE SOGENAAMDE = "VOOR-WRAAK WEGRAPING"

**JOHANNES 8:44.**

***"Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan."***

*Daar is baie wat glo dat die wegraping in die middel van die 7 jaar verdrukking gaan plaasvind. Die sogenaamde **"voor-wraak wegrapping".** Hulle glo dat die toorn van God eers begin in die tweede helfte van die verdrukking. Tog is hierdie siening nie net 'n dwaling nie maar ook gevaarlik. Die hele 7 jaar van verdrukking word genoem **"benoudheid vir Jakob".***

**JEREMIA 30:7.**

***"Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word."***

*In die eerste helfte van die verdrukking is daar grootskaalse wêreldwye ekonomiese ineenstorting, grootskaalse hongersnood en een kwart van die mensdom word uitgewis. Dit lyk soos God se wraak.*

*Die voorstanders van hierdie siening sê dat ons, ons moet voorberei vir die onvermydelike, want as hulle verkeerd is, dan maak dit nie saak nie, maar as hulle reg is dan is hulle voorberei. Dit is 'n vreeslike manier om te leef. Leef gedurig in vrees. In plaas daarvan om met vrymoedigheid die Here te dien totdat Hy ons kom haal, word daar uitgekyk vir die antichris se verskyning. Een van die hoekstene van Bybelse profesieë is dat ons moet uitkyk met ons oë na die hemel in verwagting van Sy koms. Ons moet op die uitkyk wees vir Jesus nie die antichris nie.*

***KOLLOSENSE 3:2.***

***"Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie."***

## *NOAG HET GEWEET.*

*Die Bybel verklaar dat net voor die wegraping sal dit wees soos in die dae van Noag net voor die vloed. Die skrif is baie duidelik met die woorde **"net soos".***

***MATTHEUS 24:37-39.***

***"En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het,***

***tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees."***

*Voor die vloed was dit alles normaal soos gewoonlik. Daar was partytjies, voedsel verwerking, bou bedrywighede, totdat die Here die ark se deur gesluit het. Dit is die simboliese element van die wegraping. Hierdie Bybelse waarheid word blatant geïgnoreer deur die voorstanders van die* ***"voor-wraak wegraping".*** *Om hierdie siening te aanvaar moet jy glo dat die eerste helfte van Daniel se 70ste week is dieselfde as nou. Regtig?? In die eerste helfte van die verdrukking sê Openbaring 6 dat die wêreld in chaos was. Die ekonomie het geval en dit het 'n dag se betaling geneem om voedsel te koop. Nie eers om te noem dat 'n kwart van die mense op aarde gesterf het as gevolg van oorlog en wilde diere nie. Klink dit soos wat Jesus die dae van Noag beskryf het? Gladnie! Die grooste probleem, as ons nie die* ***"voor-verdrukking wegraping"*** *aanvaar nie, is dat ons Bybelse dispensasies om die Bybel te verklaar moet verwerp. Bybelse dispensasies is die suiwerste manier om die Bybel te verklaar omrede dit gegrond is op die letterlike verstaan van die Bybel. Die Bybel moet letterlike gelees word en in konteks. Jesus het die Ou Testament letterlik opgeneem wanneer Hy na Adam en Eva, Noag se ark en Jona wat ingesluk was deur 'n vis.*

*Ook is alle profesieë van die verlede letterlik vervul en nie geestelik nie. Dus moet ons ook die Bybel letterlik neem en in konteks. Dispensasies gee ons daardie konteks. Byvoorbeeld; Die Bybel verklaar dat Jesus gaan op die aarde regeer vir 'n 1000 jaar.*

***OPENBARING 20:4-7.***

***"En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank. En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word;"***

*Dit verwys nie na die 1000 jaar as 'n simboliese gedagte van* ***“'n baie lang tyd”*** *nie. Wat dit sê is wat dit is – 'n duisend jaar. Wanneer dit gesien word as 'n simboliese getal dan lees jy in die skrif wat daar nie is nie, en vervals dit met die sondige menslike verstaan van die intrepretasie. Die Bybel verklaar ook dat tydens die 1000 jaar sal die wolf en die lam langs mekaar in die gras lê. Dinge gaan beslis verander in die tydperk.*

***JESAJA 11:6.***

***“Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en ‘n klein seuntjie sal hulle aanja.”***

*Dit is 'n ander bewys dat ons nie nou in die 1000 jaar vrede is nie. Tog is die amptelike siening van die Prebeterian, Lutherse, Kerk van Christus, Nederduits Gereformeerd, Hervormde, Gereformeerde kerk en andere dat ons tans in die 1000 jaar is. God verander nie, maar Hy verander die manier waarop Hy met mense deel deur die verskillende dispensasies of typerke in die geskiedenis. Daar is geen argument oor die feit dat God deur die geskiedenis die manier waarop Hy met mense op aarde handel, verander het nie.*

1. Voor en na die val van die mens.
2. Voor en na die vloed.
3. Voor en na die Toring van Babel.
4. Voor en na die Kruis.
5. Voor en na die Wegraping.
6. Voor en na die Wederkoms.
7. Voor en na die Wit Troon oordeel.

*Dit is 'n absolute feit dat God verander die metode waarop Hy met mense handel. As ons die Bybel verdeel in Bybelse dispensasies vir die konteks en dit toepas op die skriftuurlike intrepretasie, dan word baie sogenaamde teenstrydige gedeeltes duidelik verstaanbaar. As jy die dispensasie duidelik verstaan het jy nie probleme met die intrepretasie van die Bybel nie. Dispensasies help om te verstaan in watter tyd die vers pas en vir wie dit bedoel is. Sonder om die dispensasies behoorlike toe te pas in die verstaan van die Bybel is jy soos 'n skip sonder stuur.*

**EFESIËRS 4:14.**

***"sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring;"***

***Die Darby Bybel sê dit so;***

***"in order that we may be no longer babes, tossed and carried about by every wind of *that* teaching which is in the sleight of men, in unprincipled cunning with a view to systematized error;"***

*Die kerk dispensasie is die dispensasie waarin ons nou leef en het begin na Jesus se kruiseging en opstanding uit die dood. Dit sal aanhou tot met die wegraping. Dis beter om die evangelies te sien as die end van die Ou Testament eerder as die begin van die Nuwe Testament. Eers dan kan 'n mens die ongelooflike* ***"kerk dispensasie"*** *opreg waardeer. Dit is 'n spesiale tyd op God se tydlyn soos geen ander nie.*

*2 PETRUS 3:15-16.*

***"En ag die lankmoedigheid van onse Here as saligheid, soos ons geliefde broeder Paulus ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskryf het, net soos in al die briewe. Hy spreek daarin oor hierdie dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hul eie verderf."***

*Een van die sleutel karakter trekke van dispensasie teologie is dat die dispensasie kan mekaar nie oorvleuel nie. 'n Dispensasie by defenisie moet eers eindig voor die ander een kan begin.*

*Dis egter nie so met die* ***"voor-wraak"*** *siening nie. Die siening het die kerk laat oorbeweeg in die verdrukking in wat 'n nuwe dispensasie is. Dit is net nie moontlik nie. Jy kan nie twee dispensasie saam laat hardloop nie. Die grootste swakheid van hierdie siening is dat dit die kerk beroof van sy* ***"salige hoop"*** *die koms van Christus. Die einde van die kerk dispensasie is iets waarna uitgesien moet word.*

***Ons kyk uit vir Christus nie die antichris nie!!***

<u>***HEBREËRS 12:1-2.***</u>

***"Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het."***

---

# 19.DIE WEGRAPING IN DIE OU TESTAMENT.

Van die sterkste argumente in die guns van die **"voor-verdrukking wegraping"** of die **"voor-70ste week van Daniel"** wegraping word gevind in die Ou Testament.

***In die Ou Testament sien ons die;***

***HEBREËRS 10:1.***

***"Want die wet, wat 'n skaduwee het van die toekomstige weldade, nie die beeld self van die dinge nie, kan nooit deur dieselfde offers wat jaar na jaar gedurig gebring word, die wat toetree, tot volmaaktheid lei nie."***

Die Heilige Gees verduidelik dat hierdie Ou Testamentiese tipes behou gebly het vir ons om van te leer.

***ROMEINE 15:4.***

***"Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê."***

***1 KORINTHIËRS 10:11.***

***"Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het."***

*Bybel studente is duidelik bewus dat daar talle Ou Testamentiese tipes is as skaduwees van 'n Nuwe Testamentiese vervulling. 'n Klassieke voorbeeld is Abraham wat sy eniggebore seun, Isak, geneem het om te gaan offer in die land Moria as 'n offerhande aan die Here. Hy het verwag dat God hom uit die dode sou opwek. Genesis 22 en Hebreërs 11.*

***HEBREËRS 11:17-19.***

***"Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer, aan wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word—want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek; daaruit het hy hom ook, om so te spreek, terug ontvang."***

*Abraham is 'n pragtige voorbeeld van die hemelse Vader en Isak is 'n kragtige voorbeeld van Jesus die Seun van die Vader wat Sy lewe meer as 2000 jaar gelede vrywillig neergelê het op die berg Moria. Alhoewel die wegraping ten dele weggesteek was vir Ou Testamentiese gelowiges, die tipes wat ons dwarsdeur vind is voorskaduwees van 'n toekomstige wegraping waar God Sy mense uit die aarde gaan wegneem voor die verdrukking.*

## ***NOAG SE VLOED.***

*In Noag se dag was daar diegene wat deur die vloed gegaan het – Noag en sy familie, en daar was diegene wat vergaan het in die vloed. Daar was ook Henog is deur God in die ark as teware **"verander"** of **"weggevoer"** voor die oordeel van God oor die aarde.*

***GENESIS 5:24.***

***"En Henog het met God gewandel; en hy was daar nie meer nie, want God het hom weggeneem."***

***HEBREËRS 11:5.***

***"Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God behaag het."***

***Net soos die Christene wat in Christus bly God behaag.***

***1 JOHANNES 3:22.***

***"en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom."***

*Iets wat baie interessant is , is die feit dat, van die oomblik wat God vir Noag beveel het om in die ark in te gaan totdat die vloed begin het was presies 7 dae.*

<u>GENESIS 7:1-10.</u>

***"Daarna het die HERE aan Noag gesê: Gaan in die ark, jy en jou hele huisgesin, want jou het Ek regverdig bevind voor my aangesig in hierdie geslag. Van al die rein diere moet jy vir jou telkens sewe paar neem, die mannetjie met sy wyfie; maar van die diere wat nie rein is nie, twee, die mannetjie met sy wyfie. Ook van die voëls van die hemel telkens sewe paar, die mannetjie met die wyfie, om die geslag in die lewe te hou op die hele aarde. Want oor nog sewe dae sal Ek laat reën op die aarde, veertig dae en veertig nagte, en al die lewende wesens wat Ek gemaak het, van die aarde verdelg. En Noag het gedoen net soos die HERE hom beveel het. En Noag was ses honderd jaar oud toe die watervloed oor die aarde gekom het. En Noag en sy seuns en sy vrou en die vroue van sy seuns saam met hom het in die ark gegaan vanweë die waters van die vloed. Van die rein diere en van die diere wat nie rein is nie, en van die voëls en van alles wat op die aarde kruip, het daar twee-twee na Noag in die ark gegaan, 'n mannetjie en 'n wyfie, soos God Noag beveel het. Ná die sewe dae kom toe die waters van die vloed op die aarde."***

*Moontlik is dit 'n tipe van die sewe jaar verdrukking wat op die aarde gaan wees.*

## DIE VERWOESTING VAN SODOM EN GEMORRAH.

In Lot se dae is hy en sy familie verwyder uit die area voordat God die oordeel uitgevoer op Sodom en Gemorrah (Genesis 19). God het hulle nie net **"bewaar"** in hierdie oordeel nie, maar daaruit geneem voor die oordeel. Jesus het gesê dat net voor Sy wederkoms sal dit wees soos in die dae van Noag en die dae van Lot.

**LUKAS 17:26.**

**"En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens:"**

**LUKAS 17:28.**

**"Net soos dit ook gebeur het in die dae van Lot: hulle het geëet en gedrink, gekoop en verkoop, hulle het geplant en gebou."**

Die oordeel op Sodom het nie plaas gevind voordat Lot weg was nie. (GENESIS 19:22). Merkwaardig, terwyl Lot nog geweifel het, het die engele hom aan die hand geneem, hom en sy vrou en die hande van sy twee dogters en hulle uitgelei tot buite die stad. God het genade aan hulle geskenk.

**GENESIS 19:16-22.**

***"Maar hy het nog getalm. Toe gryp die manne hom en sy vrou en sy twee dogters aan die hand, omdat die HERE hom wou verskoon; en hulle lei hom uit en bring hom buitekant die stad. En toe hulle hulle na buite uitgelei het, sê Hy: Vlug vir jou lewe! Moenie omkyk nie, en moenie êrens in die Jordaanstreek bly staan nie. Vlug na die gebergte, dat jy nie omkom nie! Daarop antwoord Lot hulle: Ag nee, my Here! Kyk tog, u kneg het genade in u oë gevind, en U het u guns groot gemaak wat U aan my bewys het deur my in die lewe te behou. Maar ek is nie in staat om na die gebergte te vlug sonder dat die onheil my inhaal en ek sterwe nie. Kyk tog, hierdie stad is naby om daarheen te vlug, en dit is klein. Laat my tog daarheen vlug—is dit nie klein nie? —dat ek kan lewe! En Hy sê vir hom: Kyk, Ek neem jou ook in hierdie saak in guns aan, sodat Ek die stad waarvan jy gespreek het, nie sal omkeer nie. Vlug gou daarheen, want Ek kan niks doen voordat jy daar aankom nie. Daarom noem hulle die stad Soar."***

Die woorde ***"Ek kan niks doen voordat jy daar aankom nie"*** is nogal belangrik om op te let. Hulle is uit die stad gedwing en hulle moes eers in die nuwe stad aankom voordat God die oordeel kon laat plaasvind.

## DIE STORIE VAN JOSEF.

*Josef is 'n tipe van Christus in baie opsigte. Hy het 'n heidense bruid geneem voor die 7 jaar van hongersnood begin het.*

***GENESIS 41:45.***

***"En Farao het Josef genoem Sáfenat-Panéag en aan hom Asenat, die dogter van Potiféra, die priester van On, as vrou gegee. En Josef het uitgetrek oor Egipteland."***

*Let op dat nadat Josef hierdie heidense vrou geneem het, het sy broers, die Israeliete en die hele wêreld gebukkend gegaan onder 'n hongersnood.*

***GENESIS 41:54=57.***

***"en die sewe jare van hongersnood het begin aankom soos Josef voorspel het. En daar was hongersnood in al die lande, maar in die hele Egipteland was daar brood. En toe die hele Egipteland honger gely en die volk na Farao geroep het om brood, sê Farao aan al die Egiptenaars: Gaan na Josef, doen wat hy julle sê.En die hongersnood was oor die hele oppervlakte van die aarde, en Josef het alles waarin iets was, oopgemaak en aan die Egiptenaars verkoop; en die hongersnood was swaar in Egipteland.***

***En die hele wêreld het na Josef in Egipte gekom om koring te koop, want die hongersnood was swaar op die hele aarde."***

*Gedurende hierdie hongersnood het baie na Josef gekom om voedsel te koop. Soortgelyk aan wanneer Jesus Sy kerk weg geneem het, sal Sy broers die Israeliete en baie ander in die wêreld na Christus gaan vir hulp. (Openbaring 7)*

*Dis interessant dat die groot verdrukking word genoem* ***"die benoudheid van Jakob".***

***JEREMIA 30:7.***

***"Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word."***

*Dit word ook genoem die* ***"tyd van die heidene".***

***ESEGIEL 30:3.***

***"Want naby is 'n dag, ja, naby is 'n dag van die HERE, 'n dag van wolke; die tyd van die nasies sal dit wees."***

*Baie heidene sal in hierdie tyd gered word. OPEN.7*

*Die hongersnood is 'n tipe van die verdrukking en Egipte is 'n tipe van die wêreld.*

***<u>AMOS 8:11.</u>***

***"Kyk, daar kom dae, spreek die Here HERE, dat Ek 'n honger in die land stuur, nie 'n honger na brood nie en nie 'n dors na water nie, maar om die woorde van die HERE te hoor."***

*Hierdie verslag dui sterk daarop dat Jesus Sy kerk gaan kom haal voor die verdrukking, voor die hongersnood aanbreek.*

## ***RAGAB EN DIE JOODSE SPIOENE.***

*In Josua hoofstuk 2, vertrou Ragab die Here en bevriend die Joodse spioene. Deur geloof het Ragab 'n rooi lint in haar venster gehang ('n simbool van die bloed van Christus) en sy en haar familie was uitgebring uit Jerigo voordat die stad verbrand was. Josua 6.*

*Ragab was 'n prostituut en 'n heidense vrou.*

***<u>HEBREËRS 11:31.</u>***

***"Deur die geloof het Ragab, die hoer, nie saam met die ongehoorsames omgekom nie, omdat sy die spioene in vrede ontvang het."***

Sy word ook genoem in die stamboom van Jesus.

MATTHEUS 1:5.

**"en Salmon die vader van Boas by Ragab, en Boas die vader van Obed by Rut, en Obed die vader van Isai,"**

Dis is Ragab 'n pragtige tipe van die kerk van Christus. Alhoewel sy 'n prostituut was het sy deur geloof genade ontvang en gespaar deur die bloed van Christus van die oordeel van God. Ook in hierdie verslag sien ons sewe dae van waarskuwing voor die oordeel. Die volk Israel het vir ses dae om die stad gemarseer en op die sewende dag het die oordeel gekom.

## ABIGAIL EN DAWID.

1 SAMUEL 25:39-42.

**"Toe Dawid hoor dat Nabal dood was, sê hy: Geseënd is die HERE wat die regsaak, in die smaad my aangedoen, teen Nabal verdedig het en sy kneg teruggehou het van die kwaad, terwyl die HERE die kwaad van Nabal op sy eie hoof laat neerkom het. En Dawid het by Abígail aansoek laat doen om haar vir hom as vrou te neem. Toe het die dienaars van Dawid by Abígail gekom in Karmel en met haar gespreek en gesê: Dawid stuur ons na u om u vir hom as vrou te neem.**

***En sy het opgestaan en met haar aangesig na die aarde gebuig en gesê: Hier is u dienares as slavin om die voete van my heer se dienaars te was. Abígail maak toe gou klaar, en sy het op die esel gery met haar vyf diensmeisies wat op haar voetspoor volg, en agter die boodskappers van Dawid aangegaan. En sy het sy vrou geword."***

***Die bruid*** - ***Israel hoor die Bruidegom*** – ***Jesus*** – *se stem wat haar roep. Dan in verse 10 en 13 sê praat die bruidegom en sê;*

***"Staan op, my vriendin, my skone, kom dan tog!"***

## *JESAJA SE WENK.*

*In Jesaja het ons 'n moontlike prentjie van die wegraping.*

***JESAJA 26:20-21.***

***"Want kyk, die HERE sal uit sy plek uitgaan om die ongeregtigheid van die bewoners van die aarde oor hulle te besoek; en die aarde sal die bloed openbaar maak wat deur hom gedrink is, en die wat op hom gedood is, nie langer toedek nie."***

*Die gelowiges word beskerm in die hemel terwyl die verdrukking op aarde aangaan. Dit kan ook moontlik verwys na die Jode wat in Petra beskerm word gedurende die verdrukking.*

## DIE PROFEET DANIEL.

*In Daniel hoofstuk 3 het Koning Nebukadneser – 'n tipe van die antichris – bevel gegee dat almal sy beeld sou aanbid. Daniel se drie vriende – Jode – word beskerm in die vuuroond, maar Daniel is nêrens te bespeur nie. Daniel was die heerser oor die provinsie van Babylon, en die hoof administrateur oor al die wyse manne van Babylon.*

***DANIEL 2:48.***

***"Toe het die koning Daniël verhef en hom baie, groot geskenke gegee en hom aangestel as heerser oor die hele provinsie Babel en as hoofowerste oor al die wyse manne van Babel."***

*Tog was hy nie by hierdie geleentheid nie. Daniel was blykbaar weg op een of ander sending. Kan dit 'n tipe van die kerk wees? Drie keer word Daniel genoem **"geliefde man"**.*

## SEFANJA SE WENK.

***SEFANJA 2:2-3.***

***"Voordat die besluit baar—soos kaf gaan die dag verby—voordat daar oor julle kom die toorngloed van die HERE, voordat oor julle kom die dag van die toorn van die HERE. Soek die HERE, o alle ootmoediges van die land, wat sy ordening onderhou;***

**soek geregtigheid, soek ootmoedigheid—miskien sal julle verborge bly op die dag van die toorn van die HERE."**

*Volgens hierdie vers sal die gelowiges weggesteek word van die wraak van die Here.*

## MALEAGIE SE WENK.

**MALEAGIE 3:18.**

**"Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie."**

*Hoofstuk 3 van Maleagie deel met die dag van die Here. Wanneer 'n mens die hele hoofstuk 3 lees dan is dit duidelik dat die gelowiges gaan terugkeer aarde toe. Om te kan terug keer van 'n plek moet 'n mens eers weg gaan van die plek. Ons moet die aarde verlaat na die hemel gaan en dan weer terug kom aarde toe.*

## ANDER VOORBEELDE.

*Isak en Rebeka, Rut en Boas is ook goeie voorbeelde van Christus en Sy kerk. Heidense bruid wat die koste bereken en dan haar familie verlaat, maar word nie verwag om te lei deur die hongesnood nie. Daar is vele ander voorbeelde, maar dit wat genoem is , is genoeg bewyse om te wys dat die christene weggeneem sal word deur die wegraping voor die verdrukking.*

# 20. AGTERGELAAT: DIE WÊRELD SE REAKSIE OP DIE WEGRAPING.

Daar is 'n groeiende haat in die wêreld vir alles wat gekoppel is aan Jesus Christus. Dit is asof die wêreld probeer om 'n **"god idee"** te bevorder wat al die geloofsisteme kan tevrede stel, terwyl hulle die God van die christendom verwerp en die idee van Jesus as God se Seun wat die wêreld kan red minag. Daar is ook 'n groter haat vir die idee van 'n wegraping waar miljoene mense bonatuurlik gaan verdwyn. Meer en meer leidende predikers in kerklike kringe verwerp die wegraping en draai na teologiese idees soos **"christelike heerskappy"** op aarde eerder as die wegraping. Baie van die evangeliese wêreld en die Roomse Katolieke kerk leiers is totaal gekant teen hierdie idee dat mense skielik van die aarde gaan verdwyn. Wanneer jy die baie verskillende idees oor die eindtyd verstaan, is dit 'n uitdaging om werklik te sê wat die verskillende reaksie gaan wees na die wegraping. Die wegraping mag dalk dien om die baie godsdienstige liers te dwing om 'n eenheid te vorm en 'n eenvormige reaksie te hê. Elke groot godsdienstige tendens het gedien om 'n konsensus te bou teen die sogenaamde **"verkramte fundamentalisme"**.

*Hulle bou 'n breë basis beweging wat ten doel het om die Rooms Katolieke, die Evangeliese en die Pinkster beweging te verenig op 'n vlak waar daar gestaan word op die gedagte dat geen teologiese siening belangrik genoeg is om mense te verdeel nie. Ons het nou 'n godsdienstige atmosfeer wat die fundamentele waarheid na agter skuif. Die fundameteliste is die wat verdwyn met die wegraping. Daar is baie wat bly sal wees as ons net verdwyn want ons is 'n doring in die vlees met ons idees. Heiligheid as 'n lewenstyl is taboe. Predikers wat steeds preek teen sonde en 'n sondige lewenstyl word beskou as* ***"veroordelaars"*** *en word met minagting beskou. Die musiek in die aanvaarbare kerkgroei wêreld is* ***"onrein"*** *en* ***"afstootlik".*** *Die film* ***"The Passion of the Christ"*** *het niks verander nie, maar dit het 'n paar dinge onthul wat alreeds verander het. Skielik kon die protestante en ander in die kerk wêreld by die Katolieke Kerk aansluit sonder enige vrae. Die twee hoof denominasies wat sterk gestaan het teen die veranderings was die Baptiste en die Pinkster groepe. Dis egter nou hulle wat die toon aangee na die grooste eenheid van die* ***"Christen"*** *kerk in 2000 jaar. Hoe gaan al hierdie groepe die wegraping verduidelik en hulle is nog hier?*

## ONMIDDELIK NA DIE WEGRAPING.

*Die wegraping gaan 'n geweldige opskudding veroorsaak regdeur die wêreld en gaan die wêreld in 'n baie groot krisis dompel. Dit gaan een van die grooste gebeurtenisse in die geskiedenis wees. Die media sal elke detail van die gebeurtenis ondersoek. Onderhoude sal gehou word aan alle kante en baie verskillende idees sal voorgehou word. Die paranormale wêreld gaan 'n heerlike tyd het met baie bissare stories. Tog gaan hulle daarin slaag om die res van die wêreld te oortuig om noemaal aan te gaan. Die een wêreld godsdiens sal gou 'n sprekers buro op die been bring om op al die nuus kanale te verskyn. Hulle mag dalk een van die volgende verskonings aanbied. Eerstens sal hulle verklaar dat daar 'n bonatuurlike wonderwerk plaas gevind het. Godsdienstige fanatikuste en rebelliese fundamentaliste is nou uit die weg geruim en eindelik kan daar nou vrede kom op aarde. Hulle sal sê dat hierdie mense was niks verskillend as die terroriste in die Moslem wêreld. Hulle was dieselfde as die Taliban en ander organisasies en wêreld is 'n guns gedoen deur hulle verwydering. Voorgangers van die Antichris sal dit sien as hulle goue geleentheid en hulle sal met die godsdienstige* **"Een Wêreld Kerk".** *Hulle sal propagande maak vir die koms van hulle* **"christus"** *en groot paranormale gebeurtenisse gaan algemeen word.*

*Soos wat die idee van die komende **"christus"** alhoemeer populêr begin word gaan dit die wêreld gryp en 'n groot opgewondenheid gaan begin opbou. Groot predikers met 'n demoniese aanslag gaan byeenkomste hou reg oor die wêreld hou. Hulle gaan die verwagting opsweep tot by 'n histeriese hoogtepunt. Ongelooflike wonderwerke gaan plaasvind, soos blindes sal weer sien, dowes hoor , lidmate groei weer en vele meer. Hierdie nuwe wêreld godsdiens gaan ontplof. Dit sal 'n godsdienstige mania wees. Hierdie nuwe godsdiens gaan so eg wees as wat die ware Pinkster destyds was. Die enigeste verskil was die afwesigheid van beperkings en morele standaarde. Dit sal die grooste dag van massa godsdienstige byeenkomste wees in die geskiedenis. Die musiek is klaar geskryf, die musikante opgelei. Die byeenkomste sal die beste tot hulle beskikking hê. Die huidige kontemporêre, rap, rock, funk en ander vorms van musiek wat nou in die kerke die botoon voer. Die massas gaan tou staan om gedoop te word en gemerk te word as ware aanbidders van hierdie nuwe **"christus"**. Hulle sal vas glo dat hulle wag vir die koms van die ware Christus. Terwyl die Een Wêreld Kerk die valse **"christus"** aanbidding voor hou is die ware kerk weggesteek sover as wat dit moontlik kan. 'n Ware bekering tot Jesus Christus het die wêreld in 'n greep. Miljoene mense wat baie min van die geloof af weet sal besef dat dit wat gebeur het die ware wegraping van die kerk was. Hierdie groot massas sal private plekke vind waar hulle kan bid en die Bybel bestudeer.*

*Hulle sal mekaar help om te oorleef solank soos moontlik. Elke persoon wat sy lewe oorgee aan Christus sal sy eie doods vonnis teken. Dit sal plaasvind op 'n baie wrede manier. Die massas wat gedurende die groot verdrukking hulle lewens aan Christus gee sal gehaat word deur die liberale media, die Antichris en sy weermag van genadelose barbare en deur die Nuwe Wêreld Godsdiens se volgelinge. Die verdrukking van chrsitene sal wêreldwyd en brutaal wees. Menseregte sal nie bestaan nie. Daar sal geen nood nommer wees om te skakel nie. Die dood van hierdie bekeerlinge wat gewas is in die bloed van die Lam gaan so geweldadig wees soos nooit vantevore nie. In die oë van God is hierdie mense kampioene wat dapper hulle getuienis versprei waar hulle ookal gaan.*

***OPENBARING 6:9-11.***

***"En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie? En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees."***

*Die evangelie sal sekerlik gehoor word wêrelwyd gedurende die sewe jaar van verdrukking. Hierdie mense is dood gemaak vir hulle getuienis.* ***Hoe gevaarlik is jou getuienis?*** *Daar gaan gedurende hierdie tyd twee ongelooflike profete van God op aarde wees. Hulle gaan die woord van God verkondig en sal nie dood gemaak kan word voordat die tyd van hulle getuienis verby is nie. Hulle sal veskeie egte wonderwerke doen en selfs die hemel sluit dat daar geen reën sal wees nie. Hulle getuienis sal so effektief wees dat die* ***"Dier"*** *die leier van die Een Wêreld Godsdiens teen hulle sal oorlog voer. Na drie en 'n half jaar van bediening sal hulle gedood word en dit sal 'n wêreld opgewondenheid veroorsaak.*

***OPENBARING 11:3-13.***

***"En Ek sal aan my twee getuies gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend twee honderd en sestig dae lank sal profeteer. Hulle is die twee olyfbome en die twee kandelaars wat voor die God van die aarde staan. En as iemand hulle wil beskadig, gaan daar vuur uit hulle mond en verslind hulle vyande; en as iemand hulle wil beskadig, moet hy op dieselfde manier gedood word. Hulle het mag om die hemel te sluit, sodat daar in die dae van hulle profesie geen reën val nie; en hulle het mag oor die waters, om dit in bloed te verander en om die aarde te tref met allerhande plae so dikwels as hulle wil.***

***En wanneer hulle hul getuienis voleindig het, sal die dier wat uit die afgrond opkom, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak; en hulle lyke sal lê op die straat van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is. En mense uit die volke en stamme en tale en nasies sal hulle lyke drie en 'n halwe dag lank sien en nie toelaat dat hulle lyke in die graf gelê word nie. Die bewoners van die aarde sal bly en verheug wees oor hulle en sal vir mekaar geskenke stuur, omdat dié twee profete die bewoners van die aarde gepynig het. En ná die drie en 'n halwe dag het 'n gees van die lewe uit God in hulle ingegaan, en hulle het op hul voete gaan staan, en 'n groot vrees het geval op die wat hulle aanskou het. En hulle het 'n groot stem uit die hemel vir hulle hoor sê: Kom op hierheen! En hulle het opgevaar na die hemel in die wolk, en hul vyande het hulle aanskou. En in dié uur het daar 'n groot aardbewing gekom, en 'n tiende van die stad het geval, en sewe duisend mense het in die aardbewing omgekom, en die ander het bevrees geword en aan die God van die hemel heerlikheid toegebring."***

*Selfs Engele sal deur die hemele vlieg en die ewigdurende evangelie verkondig. Geen een wat die merk van die dier neem en die duiwel aanbid, die Antichris en die Dier sal 'n verskoning hê nie.*

Die heerlikheid van God teenoor die onheilige natuur van Satan en sy verleide volgelinge sal duidelik wees vir die wêreld om te sien. Die Gees van profesie wat die profeet Daniel gebruik het, het aan ons ongelooflike informasie gegee oor die sewe jaar van verdrukking wat gaan plaas vind. Die laaste hoofstuk van sy boek praat van die wegraping en die opstanding van die regverdige asook die opstanding van die goddelose.

<u>DANIEL 12:1-13.</u>

**"En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan. En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik. En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos. En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder. En ek, Daniël, het gesien, en kyk daar het twee ander gestaan, die een duskant op die wal van die rivier en die ander oorkant op die wal van die rivier.**

***En een het aan die man, met linne bekleed, wat bo-oor die water van die rivier was, gesê: Hoe lank sal die einde van die wonderbaarlike dinge uitbly? Toe hoor ek die man, met linne bekleed, wat bo-oor die water van die rivier was, en hy het sy regterhand en sy linkerhand na die hemel opgehef en gesweer by die Ewig-Lewende: 'n Tyd, tye en 'n halwe tyd, en as hulle die mag van die heilige volk geheel verstrooi het, sal al hierdie dinge vervul word. En ek het dit gehoor, maar nie verstaan nie; daarom het ek gesê: My heer, wat is die uiteinde van hierdie dinge? En hy het gesê: Gaan heen, Daniël, want die woorde bly verborge en verseël tot die tyd van die einde toe. Baie sal gereinig en gesuiwer en gelouter word, maar die goddelose sal goddeloos handel; en geeneen van die goddelose mense sal verstaan nie, maar die verstandiges sal verstaan. En van die tyd af dat die voortdurende offer afgeskaf en die ontsettende gruwel opgerig word, sal duisend twee honderd en negentig dae verloop. Welgeluksalig is hy wat bly verwag en duisend drie honderd vyf en dertig dae bereik. En jy, gaan heen na die einde; en jy sal rus en weer opstaan tot jou bestemming aan die einde van die dae."***

*Hy beskryf die eerste drie en half jaar en plaas die **"ontsettende gruwel"** in die middel van die week. Daarna beskryf hy die laaste drie en 'n half jaar. Dit is 'n besondere beskrywing. Saam met die **"ontsettende gruwel"** in die middel van die week beskryf hy ook 'n herlewing van die regverdiges. Saam met dit praat hy ook van die goddelose wat tenspyte van oordele en die onderstroming vann 'n ware herlewing steeds alhoemeer goddeloos word. Hulle sal goddeloos bly en alhoemeer goddeloos word tot op 'n vlak wat nog nooit voorheen ondervind was nie. 'n Goddeloose mens kan 'n diep duiwel word sonder God. Dit is alreeds besig om te gebeur en sal 'n hoogtepunt bereik in die verdrukking. Heel aan die begin van die sewe jaar openbaar die sesde seël iets van die mens se reaksie teenoor die oordele van God.*

***<u>OPENBARING 6:14-17.</u>***

***"en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?"***

*Daar is geen getuienis van bekering nie, terwyl hulle bewus was van wie af hierdie oordeel gekom het. Teen die tyd van die sesde seël was die harte van die mens alreeds arrogant en hardkoppig.*

***<u>OPENBARING 9:20-21.</u>***

***"En die orige mense wat deur hierdie plae nie gedood is nie, het hulle nie bekeer van die werke van hul hande, om die duiwels te aanbid, of die afgode van goud en silwer en koper en klip en hout wat nie kan sien of hoor of loop nie. En hulle het hul nie bekeer van hul moorde en hul towerye en hul hoerery en hul diefstalle nie."***

*In die gesig van oordele wat hulle nie durf ontken nie, sal die goddelose se boosheid net groter en groter word. Teen die tyd van die twee getuienisse was die harte van die mens al onkeerbaar boos. So erg dat toe die twee getuies doodgemaak was het die mens vir mekaar geskenke gestuur en fees gevier oor die dood van die twee. Soos wat die einde van die verdrukking nader is die koms van Christus op hande waar Hy op 'n spierwit perd sal terugkom aarde toe en Sy voete sal plaas op die Olyfberg met Sy Heiliges by Hom.*

**OPENBARING 19:17-18.**

***"En ek het een engel sien staan in die son; en hy het met 'n groot stem uitgeroep en vir al die voëls gesê wat in die middel van die lug vlieg: Kom hierheen en versamel julle tot die maaltyd van die grote God, dat julle kan eet die vlees van konings en die vlees van owerstes oor duisend en die vlees van sterkes en die vlees van perde en van die wat daarop sit, en die vlees van almal, vrymense sowel as slawe, klein sowel as groot."***

---

BRONNE

1. E SWORD.

2. TESTIMONY OF JESUS CHRIST

3. FINNIS DAKE.

4. THE WORD.

5. INTERNET.

6. SCOFIELD.

7.VERSKILLENDE BYBEL VERTALLINGS.

8. DIE INSPIRASIE VAN DIE HEILIGE GEES EN MY EIE BYBEL STUDIE.

THE POPULAR ENCYCLOPEDIA OF BIBLE PROFHECY BY TIM LAHAYE AND ED HINDSON